

## 12. APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE

### 12.1 EERSTE RAPPORT VAN DIE REGSDEPUTATE INSAKE APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE (Artt.8, 17)

A. Ds. RM van der Merwe stel die Eerste en Tweede Rapportte.

#### B. RAPPORT

##### 1. Opdrag

“Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ontvanklikheid van die Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat tot enige besluit geraak word” (1991:540:2).

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 2. Die Sinode neem kennis

2.1 *Die Deputate het die volgende **Appèlle** met gepaardgaande dokumentasie beoordeel*

2.1.1 Appèl HG Kruger 1 teen besluit van die Partikuliere Sinode OVS en Natal, November 2000.

2.1.2 Appèl HG Kruger 2 teen besluit van die Partikuliere Sinode OVS en Natal, November (waarskynlik 2001?).

2.1.3 Appèl HG Kruger 3 teen besluit van die Partikuliere Sinode Noordwes, November 2002.

2.1.4 Appèl WR Dijkstra e.a. teen besluit van die Partikuliere Sinode Noordwes, November 2001.

2.1.5 MJ Kruger en ASM van Jaarsveld teen besluite van die Partikuliere Appèl Sinode Oos-Tranvaal, November 2001.

2.1.6 Appèl Gereformeerde Kerk Duineveld e.a. teen besluit van die Partikuliere Sinode Bosveld, 19 November 2002.

2.1.7 Appèl Orania lidmate teen besluit van die Partikuliere Sinode Noordwes, 20 November 2002.

2.2 *Die Deputate het die volgende **Beswaarskrifte** met gepaardgaande dokumentasie beoordeel*

2.2.1 Beswaarskrif MN Hermann teen Sinodebesluite (1994, 1997) oor die vergoedingspakket van predikante.

2.2.2 Beswaarskrif MN Hermann teen Sinodebesluite (1997) oor versorging vanweë mediese ongeskiktheid.

2.2.3 Beswaarskrif MN Hermann teen Sinodebesluite (1997) oor bydraes tot Pensioenfonds.

2.2.4 Beswaarskrif HLJ Momberg en DJ Malan teen Sinodebesluite (2000) oor raming vir die Emeritaatsversorgingstrust, aannames van Aktuaris en berekening van die Deputate dalende lidmate.

2.2.5 Beswaarskrif HLJ Momberg en DJ Malan teen Sinodebesluite (1997) oor Mediese skema aangeleenthede.

2.2.6 Beswaarskrif HLJ Momberg en DJ Malan teen Sinodebesluite (2000) oor Mediese skema aangeleenthede.

- 2.2.7 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 1 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapportre Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 2.2.8 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 2 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapportre Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 2.2.9 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 3 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapportre Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 2.2.10 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 4 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapportre Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 2.2.11 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 5 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapportre Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 2.2.12 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 6 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapportre Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 2.2.13 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 7 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapportre Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 2.2.14 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk George teen artikel 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (erfsonde en doop).
- 2.2.15 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk George teen Artikel 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (geloof en wedergeboorte).
- 2.2.16 Beswaarskrif Klassis Johannesburg teen die bewoording van Kerkorde artikel 69 oor die kerklied.
- 2.2.17 Beswaarskrif HJJ Kruger en SC Vorster teen Sinodebesluit (2000) oor Nagmaalviering.
- 2.2.18 Beswaarskrif CFC Coetzee, J Visser en LF Schulze teen Sinodebesluit (2000) oor Nagmaalviering.
- 2.2.19 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Steynsburg teen Sinodebesluit (2000) oor Nagmaalsviering.
- 2.2.20 Beswaarskrif WC Vergeer en F Janse van Rensburg teen Sinodebesluite (1988) oor die vrou in die besondere ampte.
- 2.2.21 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria teen Sinodebesluite (2000) oor spreekbeurte in die Sinode.
- 2.2.22 Beswaarskrif GL Erasmus, JC Erasmus en EFJ Snyman teen Sinodebesluite (1970; 1985; 1991) oor die NAV vir kerklike gebruik.
- 2.2.23 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Noordrand teen Kerkorde artikel 69 oor die kerklied.
- 2.2.24 Beswaarskrif DE Serfontein, CJS Wolmarans en BCW van der Waal teen Sinodebesluit (1910) oor bidure.
- 2.2.25 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Hermanus teen Sinodebesluit (1961) oor die uitspraak van die seën deur ouderlinge.
- 2.2.26 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Pretoria teen Sinodebesluit (1964) oor die wysiging van Kerkorde artikel 57.
- 2.2.27 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Die Kandelaar teen Sinodebesluite (1991) oor die Messiaanse verkondiging van die Ou Testament.
- 2.3 ***Moontlike betrokkenheid van Deputate by besluite waarteen geappelleer word***
- 2.3.1 Ds. PA Coetzee het voorsitterstoel aan dr. CJ Smit oorgegee met die behandeling en besluitneming van Appelle genoem onder 2.1.1 en 2.1.2.
- 2.4 ***Die Deputate het ook die volgende adviesvraag behandel***
- 2.4.1 Adviesvraag Suidelike Partikuliere Sinode oor Beswaarskrif WFA Kirsten teen Suidelike Partikuliere Sinode besluite (1996) oor Kerkorde, artikels 12 en 13.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3. Die Sinode oorweeg

- 3.1 Vir die beoordeling van die ontvanklikheid van die **Appèlle** is die prosedure gevolg soos deur die Sinode van 1939:144-145 besluit (vgl Kerkordeboekie 1998:45-46) asook die vereistes wat Kerkorde, artikel 46 stel vir behandeling deur 'n meerdere vergadering:
- 3.1.1 kennisgewing van Appèl binne die ses weke tydperk;
  - 3.1.2 besluite waarteen geappelleer word korrek weergegee;
  - 3.1.3 Appèlgronde duidelik in eie woorde gegee en
  - 3.1.4 Kerkorde, artikel 46 in ag geneem.
- 3.2 *Vir die ontvanklikheid van **Beswaarskrifte** is die volgende vereistes in ag geneem*
- 3.2.1 moet teen 'n bestaande Sinodebesluit wees en korrek weergegee wees;
  - 3.2.2 duidelike beswaargronde moet in eie woorde gestel wees en
  - 3.2.3 Kerkorde, artikel 46 moet in ag geneem wees.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 4. Die Sinode besluit

#### 4.1 Aanbevelings oor Appèlle

- 4.1.1 Die volgende Appèlle is ontvanklik
- 4.1.1.1 Appèl HG Kruger 1 teen besluit van die Partikuliere Sinode OVS en Natal, November 2000.
  - 4.1.1.2 Appèl WR Dijkstra teen besluite van die Partikuliere Sinode Noordwes, 20 en 21 November 2001.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 4.1.2 Die volgende appèlle is nie ontvanklik nie

- 4.1.2.1 Appèl HG Kruger 2 teen besluit van die Partikuliere Sinode OVS en Natal, November (waarskynlik 2001?)

- Motivering: a Die formele vereiste deur die spesifieke besluit waarteen Appèl gerig is, te vermeld, is nie nagekom nie. Die datum van die vergadering wat die besluit geneem het, word ook nie vermeld nie. Die Deputate vermoed dat dit 'n besluit van die Partikuliere Sinode OVS en Natal, November 2001 is. Dit blyk dat die Appellant genoegsaam tyd gehad het om die offisiële redaksie van die besluit te bekom en weer te gee.
- b U Deputate het die Handeling bekome waarin die Partikuliere Sinode besluite oor ses Appèlgronde geneem het. Indien die Appèl teen die besluit van 2001 is, is dit eweneens nie duidelik watter aspekte van watter besluite bestry word nie.
  - c Dit blyk dat gronde in sommige gevalle terugverwys na Kerkraadsbesluite (voor 2001) wat intussen herroep is (Notule Klassis Natal, 03 September 2002, 5; vergelyk ook die Gereformeerde Kerk Durban-Noord se besluit op 15 Augustus 2002 waar alle vorige besluite herroep word – sien br. Kruger se eerste Appèl, 5)
  - d U Deputate oordeel dat die saak deur 'n mindere vergadering afgehandel is (Kerkorde, artikel 30)

**Besluit:** Terugverwys na die Kommissie.

4.1.2.2 Appèl HG Kruger 3 teen besluit van die Partikuliere Sinode Noordwes, November 2002.

- Motivering: a Die Appellant beweer dat die Partikuliere Sinode nie besluite geneem het nie en dat die reg daardeur gekrenk is. Die reg kan gekrenk word indien 'n vergadering nie besluite neem oor sake wat op sy tafel tuishoort nie (vergelyk Kerkorde, artikel 30).
- b Die Deputate het die Acta van die Partikuliere Sinode bekom en gekontroleer. Dit blyk dat die Partikuliere Sinode (kragtens sy bevoegdheid) duidelike besluite oor die onderhawige saak geneem het.

**Besluit:** Terugverwys na die Kommissie.

4.1.3 Die volgende Appèlle word na die Tweede Rapport van die Deputate verwys weens onvoldoende stukke en Bylaes

4.1.3.1 MJ Kruger en ASM van Jaarsveld teen besluite van die Partikuliere Appèl Sinode Oos-Tranvaal, November 2001.

- Motivering: a Die offisiële redaksie van die besluit is nie beskikbaar nie
- b Bylaes waarna verwys word, was nie beskikbaar nie

4.1.3.2 Appèl Gereformeerde Kerk Duineveld e.a. teen besluit van die Partikuliere Sinode Bosveld, 19 November 2002.

- Motivering: a Ontvang slegs kennisgewing van Appèl
- b Appèl en Bylaes nie beskikbaar

4.1.3.3 Appèl Orania lidmate teen besluit van die Partikuliere Sinode Noordwes, 20 November 2002.

- Motivering: a Bylaes waarna verwys word, was nie beskikbaar nie

**Besluit:** Terugverwys na die Kommissie.

## **4.2 Beswaarskrifte**

### **4.2.1 Die volgende Beswaarskrifte is ontvanklik**

- 4.2.1.1 Beswaarskrif MN Hermann 1 teen Sinodebesluite (1994, 1997) oor die vergoedingspakket van predikante.
- 4.2.1.2 Beswaarskrif MN Hermann 2 teen Sinodebesluite (1997) oor versorging vanwee mediese ongeskiktheid.
- 4.2.1.3 Beswaarskrif MN Hermann 3 teen Sinodebesluite (1997) oor bydraes tot Pensioenfonds.
- 4.2.1.4 Beswaarskrif HLJ Momberg en DJ Malan teen Sinodebesluite (2000) oor raming vir die Emeritaatsversorgingstrust, aannames van Aktuaris en berekening van die Deputate dalende lidmate.
- 4.2.1.5 Beswaarskrif HLJ Momberg en DJ Malan teen Sinodebesluite (1997) oor Mediese skema aangeleenthede.
- 4.2.1.6 Beswaarskrif HLJ Momberg en DJ Malan teen Sinodebesluite (2000) oor Mediese skema aangeleenthede.
- 4.2.1.7 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 1 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 4.2.1.8 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 2 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 4.2.1.9 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 3 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.

- 4.2.1.10 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 4 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 4.2.1.11 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 5 teen Sinodebesluite(1997) oor Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 4.2.1.12 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 6 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 4.2.1.13 Beswaarskrif DJ Malan en HJP de Beer 7 teen Sinodebesluite (1997) oor Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds.
- 4.2.1.14 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk George teen artikel 15 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (erfsonde en doop).
- 4.2.1.15 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk George teen Artikel 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (geloof en wedergeboorte).
- 4.2.1.16 HBeswaarskrif Klassis Johannesburg teen die bewoording van Kerkorde artikel 69 oor die kerklied.
- 4.2.1.17 Beswaarskrif HJJ Kruger en SC Vorster teen Sinodebesluit (2000) oor Nagmaalviering.
- 4.2.1.18 Beswaarskrif CFC Coetzee, J Visser en LF Schulze teen Sinodebesluit (2000) oor Nagmaalviering.
- 4.2.1.19 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Steynsburg teen Sinodebesluit (2000) oor Nagmaalsviering.
- 4.2.1.20 Beswaarskrif WC Vergeer en F Janse van Rensburg teen Sinodebesluite (1988) oor die vrou in die besondere ampte.
- 4.2.1.21 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria teen Sinodebesluite (2000) oor spreekbeurte in die Sinode.
- 4.2.1.22 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Noordrand teen Kerkorde artikel 69 oor die kerklied.
- 4.2.1.23 Beswaarskrif DE Serfontein, CJS Wolmarans en BCW van der Waal teen Sinodebesluit (1910) oor bidure.
- 4.2.1.24 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Hermanus teen Sinodebesluit (1961) oor die uitspraak van die seën deur ouderlinge.
- 4.2.1.25 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Pretoria teen Sinodebesluit (1964) oor die wysiging van Kerkorde artikel 57.
- 4.2.1.26 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Die Kandelaar teen Sinodebesluite (1991) oor die Messiaanse verkondiging van die Ou Testament.

**Besluit:** Goedgekeur. Vir behandeling word dié wat met die Beskrywingspunte ooreenstem na die Ordekommissie verwys.

- 4.2.2 Beswaarskrif GL Erasmus, JC Erasmus en EFJ Snyman teen Sinodebesluite (1970; 1985; 1991) oor die NAV vir kerklike gebruik

Aanbeveling: Dat die beswaardes geleentheid vergun word om (moontlik saam met die Teologiese Skool professore wat ontmoet is – vergelyk Acta 2000:183, art.13.4) die Regsdeputate te ontmoet en aan te toon watter gewigtige nuwe gronde (Kerkorde, artikel 46) hersiening van die Sinodebesluite noodsaak.

Motivering:

- a Dit blyk dat die essensie van die saak wat die Beswaarskrif aan die orde stel, reeds op verskeie Sinodes gedien het (sien o.a. 1988: Beswaar van Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, 13.4: p183)
- b Op Sinode 2000 het twee van die beswaardes ook 'n Beswaarskrif oor min of meer dieselfde saak ingedien,

maar het na gesprek dit teruggetrek. Die opstellers is na die Teologiese Skool verwys oor die inhoud van die Beswaar. Of so 'n gesprek plaasgevind het, is onduidelik. Acta 2000:183, art.13.4:

“Besluit:

1. Kennis geneem dat br. G Erasmus, na oorlegpleging en gesprek met die Kommissie besluit het om die Beswaarskrif terug te trek.

Motivering: Die broeder meen dat hierdie omvangryke en belangrike saak só die beste gedien kan word.

2. U Kommissie verwys br. Erasmus na die Teologiese Skool Potchefstroom vir verdere gesprekvoering met kundiges oor die hele saak van sy Beswaarskrif, in besonder oor die verskillende vertaalmetodes en die grondteks van die Bybel.

- c Visser (1999:204) verduidelik in *Die Kerkorde in praktyk* dat die onus op die beswaardes rus om aan te toon en te bewys dat daar gewigtige nuwe gronde bestaan waarom hersiening van 'n bepaalde besluit noodsaaklik is.

**Besluit:** Die Beswaarskrif word onontvanklik verklaar.

4.2.3 Adviesvraag Suidelike Partikuliere Sinode oor Beswaarskrif WFA Kirsten teen Suidelike Partikuliere Sinode besluite (1996) oor Kerkorde, artikels 12 en 13.

Dat die adviesvraag word in die Agenda van die Sinode opgeneem.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **TWEDE RAPPORT VAN DIE REGSDEPUTATE INSAKE APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE**

### **1. Opdrag en prosedures by beoordeling**

Sien Eerste Rapport, 1 en 3

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Die Sinode neem kennis**

2.1 *Die Deputate het die volgende Appèlle met gepaardgaande dokumentasie beoordeel*

2.1.1 Gewysigde Appèl van HG Kruger 2 teen besluit van Part. Sinode OVS en Natal, November 2002

2.1.2 Gewysigde Appèl van HG Kruger 3 teen besluit van Part. Sinode Noordwes, November 2002

2.1.3 Appèl MJ Kruger teen besluite van Oostelike Part. Sinode, November 2000 en November 2001

2.1.4 Appèl BL Smit teen besluite van die Oostelike Part. Sinode, November 2001

2.1.5 Appèl WR Dijkstra e.a. teen 'n besluit van die Part. Sinode Noordwes, November 2002

2.1.6 Appèl Geref. Kerk Duineveld, Kathu, Kimberley en Kuruman teen die besluit van Part. Sinode Bosveld, November 2002

2.1.7 Appèl F. Kruger teen 'n besluit van Part. Sinode Pretoria, November 2002

**Besluit:** Kennis geneem.

2.2 Die Deputate het die volgende Beswaarskrifte met gepaardgaande dokumentasie beoordeel:

2.2.1 Beswaarskrif van Part. Sinode Pretoria insake Kerkorde, artikel 46 teen die besluit van Nasionale Sinode 2000:400

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3. Die Sinode besluit

#### 3.1 *Aanbevelings oor Appèlle*

3.1.1 Die volgende Appèlle is ontvanklik:

3.1.1.1 Gewysigde Appèl van HG Kruger 3 teen besluit van Part. Sinode Noordwes, November 2002

3.1.1.2 Appèl MJ Kruger teen besluite van Oostelike Part. Sinode, November 2000 en November 2001

3.1.1.3 Appèl WR Dijkstra e.a. teen 'n besluit van die Part. Sinode Noordwes, November 2002

3.1.1.4 Appèl Geref. Kerk Duineveld, Kathu, Kimberley en Kuruman teen die besluit van Part. Sinode Bosveld, November 2002

3.1.1.5 Appèl F. Kruger teen 'n besluit van Part. Sinode Pretoria, November 2002

**Besluit:** Goedgekeur.

3.1.2 Die volgende Appèlle is nie ontvanklik nie:

3.1.2.2 Gewysigde Appèl van HG Kruger 2 (AA6.1.2) teen besluit van Part. Sinode OVS en Natal, November 2002

**Besluit:** Die aanbeveling van die Kommissie word nie goedgekeur nie. Die Appèl word ontvanklik verklaar.

Motivering a Dit blyk dat gronde in sommige gevalle terugverwys na Kerkraadsbesluite (voor 2001) wat intussen herroep is (Notule Klassis Natal, 03 September 2002, 5; vergelyk ook die Gereformeerde Kerk Durban-Noord se besluit op 15 Augustus 2002 waar alle vorige besluite herroep word – sien br. Kruger se Eerste Appèl, 5)

b U Deputate oordeel dat die saak deur 'n mindere vergadering afgehandel is (Kerkorde, artikel 30))

3.2.1.2 Appèl BL Smit teen besluite van die Oostelike Part. Sinode, November 2001

Motivering: a. Die besluite word nie verbatim aangehaal nie, hy haal wel verskillende stukke aan

b. Appèlgronde is nie duidelik omskryf en beredeneer nie.

c. Die Appèl gaan oor 'n besluit van 2001. Daar word nêrens aangedui dat die Appellant betyds kennis gegee het aan die betrokke Part. Sinode en Nasionale Sinode nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 3.2 *Aanbevelings oor beswaar*

Die volgende beswaar is ontvanklik:

3.2.1.1 Beswaarskrif van Part. Sinode Pretoria insake Kerkorde, artikel 46 teen die besluit van Nasionale Sinode 2000:400

**Besluit:** Goedgekeur.

## 12.2 Appèlskrifte

### 12.2.1 APPÈL 1 – HG KRUGER TEEN 'N STILLE UITSPRAAK VAN KLASSIS NATAL, SEPTEMBER 2000 (Artt.8, 31, 119)

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

- A. Die Voorsitter oorhandig die stoel aan die Ondervoorsitter.
- B. Br. HG Kruger stel die Appèl.
- C. Ds. CA Jansen lewer toeligtig namens Partikuliere Sinode OVS en Natal.
- D. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 1.
- E. Die Voorsitter oorhandig die stoel aan die Ondervoorsitter.
- F. Ds. CB Swanepoel rapporteer namens Appèlkommissie 1.
- G. Die Toeligter en Appellant lewer repliek.

#### H. APPÈL

##### Aanloop

- 1. Kennis van getuienis op Sinode 03 is gegee op 16 Des 00 (**Bylae 1**).
- 2. My Appèl op Part. Sinode Nov 00 is aangeheg (**Bylae 2**).
- 3. Part. Sinode OVS/Natal Nov 00 verklaar die Appèl “onontvanklik” (**Bylae 3**).
- 4. Die Appèl volg op ‘n versoek aan Klassis Natal Sept 00 wat hulle nie beantwoord nie (**Bylae 4, §7.1-7.1.4**). Die versoek het behels dat die Klassis die Kerkraad adviseer hoe om die nietigverklaring van hulle besluit te bestuur, nadat my Appèl op die Klassis Sept 00 geslaag het.
- 5. Ek wil u graag daarop wys dat bogenoemde versoek relevant blyk te wees omdat die Kerkraad moontlik a.g.v. onkunde voortgegaan het met regskenking tot en met 15 Aug 02 waarna hulle die volgende besluit het: “Die Kerkraad het ook alle besluite herroep wat met die groet verband hou in besonder die Kommissierapport waarin die Kerkraad probeer het om aan die groet voor die diens ‘n Skriftuurlike en liturgiese inhoud te gegee.” (**Bylae 5**).
- 6. Ek wil u voorts daarop wys dat die spesifieke saak baie onrus in die gemeente veroorsaak het (vgl my Appèl 2 op Sinode 03) en dat ‘n aantal lidmate selfs die kerk bedank het. Dit kon vermy gewees het indien die Klassis my versoek beantwoord het. **Uitspraak waarteen geappelleer word: “19.3 Appèl 3: Hierdie is nie ‘n Appèl nie aangesien daar nie ‘n definitiewe besluit is waarteen geappelleer word nie. Besluit: Goedgekeur.” (Bylae 3, art.19.3)**

##### Gronde van Appèl

- 7. Die Klassis Natal Sept 00 krenk reg onder artt.30, 31 KO en die beginsel van art.44 KO deur ‘n skrywe (Appèl) met ‘n beroep (versoek) op die Klassis nie te beantwoord nie. Die Appèl gaan juis teen die gebrek aan ‘n besluit of ‘n stille uitspraak wat geïmpliseer word deurdat die Klassis versuim om ‘n skrywe wat ter tafel is te beantwoord.

##### Motivering

- (a) My skrywe het as deel van my Appèl op die Klassis gedien (vgl **Bylae 4, §7.1-7.1.4**). Selfs heidense organisasies beantwoord normaalweg briewe aan die organisasie. Volgens dieselfde beginsel as in 1 Pet 3:15,16 behoort kerklike



- vergaderings des te meer rekenskap te gee as daar by wyse van 'n skrywe 'n beroep op die vergadering gedoen word. (Ek wys u daarop dat die beginsel van 1 Pet 3:15,16 deur Part. Sinode Wes Transvaal Nov 1975 - Appèl Ds. ZC Grobler, gebruik is waar soortgelyke beginsels ter sprake was.)
- (b) Vgl J. Visser, Die Kerkorde in Praktyk, 1999, EFJS Drukkers, Orkney, p145/6 waar sodanige versoek bespreek word onder art.31 KO. Dr Visser wys dat weiering onnodig formalisties sou wees en dat meerdere vergaderings moet verduidelik wat praktiese konsekwensies van 'n geslaagde Appèl is, veral waar die Appèl nie op alle gronde slaag nie.
- (c) Myns insiens sou dienaars van Christus wat 'n broederlike versoek om die stigting in 'n gemeente te bevorder, ignoreer, reg krenk in lig van die beginsel in art.44 KO dat dienaars die stigting van die gemeente met raad en daad behoort te bevorder.
8. Part. Sinode OVS/Natal Nov 00 verklaar (**Bylae 3**) my Appèl (**Bylae 2**) onontvanklik en krenk reg omdat hulle die sinodale advies (Sinode 1939 – prosedure by Appèl) as 'n kerkwet vertolk, en impliseer dat dit slegs moontlik sou wees om reg te krenk d.m.v. 'n skriftelike besluit. Regspraak van Christus word deur sinodale advies oor 'n prosedure kragteloos gemaak omdat waar daar duidelike regs krenking deur 'n vergadering d.m.v. 'n stille uitspraak gepleeg is, sodanige beroep op die Part. Sinode onontvanklik verklaar is.

### **Motivering**

- (a) Die absolute hantering van 'n blote prosedure-reël om 'n Appèl buite verhoor te plaas, word deur beide Spoelstra (Kerkregboek 1989) en Visser (Kerkregboek 1999) bespreek onder art.31 KO en afgewys omdat dit teen die gees van die Kerkorde gaan. Beide Spoelstra en Visser gaan uit van die beginsel dat 'n hoër reg van billikheid en erns met die eer van God in sy kerk diskresie vereis, 'n reg wat Part. Sinode OVS/Natal in die onontvanklikheid van my Appèl ernstig gekrenk het.
- (b) Ek graag van die Sinode wou weet of 'n kerklike vergadering reg mag krenk deur 'n "stille uitspraak", en dan onaantasbaar is omdat 'n sinodale prosedure (van Appèl – Sinode 1939) as 'n kerkwet vertolk word. Myns insiens (vgl Sinode Acta 1976:222, art.77) sou dit regs krenking impliseer omdat dit neerkom op 'n letterknegtelike eerbiediging van 'n prosedurereël waar geregtigheid aan starre formalisme opgeoffer word. Indien regspraak deur sodanige prosedures gedwarsboom word kan u myns insiens net so wel 1 Kon 3:16-28 uit die Bybel skrap.

## **G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Oorweeg die Appèl van br. HG Kruger teen genoemde besluit en adviseer die Sinode of regs krenking plaasgevind het deur 'n sogenaamde stille besluit van Part. Sinode OVS en Natal van November 2000.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Sake waarvan kennis geneem kan word**

- 2.1 U Kommissie het die Appellant, br. HG Kruger, asook die verweerder, ds. CA Jansen ontmoet en ruim geleentheid gebied vir vrae en bespreking.
- 2.2 Die notules en tersaaklike stukke is volledig bestudeer. Ook die korrespondensie tussen die partye is nagegaan.

- 2.3 Die Appèl se tegniese samestelling en keuse van woorde is nie deurgaans kerkregtelik korrek nie. Tog adviseer u Kommissie dat die beoordeling van die saak voortgaan ter wille van billikheid.
- 2.4 Die saak se historiese aanloop begin in September 1998 nadat die Kerkraad van Durban-Noord 'n besluit geneem het wat die optrede van die predikant verdedig, wat die gemeente voor die erediens wil groet (Kerkraad Notule, 27 September 1998).
- 2.5 Die saak se verloop lei uiteindelik tot 'n Appèl wat dien op die Part. Sinode OVS en Natal van November 2000 (Part. Sinode Notule, p.28).

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3. Bevindings

- 3.1 Die Appellant appelleer teen 'n besluit wat oordeel dat 'n dokument wat hy ingedien het, as 'n Appèl nie ontvanklik is nie (Part. Sinode Notule, p.74).
- 3.2 In bogenoemde dokument beweer die Appellant dat hy meen sy reg gekrenk is deur die Klassis Natal deurdát die Klassis nie 'n versoek van hom wou behandel of beantwoord nie (Appèlgrond 1).
- 3.3 U Kommissie het egter bevind dat die Klassis Natal wel die Appellant se saak hanteer het en dat die Korresponderende Kerkraad van die Klassis ook met die Appellant in korrespondensie was oor die saak.
- 3.4 In die korrespondensie word die Appellant daarop gewys dat die Klassis wel die Kerkraad van Durban-Noord in kennis gestel het dat die Kerkraad weer na die Appellant se Beswaarskrif moet kyk, aangesien die Appellant se Appèl teen die Kerkraad se besluit hieroor reeds geslaag het.
- 3.5 Die Appellant was egter steeds van mening dat die Klassis nie sy saak behandel het nie. Dit, ten spyte van die feit dat die Klassis hom gelyk gegee het in sy Appèl oor die saak en ook die Kerkraad skriftelik daarop gewys het dat hulle die saak weer ter tafel moet neem en heroorweeg.
- 3.6 Die Appellant beweer verder dat sy reg gekrenk is deur die uitspraak van die Part. Sinode wat sy versoek nie as 'n Appèl wou ontvang nie, omdat die Part. Sinode volgens sy mening die Sinode besluit van 1939 (prosedure by Appèl) as 'n kerkwet vertolk en aangewend het (Appèlgrond 2).
- 3.7 Die Appellant bly egter in gebreke om te bewys dat die Part. Sinode dit inderdaad gedoen het. Daar was geen besluit wat die Part. Sinode kon vind wat enige reg van die Appellant gekrenk het nie. Die Klassis het ook nie versuim om 'n besluit te maak nie en daar is geen sprake van 'n sogenaamde stille besluit nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 4. Aanbevelings

- 4.1 Ten opsigte van Appèlgrond 1  
Die Appèl slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

- 4.2 Ten opsigte van Appèlgrond 2  
Die Appèl slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

- 4.3 Die Appèl slaag in sy geheel nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 12.2.2 APPÈL 2 – HG KRUGER TEEN 'N ONSKRIFTUURLIKE SIENING OOR DIE SEKULÊRE GROETERY DEUR 'N PREDIKANT VOOR DIE VOTUM (Artt.8, 17, 34, 180)

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

- A. Br. HG Kruger stel die Appèl. Hy stel die vraag of die hele Sinode alle stukke en Bylaes ontvang het. Die professor in Kerkreg, prof. A le R du Plooy, verduidelik die prosedure ten opsigte van stukke ter insae aan die hand van Sinodebesluite.
- B. Ds. CA Jansen lewer toeligtig namens Partikuliere Sinode OVS en Natal.
- C. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 1.
- D. Ds. CB Swanepoel rapporteer namens Appèlkommissie 1.
- E. Die Toeligter en Appellant lewer repliek.

### F. APPÈL

#### Aanloop

1. Kennis van getuienis op Sinode 03 is gegee in Des 01 (**Bylae 1**).
2. My Appèl op Part. Sinode Nov 01 is aangeheg (**Bylae 2**).
3. Part. Sinode OVS/Natal Nov 01 verklaar dat die Appèl in geheel nie slaag nie (**Bylae 3**).
4. Die Kerkraad neem 'n onskriftuurlike besluit (Sept 98) oor 'n gegroetery deur die predikant voor die uitspraak van die votum (**Bylae 4 - Eerste besluit**).
5. Die besluit behels in wese dat die gegroetery die erediens 'n voller dimensie gee. Die begroning (**Bylae 5**, §2 en 4) van die besluit is op 18 Nov 98 deur die Kerkraad as korrek bevestig (**Bylae 6**). Die siening van die Kerkraad is onskriftuurlik (Vgl die 1<sup>e</sup> grond van hierdie Appèl).
6. In Mrt 99 rig ek 'n beswaar aan die Kerkraad (**Bylae 7**) waarop die Kerkraad hulle verweer (**Bylae 8**) handhaaf (Tweede besluit). In die verweer versterk die Kerkraad hulle begroning vir die besluit van Sept 98 en verklaar dat die groetery die erediens 'n voller dimensie van die liggaam van Christus laat verkry (**Bylae 8**, §7.2).
7. Klassis Sept 99 krenk reg deur my Appèl (**Bylae 9**) onregmatig onontvanklik te verklaar (vgl Part. Sinode Nov 99). Part. Sinode 99 verwys die Appèl terug na Klassis Sept 00.
8. My Appèl op Sinode 00 om die materie van die saak te beoordeel word verwerp en die Sinode handhaaf 'n geykte prosedure om die materie terug te verwys na 'n Klassis, asof Christus se hande tov regspraak deur prosedure/strukture gebind mag word.
9. My Appèl (**Bylae 9**) op Klassis Sept 00 teen die 2e besluit slaag slegs op grond daarvan dat die Kerkraad se siening dubbelsinnig is (**Bylae 10**, eerste grond). Oor die Kerkraad se siening (dat die groetery die erediens 'n voller dimensie van die liggaam van Christus laat verkry) bevind die Klassis: " Die geldigheid van hierdie stelling word nie sodanig beredeneer dat die Kommissie 'n grondige oordeel kan vel ten gunste van die Appellant nie." (**Bylae 10**, §2.2.1 - 2e grond).
10. Klassis 00 bewys my beswaar dat die Kerkraad se siening (**Bylae 9 - 2e grond**) onskriftuurlik is, nie verkeerd nie en verwerp nie die Beswaargrond nie (vgl

- Bylae 10**, §2.2.1 - 2e grond). Dit word as onvoldoende gemotiveer, dws 'n gebrek in die wyse waarop dit gestel was. Die grond kon met beter bewysvoering gehandhaaf gewees het.
11. Part. Sinode 00 verwerp ook nie my beroep op die onskriftuurlikheid van die besluit nie, maar weerhou hom van 'n uitspraak omdat 'n onduidelike uitspraak (tweede besluit – **Bylae 8**) van die Kerkraad Durban Noord formeel volgens art.30 KO by Durban Noord tuishoort (**Bylae 11**, §6.2b, 6.4.1, 6.4.5 en 8.1).
  12. Ek het kennis gegee van Appèl op Sinode 03 n.a.v. die Part. Sinode 00 besluit (**Bylae 11**). Aangesien Ig Appèl gaan oor die 1<sup>e</sup> Appèlgrond in hierdie Appèl, het ek besluit om my Appèl voortspruitend uit Part. Sinode 00 met hierdie Appèl (voortspruitend uit Part. Sinode 01) te kombineer.
  13. Vir die saak wat by Durban Noord tuishoort, vra die Kerkraad (**Bylae 12**, §8.2) in Julie 01 op my versoek (**Bylae 13**) om spesiale visitasie. Volgens art.44 KO behoort Visitatore raad te gee aan die Kerkraad en die klaer, waarop die Kerkraad 'n besluit moet neem om gevolg te gee aan Part. Sinode 00 se bevinding/advies (**Bylae 11**, §6.2b, 6.4.1, 6.4.5 en 8.1). Die saak moet voorts in Durban Noord afgehandel word behoudens die reg van die klaer onder art.31 KO.
  14. Ek was ten volle bereid om met die Kerkraad en Visitatore saam te werk (**Bylae 14**). Voordat ons 'n werkwyse kon bepaal om die probleme in Durban Noord op te los, beslis die Visitatore (Visitasierapport **Bylae 15**, §5.1, 6.1 en 6.2) dat die groetsagesaak op die Klassis se tafel tuishoort en dat die Klassis sogenaamd volgens Hand 15 leiding moet gee oor die Kerkraadsbesluit van Sept 98.
  15. Op Sondag 5 Aug 01 lees ds. PA Coetzee die Visitasierapport (**Bylae 15**) aan die gemeente voor. Daarvolgens word beweer (**Bylae 15**, §2.4 en 4.4) dat die klaer die kern van die probleem vorm. My siening oor die bewerings van die Visitatore is nooit gevra nie of hoegenaamd met my bespreek nie.
  16. Die saak het volgens getuienis van die Visitatore (**Bylae 15**, §2.1, 2.5, 2.6 en 4.1) tot groot spanning gelei en uiteindelik het verskeie lidmate die kerk bedank.
  17. Die Kerkraad erken op 15 Aug 02 (**Bylae 16**) uiteindelik dat hulle besluite van Sept 98 (**Bylae 4**) en begroning van Jul 99 (**Bylae 8**) verkeerd was: “Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Durban-Noord aanvaar die advies van die Visitatore soos gestel in paragraaf 5 van die verslag. Die Kerkraad het ook alle besluite herroep wat met die groet verband hou in besonder die Kommissierapport waarin die Kerkraad probeer het om aan die groet voor die diens 'n Skriftuurlike en liturgiese inhoud te gegee” (**Bylae 16**).
  18. Ek wys u daarop dat ek aan die Visitatore (Klassis) en Deputate OVS/Natal Part. Sinode 01 (**Bylae 3**, Pastorale hantering van die saak.) aangedui het dat ek ten spyte van die plaaslike “skikking” voortgaan met Appèl teen die regskenking deur Part. Sinode OVS/Natal in die hantering van die saak (vgl **Bylae 17** en **18**, §6.2).
  19. My motivering vir die besluit volg uit die feit dat die Part. Sinode wel op daardie stadium (Nov 01) reg gekrenk het en die regskenking is nooit herstel nie. Die beginsel ter sprake word duidelik beskryf in: Handleiding by die Kerkorde van die GKSA, LS Kruger et al, 1966:204, 7. Wanneer die Appèl hangende is. Hier geld die beginsel dat, vanaf die oomblik dat die Appèl aanhangig gemaak is, die saak onder behandeling (*sub judice*) van 'n meerdere vergadering is. Indien die Klassis (*meerdere vergadering* – GK) voor die oorspronklike Appèl te staan

kom, moet die Appèl as sodanig behandel word tot op die oomblik dat kennis van Appèl gegee is. **Latere handeling van die Kerkraad kan alleen as getuienis geld waarom die Appèl moet slaag en nie omgekeerd nie.** Die verweerder kan dus geen Appèl deur latere besluite verongeluk nie, omdat die betrokke Appèl kragtens artt.30 en 31 KO, in daardie stadium reeds by die Klassis (*meerdere vergadering – GK*) tuisgehoort het." Die handleiding skryf wel dat die Appellant 'n keuse sou kon uitoefen om die Appèl terug te trek indien die saak na sy mening bevredigend geskik is. Dit het myns insiens net gedeeltelik op plaaslike vlak gebeur (sien **Bylae 17** en **Bylae 18**, §6.2) en ek het alle plaaslike besware laat vaar.

**Besluit waarteen getuig (geappelleer) word:** "In geheel: die Appèl slaag nie." (Vgl art.33 na Appèlgrond 6 in **Bylae 3**)

### **Gronde van Appèl**

20. Die Kerkraad se oorspronklike besluit (Eerste besluit in Sept 98 - **Bylae 4-6**) behels dat 'n sekulêre groetery deur die predikant die erediens 'n voller dimensie gee. In die lig van HK vr/antw 62, art.24 NGB en Rom 11:36 is die siening onskriftuurlik.

#### Motivering

- (a) Let asb dat ek nie die 2e besluit van die Kerkraad (**Bylae 8**) hierbo aanhaal of verder betwis nie. Daar is geen onduidelikheid (dubbelsinnigheid tov middelmatigheid of amptelikheid) in die eerste besluit nie (**Bylae 4-6**). Daar behoort dus nie tegniese redes/verskonings te wees (soos in §9-11 hierbo) waarom Sinode 03 nie my Appèlgrond bo hoof te beantwoord nie.
  - (b) My beroep op regspraak (sedert Sept 99 onder art.31 KO) t.o.v. die onskriftuurlik van die Kerkraad se besluit is nog nooit deur enige meerdere vergadering beantwoord nie. Ek getuig dat die saak/materie reeds op die volgende meerdere vergaderings gedien waar dit weens 'n reeks "tegniese verskonings" nie beantwoord is nie: Klassis Natal 99, 00 en 01; Part. Sinode OVS/Natal 99, 00 en 01; Sinode 00.
  - (c) Die Kerkraad gee self op 15 Aug 02 toe (**Bylae 16**) dat hulle besluit verkeerd was en herroep die besluite (**Bylae 4 en 8**) ter sprake. Let wel, steeds sonder om my oorspronklike beswaar te beantwoord (vgl **Bylae 17**, §1 en §21(e) hierna).
21. 'n Belangrike grond/veronderstelling vir die afwys van my Appèl op Part. Sinode Nov 01 was dat "Aangesien Durban-Noord se motivering verander het, verval die argument ...." [**Bylae 3**, §4.3.1(a), 4.3.3 (b)]. Dit staan in teenstelling met my stelling (**Bylae 2**, §1, 3 en 4) dat Durban Noord nooit (voor Nov 01) voldoen het aan die uitspraak van Part. Sinode 00 (**Bylae 11**, §6.2b, 6.4.1, 6.4.5 en 8.1) om my beswaar opnuut (de novo) te beantwoord nie. Die Part. Sinode krenk reg omdat bg veronderstelling nie met skriftelike bewyse gestaaf kan word nie. Die waarheid is dat Kerkraad Durban Noord nooit [ingesluit 15 Aug 02 (**Bylae 16**)] my beswaar opnuut beantwoord het nie.

#### Motivering

- (a) Let asb daarop dat ek die feit dat die Kerkraad nooit direk my beswaar opnuut behandel het nie, vir hulle gewete gelaat het (Vgl **Bylae 17**, §1). Dit is wel so dat hulle besluit van 15 Aug 02 indirek 'n antwoord op my besware is, soos ek in die Appèl aanvoer.
- (b) Die veronderstelling van die Part. Sinode (dat die Kerkraad my beswaar opnuut sou behandel het) berus op mondelingse getuienis wat ds Human Coetsee en die konsulent ds Jan Du Preez tydens Part. Sinode 01 gelewer het. Daarvolgens

- sou die Kerkraad op 3 Jul 2001 voldoen het aan Part. Sinode 00 se uitspraak om my beswaar opnuut te behandel. Die notule van die Kerkraadsvergadering van 3 Jul 01 is aangeheg (**Bylae 12**).
- (c) Die prosedure vir behandeling van 'n beswaar is van prof Spoelstra verkry (**Bylae 19**). Daarvolgens behoort die beswaarde **gehoor** te word wanneer die Kerkraad die beswaar behandel. In geval waar die Kerkraad die saak na 'n kommissie verwys het, is dit logies en billik dat die beswaarde voldoende geleentheid gekry het om die Kommissierapport te bestudeer. Die beswaarde moet ingelig word van die Kerkraad se besluit oor sy beswaar. **GEEN** van die prosedures is nagekom by die sogenaamde "behandeling" van die beswaar nie (vgl **Bylae 12**).
- (d) Die Deputate korrespondensie van Part. Sinode OVS/Natal het op my versoek gereël dat Durban Noord se notuleboek met ouderling Aalwyn Malan beskikbaar sal wees tydens Sinode 03 (sien **Bylae 20**).
- (e) Ek versoek u Sinode om aan my in die Kerkraad se notuleboek uit te wys (i) waar die Kerkraad die Kommissierapport (**Bylae 12**, §9) ter antwoord op my beswaar goedgekeur het, (ii) waar die Kerkraad my beswaar volgens prosedures in **Bylae 19** beskryf behandel het, (iii) waar die Kerkraad my in kennis gestel het van hulle besluit i.s. my beswaar.
- (f) Dit is voorts onmoontlik dat die Kerkraad my beswaar tydens die vergadering van 3 Jul 01 sou behandel het omdat hulle juis op dieselfde vergadering besluit het (**Bylae 12**, §8.2) om te voldoen aan my versoek (**Bylae 13**) dat hulle hulp van die Visitatore moet verkry om hulle te help met die behandeling van my beswaar. Boonop het die vergadering in wanorde gestop (**Bylae 12**, §11) deurdat 'n aantal broeders uit die vergadering gestap het.
- (g) My versoek (**Bylae 13**) volg nadat die Kerkraad aan my 'n Kommissierapport"verweer" op 'n vergadering in Mei 01 verskaf het. Die "Kerkraad" se "verweer" het daartoe gelei dat ek 'n klag teen ds Human Coetsee gelê het omdat dit growwe verdraaiings van die waarheid bevat het. Die klag was tydens dieselfde vergadering ter tafel (**Bylae 12**, §5.3). Ek glo dat die Kerkraad in die lig hiervan toegestem het (**Bylae 12**, §8.2) dat hulle die Visitatore sal vra om hulle behulpsaam te wees met die behandeling van my beswaar.
22. Part. Sinode 01, Klassis 01 en Visitatore krenk reg onder art.31 KO omdat hulle nie die Part. Sinodebesluit van 00 (**Bylae 11**, §6.2b, 6.4.1, 6.4.5 en 8.1 - dat die Kerkraad die onduidelikheid in hulle verweer moet regstel en oor my materie (**Bylae 7**) uitspraak moet gee) as vas en bindend beskou nie. Sonder dat bg besluit van Part. Sinode 00 verkeerd bewys word (ingevolge art.31 KO) verklaar hulle dat die saak (oënskynlik sonder die materie in **Bylae7**) nou op die Klassis se tafel tuishoort en vernietig hulle die besluit van Part. Sinode 00 asook my reg ingevolge art.31 KO.

#### Motivering

- (a) Ek versoek u Sinode om aan my uit te wys waar Part. Sinode 00 se besluit (**Bylae 11**, §6.2b, 6.4.1, 6.4.5 en 8.1) langs die weg van 'n Beswaarskrif (art.46 KO) of 'n Appèl (art.31 KO) nietig verklaar is.
- (b) Ek versoek u Sinode voorts om aan my uit te wys waar die Kerkraad [vgl §21(e)], of die Klassis [vgl §23(f)], of die Part. Sinode getoon het dat hulle die besluit van Part. Sinode 00 as vas en bindend beskou deur daaraan uitvoering te gee. D.w.s. om aan my 'n afskrif van die betrokke notule te gee waar my oorspronklike beswaar (**Bylae 7**) beantwoord is.

23. Die Part. Sinode 01 krenk reg onder art.7 NGB omdat hulle die Skrif (Hand 15) misbruik om 'n saak wat volgens art.30 KO op die Kerkraad se tafel tuishoort (vgl Part. Sinode 00 se begronding in **Bylae 11**, §6.2b, 6.4.1, 6.4.5 en 8.1) en waarvoor besluit is (Part. Sinode 00) dat slegs die Kerkraad uitspraak kan gee, weg te neem en op die Klassis se tafel te plaas. Die gevolg is dat reg verder gekrenk word (onder art.30,31 KO) omdat Klassis 01 nie my oorspronklike beswaar (**Bylae 7**) in die plek van die Kerkraad beantwoord nie.

#### Motivering

- (a) Part. Sinode 01 oordeel dat die beginsel in Hand 15 reg toegepas is deur die Visitatore en Klassis omdat die groetsagesaak nie plaaslik opgelos kan word nie en daarom op die Klassis se tafel tuishoort [**Bylae 3**, §4.3.2(a)].
- (b) Hand 15 gaan oor 'n leergeskil waar "gesante" (vgl Hand 15:24) van Jerusalem onrus in 'n gemeente in Antiogië veroorsaak. Die leergeskil in Hand 15 sou dus in vandag se kerkregterme volgens art.30 KO op 'n meerdere vergadering kon tuishoort omdat dit oor 'n leergeskil in die kerkverband gaan (vgl Spoelstra, 1989, bl 171). Die beginsel in Hand 15 is dus vervat in art.30 KO, nl dat 'n saak wat 2 kerke raak deur beide kerke gesamentlik opgelos moet word.
- (c) Dit is verder duidelik (vgl Spoelstra, 1989, bl 171) dat die samekoms (konvent) in Hand 15 nie as 'n meerdere vergadering gesien moet word nie. Dit beskryf hoogstens hoe twee kerke in 'n krisis, kerkverband met mekaar belewe het (Spoelstra, 1989, bl 171). LW dat prof Spoelstra verwys na navorsing (oor Hand 15) wat deur prof Du Plooy gepubliseer is.
- (d) Die beginsel in Hand 15 kan dus nie [in die lig van §23(b),(c)] gebruik word om 'n saak wat volgens art.30 KO (vgl Part. Sinode 00, **Bylae 11**, §6.2b, 6.4.1, 6.4.5 en 8.1) by die Kerkraad tuishoort, na 'n meerdere vergadering te verplaas nie. Verkeerde gebruik van die Bybel kom neer op misbruik van die Skrif en regskenking onder art.7 NGB omdat 'n verkeerde siening van Visitatore/Klassis en Part. Sinode op grond van die Skrif regverdig word. [Art.7 NGB lui: " Ook mag ons nie .... verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles.]
- (e) Die Part. Sinode weerspreek hulle self omdat hulle eers oordeel dat die groetsagesaak volgens Hand 15 op die Klassis se tafel tuishoort [**Bylae 3**, §4.3.2(a)], en dan dat: "Omdat die hele groet-aangeleentheid nie opgelos kan word by Durban-Noord nie, moes dit in die agenda van die Klassis opgeneem word, langs die weg van appèlle/Beswaarskrifte." [**Bylae 3**, §4.3.2(b)]. Die Kerkraad het nog nie (voor Sept 01) my oorspronklike beswaar (**Bylae 7**) beantwoord nie [vgl §21(e)], ek kon dus nie die saak volgens 'n beswaar of Appèl op die Klassis se tafel plaas nie. Die Visitatore 01 (**Bylae 15**, §5.1, 6.1 en 6.2) en Klassis 01 het dus ook reg gekrenk [volgens Part. Sinode 01 - **Bylae 3**, §4.3.2(b)] omdat hulle nie die saak volgens art.31, 46 KO op die Klassis se tafel gebring het nie.
- (f) Ek versoek u Sinode om aan te toon waar [vgl §21(e)] Klassis 01 my oorspronklike beswaar (vgl **Bylae 7**) volgens die prosedure by behandeling van beswaar (vgl prof Spoelstra se skrywe in **Bylae 19**) behandel het.
- (g) Die Part. Sinode 01 krenk dus reg omdat hulle uitspraak oor my 2<sup>e</sup> grond van Appèl (**Bylae 2**, 2<sup>e</sup> grond) enersyds tot gevolg het dat die Kerkraad nie my beswaar in opdrag van Part. Sinode 00 hoef te beantwoord nie en andersyds dat waar die saak sogenaamd op meerdere vergaderings tuishoort, dat nog Klassis 01 nog Part. Sinode 01 my oorspronklike beswaar (**Bylae 7**) beantwoord.

24. Part. Sinode en Klassis 01 krenk reg ingevolge die 9e gebod deur 'n visitasierapport (**Bylae 15, 21**) te aanvaar waarin (a) die klaer se kant nie gehoor is ten opsigte van bewerings dat hy die oorsaak van al die probleme sou wees **voordat** die Rapport in die gemeente voorgelees is nie, en (b) die klaer in die openbaar op grond van ongetoetste getuienis gekruisig is.

#### Motivering

- (a) Klassis 01 aanvaar die Visitasierapport (vgl art.27 van Klassis 01 in **Bylae 21**). Part. Sinode aanvaar die Visitasierapport indirek deur my beswaar teen die visitasieopgong (**Bylae 2**) in geheel af te wys (**Bylae 3**).
- (b) Die Visitasierapport stel dat die klaer die **oorsaak** van al die probleme is (30 lidmate dreig om die kerk te bedank, die gemeente kan ten gronde gaan, die predikant se gesondheid word aangetas - **Bylae 15**, §2.5-2.7, 4.1, 4.2 en 4.4).
- (c) Die klaer se kant van die saak oor hierdie bewerings is nooit deur die Visitatore gehoor **voordat** die Rapport in die gemeente afgelees is nie. Die beginsel van “hoor die ander party” is dus nie gehandhaaf nie. Hierdie gemeenregtelike beginsel "*audi alteram partem*", wat sy ontstaan in die kanonieke reg het, en wat 'n integrale deel van ons regstelsel vorm, beide voor en na die ontstaan van die Grondwet, is nooit nagekom nie. Kennis moet ook geneem word daarvan dat daar inderdaad 'n stelsel bestaan waar 'n individu, wie nie saamstem met 'n besluit van die verteenwoordigers van 'n spesifieke groep/party nie, beskuldig word van sedisie sonder dat hy die kans kry om homself te verweer. Hierdie stelsel word kommunisme genoem.
- (d) Geen bewyse is deur die Visitatore (vgl **Bylae 3, 15, 21**) voorgehou om aan te toon dat die getuienis van die gemeente (**Bylae 15**, §2.5-2.7) en die Kerkraad (**Bylae 15**, §4.1, 4.2 en 4.4) getoets is voordat die Rapport in die gemeente voorgelees is nie. Die Part. Sinode aanvaar nietemin die Visitatore se verduideliking, nl dat “die Visitatore het slegs die feitelike situasie in hulle Rapport gestel” [**Bylae 3**, §4.3.6(c)]. Daarmee aanvaar die Part. Sinode dus dat dit feitlik korrek is dat die klaer die oorsaak van al die probleme is (vgl **Bylae 15**, §2.5-2.7, 4.1, 4.2 en 4.4) omdat hy nie die besluit van die Kerkraad oor die groetery wil aanvaar nie.
- (e) Die 9e gebod stel onder andere: “...niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie. ...My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder” (HK vr/antw 112). Die Kerkraad het in Aug 02 erken dat hulle besluit en begroning tov die groetery verkeerd was (vgl **Bylae 16**). Ek het dus goeie gronde gehad om nie die Kerkraad se besluit te aanvaar nie (vgl **Bylae 15**, §4.4). Part. Sinode 01 het dus reg gekrenk onder die 9<sup>e</sup> gebod om te aanvaar (**Bylae 3**, §4.4.6) dat die: “aanwysbare kern van hierdie spanning lê in teenstand van *een broeder* teen die groet van die gemeente voor die aanvang van die liturgie deur die predikant.” (**Bylae 15**, §4.4), terwyl die *een broeder* al die tyd reg was (vgl **Bylae 16**).
- (f) Ek versoek u om kennis te neem dat die klaer al sy regte in hierdie verband [§24(b)-(e)] voorhou.
- (g) Die regskenking van Part. Sinode 01 word groter as in ag geneem word dat hulle kant gekies het teen die klaer op die grond van mondelingse getuienis [vgl §21(b)], terwyl hulle die klaer se skriftelike bewyse, dat die Kerkraad se besluit onskriftuurlik is, wat hulle ter tafel gehad het (vgl **Bylae 2**, 1<sup>e</sup> Appèlgrond), agv “tegniese verskonings” (vgl §21) nie beoordeel het nie. Die gevolg is dat hulle my onverhoord veroordeel het, terwyl ek onskuldig was (vgl **Bylae 16**).



## **G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Oorweeg die Appèl van br. HG Kruger teen genoemde besluit en adviseer die Sinode of regskenking plaasgevind het.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Sake kennis geneem**

2.1 U Kommissie het die Appellant br. HG Kruger ontmoet en ruim geleentheid gebied vir vrae en bespreking. Ouderling Alwyn Malan van die Geref. Kerk Durban-Noord is ook in vergadering ondervra om duidelikheid te verkry oor sekere verwysings na die Kerkraad se notule

2.2 Notules en tersaaklike stukke is bestudeer.

2.3 Die saak se historiese aanloop begin in September 1998 nadat die Kerkraad van Durban-Noord 'n besluit geneem het wat die optrede van die predikant verdedig wat die gemeente voor die erediens wil groet.

2.4 Die saak se verloop lei uiteindelik tot 'n Appèl wat dien op Part. Sinode OVS en Natal (Part. Sinode Notule 2001 p.6 + 18) wat nie slaag nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **3. Bevindings**

#### **3.1 Appèlgrond 1**

3.1.1 Die Appellant verwys terug na 'n besluit van die Kerkraad van Durban-Noord wat handel oor die groet van die gemeente deur die predikant voor die erediens. Die Appellant se standpunt is dat dit onskriftuurlik is. Die Appellant bly egter in gebreke om sy standpunt te bewys. Hy noem Rom 11:36, Heid. Kat vr./antw 62 en NGB art.24 maar hy bly in gebreke om aan te toon hoedat dit sy saak ondersteun. Die bewyslas is op die Appellant om sy bewerings te bewys.

3.1.2 Die Appellant beweer dat sy beroepe op regspraak telkens gesystap word. Die Appellant se beroepe op regspraak is egter op verskeie meerdere vergaderings hanteer (bv. Klassis Natal Sept 2001 p. 60 e.v. Part. Sinode OVS en Natal 2000 p74 en 88 e.v. Part. OVS en Natal 2001 p. 8,9 en 18 e.v.). Die feit dat 'n meerdere vergadering 'n Appèl nie laat slaag nie, beteken nie dat die saak nie hanteer is nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### **3.2 Appèlgrond 2**

3.2.1 Die Appellant beweer dat die Kerkraad van Durban-Noord nooit hulle besluit oor die groetery van die predikant verander het nie, selfs nadat hy 'n Appèl in die verband teen die Kerkraad se besluit geslaag het.

3.2.2 U Kommissie het bevind dat die Kerkraad van Durban-Noord wel voldoen het aan die uitspraak van die meerdere vergadering (Kerkraadsnotule 3 Julie 2001, Art.9). Daar is gevolg gegee aan die Beswaarskrif van die beswaarde, br. HG Kruger.

3.2.3 Die Part. Sinode OVS en Natal November 2001 het dit ook regtens so aanvaar (Notule p.18 punt 4.3.1 e.a.).

- 3.2.4 Die Kerkraad het dit ook wel aan die Appellant mondelings oorgedra aangesien hy persoonlik op die Kerkraadsvergadering van 3 Julie ingelig is aangaande die Kerkraad se standpunt en instemming met die Appellant se Beswaarskrif. (Kerkraad Notule 3 Julie 2001 Artt.10 en 11)

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.3 *Appèlgrond 3*

- 3.3.1 Die Appellant beweer dat die Part. Sinode OVS en Natal November 2001 'n besluit van die Part. Sinode OVS en Natal November 2000, nie as vas en bindend beskou nie.
- 3.3.2 Die Part. Sinode OVS en Natal November 2000 het slegs een besluit geneem wat op die Appellant betrekking het en dit was 'n uitspraak rakende 'n Appèl van die broeder wat op daardie vergadering gediën het. (Part. Sinode Notule p.16 Art.32). In die besluit word die Appèl afgewys.
- 3.3.3 Die Appellant verwys hier in sy Appèlgrond bloot na onderafdelings van die beoordeling wat 'n Kommissie van die Part. Sinode gemaak het. Die Appellant skep in sy Appèlgrond die indruk hierdie motiverings van die Kommissie van die Part. Sinode 'n besluit is wat opsigself staan. Hier is dus geen sprake van regskenking nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.4 *Appèlgrond 4*

- 3.4.1 Die Appellant beweer dat sy reg deur die Part. Sinode OVS en Natal November 2001 gekrenk is deurdat die Part. Sinode 'n saak weggeneem het van die Kerkraad se tafel af en op die Klassis se tafel geplaas het. Dit het volgens die Appellant daartoe gely dat die Klassis nie regspraak kon lewer in sy saak nie.
- 3.4.2 Die Appellant toon nie aan waar die Part. Sinode OVS en Natal die Appellant se saak op die Klassis se tafel geplaas het nie.
- 3.4.3 Die Part. Sinode OVS en Natal adviseer juis dat spesiale visitasie deur die Klassis Natal gereël moet word om die afhandeling van die saak op die Kerkraadstafel te probeer bewerkstellig, wat versoening tussen die partye in die plaaslike kerk ingesluit het.
- 3.4.4 Die verwysing van die Part. Sinode na Hand 15 is wettig. Hulle toon korrek aan dat Hand 15 die funksionering van kerkverband beskryf. (Notule p.18, 4.3.2)

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.5 *Appèlgrond 5*

- 3.5.1 Die Appellant beweer dat sy reg gekrenk is deurdat die Part. Sinode indirek 'n Visitasierapport aanvaar het waarin die Appellant nie inspraak gehad het nie en gelei het tot "n openbare kruisiging" van die Appellant.
- 3.5.2 Die Visitasierapport waarna die Appellant verwys is deur die Kerkraad van Durban-Noord goedgekeur en die aanbevelings van die Rapport is ook deur die Klassis aanvaar. Dit het neerslag gevind in die besluite van Part. Sinode OVS en Natal November 2001. In hierdie Visitasierapport word verwys na skrywes aan die Appellant en ook na 'n ontmoeting met die Appellant. Die hoofsaak van die aanbevelings is ook met die Appellant bespreek (Bylae 15)
- 3.5.3 Die Part. Sinode toon tereg aan dat die Appellant nie regskenking in die verband bewys nie (Part. Sinode Notule p.19, 4.3.6)

3.5.4 'n Visitasierapport is ten slotte 'n Kerkraadsdokument. Die beweerde oortreding van die negende gebod moet ordelik die weg deur die Kerkraad volg.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### **4. AANBEVELINGS**

##### **4.1 Appèlgrond 1**

Die Appèl slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

##### **4.2 Appèlgrond 2**

Die Appèl slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

##### **4.3 Appèlgrond 3**

Die Appèl slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

##### **4.4 Appèlgrond 4**

Die Appèl slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

##### **4.5 Appèlgrond 5**

Die Appèl slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

Die Appèl slaag in sy geheel nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### **12.2.3 APPÈL 3 – HG KRUGER TEEN 'N STILLE BESLUIT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORDWES, NOVEMBER 2002 (Artt.8, 17, 32, 174)**

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

A. Br. HG Kruger stel die Appèl.

B. Ds. JC Erasmus lewer toeligting namens Partikuliere Sinode Noordwes.

C. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 1.

D. Oudl. MJ Kruger rapporteer namens Appèlkommissie 1.

E. Die Toeligter en Appellant lewer repliek.

#### **F. APPÈL**

Getuienis (Appèl) teen 2 ongemotiveerde besluite van Part. Sinode "Noordwes" (Nov 02).

#### **Aanloop**

1. Kennis van getuienis op Sinode 03 is gegee op 21 Nov 02 (**Bylae 1a en 1b**).

2. My Appèl op Part. Sinode 02 (**Bylae 2**) en hulle antwoord (**Bylae 3**) is aangeheg. Die Appèl sluit ook 'n besluit (**Bylae 1b**) oor my versoek om reiskoste (**Bylae 4**) in omdat dieselfde beginsel ter sprake is.

3. Part. Sinode 02 handhaaf my 1<sup>e</sup> deel van die Appèl (formele gronde waarom Klassis Potchefstroom 02 my Appèl onregmatig onontvanklik verklaar het) maar antwoord nie die 2<sup>e</sup> en 3<sup>e</sup> deel (**Bylae 2**, §18-20.3) van my Appèl volgens die gees van die Kerkorde nie (vgl art.34 KO). Die 2<sup>e</sup> deel van my Appèl voer juis gronde aan waarom Part. Sinode 02 my materie (3<sup>e</sup> deel) moet beantwoord.
4. 'n Tweede Appèl van my dien op Part. Sinode 02 (**Bylae 5**) wat juis beswaar maak teen regs krenking deur Klassis Potchefstroom wat nie my beroep op die Klassis beantwoord het nie. Part. Sinode 02 gee my gelyk dat dit regs krenking is (vgl **Bylae 3**, §5.3.1).
5. Die saak volg op twee artikels oor die passiespele van ds Neels Smit (Noordbrug) wat verlede jaar in die Vroueblad geplaas is (Apr en Junie 01). Aangesien die 2 artikels in stryd met die 2e gebod is, het ek die saak opgeneem met Noordbrug en dit het uiteindelik uitgeloopt op 'n Appèl (**Bylae 2**).

**Uitsprake waarteen getuig word:** (a) "Die Part. Sinode kan nie die materie van die saak hanteer nie." (vgl **Bylae 3** na §6 Slot) en (b) "Die versoek word afgekeur." (vgl **Bylae 1b**).

#### **Gronde van getuienis (Appèl)**

6. Part. Sinode "Noordwes" Nov 00 krenk reg onder art.30, 31 en 34 KO deur Appèlgronde (**Bylae 2**, §18-20.3) wat ter tafel is nie volgens die gees van die Kerkorde te beantwoord nie.

#### Motivering

- (a) Die Appèlgronde het op Part. Sinode "Noordwes" gedien (vgl **Bylae 2**, §18-20.3). Selfs heidense organisasies beantwoord normaalweg briewe aan die organisasie en verskaf redes/begroning vir hulle besluite. Volgens dieselfde beginsel as in 1 Pet 3:15,16 behoort kerklike vergaderings des te meer rekenskap te gee as daar by wyse van 'n skrywe 'n beroep op die vergadering gedoen word. (Ek wys u daarop dat die beginsel van 1 Pet 3:15,16 deur Part. Sinode Wes Transvaal Nov. 1975 - Appèl Ds ZC Grobler, gebruik is waar soortgelyke beginsels ter sprake was.)
- (b) Die 2e deel van my Appèl (**Bylae 2**, §18-18.12) voer juis gronde aan waarom die Part. Sinode die materie van beswaar (**Bylae 2**, §19-20.3) behoort te behandel.
- (c) Volgens art.34 KO moet kerklike vergaderings deeglike begroning vir hulle besluite notuleer (vgl art.30 KO - Visser 1999, p.128 en art.34 KO). Die Part. Sinode krenk dus reg onder art.34 KO.
- (d) Dit is nie 'n kerklike wyse van behandeling om 'n wel gemotiveerde skrywe/Appèl half te beantwoord nie. Daarom krenk die Part. Sinode reg onder art.30 KO. Behoudens die reg van lidmate onder art.31 KO krenk die Part. Sinode ook reg omdat die klaer nie effektief kan appelleer teen 'n verkeerde besluit indien dit nie duidelik gemotiveer is nie. Volgens die prosedure by Appèl (vgl Sinode 1939 en daarna) is die Appellant geregtig daarop dat kerklike vergaderings elke grond van Appèl skriftelik met motivering beantwoord [vgl Sinode 1939, §4(c), p145].
7. Die Part. Sinode krenk reg ingevolge dieselfde beginsels (artt.30, 31 en 34 KO) as in §6 hierbo deur my goed gemotiveerde versoek (**Bylae 4**) tov reiskoste af te wys sonder om grondige redes aan te voer.

#### Motivering

Vgl die beginsel in 1 Pet 3:15,16 in §60 hierbo. Vgl ook §6(c) en (d) hierbo.

## **G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Oorweeg die Appèl van br. HG Kruger teen genoemde besluit en adviseer die Sinode of regskenking plaasgevind het deur 'n stille uitspraak van Part. Sinode Noordwes 2002.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Sake kennis geneem**

- 2.1 U Kommissie het die Appellant, br. HG Kruger ontmoet en ruim geleentheid gebied vir vrae en bespreking.
- 2.2 Die besluit waarteen geappelleer word is
  - (a) "Die Part. Sinode kan nie die materie van die saak hanteer nie" en
  - (b) "Die versoek word afgekeur".
- 2.3 Die Appèl spruit voort uit 'n beswaar wat br. HG Kruger gehad het teen artikels in die *Vroueblad* wat deur 'n Gereformeerde predikant geskryf is.
- 2.4 Die beswaar het die kerkregtelike pad gevolg tot by twee Appèlle wat gedien het op die Part. Sinode Noordwes 2002. Beide Appèlle van br. Kruger het geslaag (Notule, p.49-51).
- 2.5 Br. HG Kruger het sy Appèlgronde (Part. Sinode 2002) in drie dele verdeel. Dit het 'n verwarring meebring.
- 2.6 Die Part. Sinode het slegs die deel onder die opskrif "Formele Gronde" behandel.  
Die ander twee dele was onder die opskrifte van "Formele Gronde waarom Part. Sinode die materie moet behandel" en "Primêre of materiële gronde van beswaar teen die besluit".
- 2.7 Die Part. Sinode het nie hierdie twee "gronde" as Appèlgronde behandel nie, aangesien hulle dit geoordeel het as slegs 'n versoek en motivering ten opsigte van die "Formele gronde".
- 2.8 Dit is teen hierdie feitelike "versuim" waarteen die Appellant appelleer.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **3. Bevindings en beredenerings oor Appèlgrond 1**

- 3.1 Appèlgrond 1 lui "Part. Sinode Noordwes November 2002 krenk reg onder Artt.30, 31 en 34 KO deur Appèlgronde wat ter tafel is nie te beantwoord nie volgens die gees van die KO nie".
- 3.2 Die wesentlike vraag is of die Appellant se reg gekrenk is deur hierdie feitelike gebeure?
- 3.3 Dit is die Appellant se plig om sy Appèlgronde duidelik te formuleer en aan te dui. Appellant het versuim om dit in sy stukke te doen.
- 3.4 U Kommissie het egter begrip vir die Appellant se informele aanbieding van sy Appèlgronde en wil graag die saak verder beoordeel.
- 3.5 Die Part. Sinode het slegs die gronde behandel wat formeel as Appèlgronde voor hulle was.
- 3.6 Hulle spreek die ander twee dele wel aan deur 'n verduidelikende nota na hulle besluit te maak.
- 3.7 Die Part. Sinode het ook gereël dat die broeder se besware deur die betrokke Kerkraad aangespreek sal word.
- 3.8 Die Appellant se Appèl is dus behandel. Die Appèl se ander twee "gronde" is ook behandel deur die verduidelikende nota en reëlings wat getref is.

3.9 Aangesien alle sake van die Appellant behandel is, het GEEN regskenking plaasgevind nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### **4. Aanbeveling**

4.1 Ten opsigte van Appèlgrond 1  
Die Appèl slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### **5. Bevindings en beredenering oor Appèlgrond 2**

5.1 Appèlgrond 2 lui:

"Die Part. Sinode krenk reg ... deur my goed gemotiveerde versoek af te wys sonder om grondige redes aan te voer".

5.2 Die Appellant appelleer nie teen die feit dat sy versoek om reiskostes afgekeur is nie (p.45, Notule 2002).

5.3 Hy appelleer teen die feit dat geen grondige redes aangevoer is nie.

5.4 Volgens Notule p.43 is die saak wel gestel en word die redes tydens die stelling van die saak gegee.

5.5 Art.34 KO bepaal dat net noodsaaklikhede opgeteken word. Dit is nie noodsaaklik dat redes opgeteken hoef te word nie. Dit is ook gebruik, veral in meerdere vergaderings dat net besluite en nie gesprekke en redes opgeteken word nie.

5.6 Aangesien daar Kerkordelik geen verpligting was om grondige redes vir die Part. Sinode se besluit te gee nie, het geen regskenking plaasgevind nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### **6. Aanbeveling**

6.1 Die Appèlgrond slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### **7. Aanbeveling oor die Appèl in sy geheel**

7.1 Die Appèl slaag in sy geheel nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

### **12.2.4 APPÈL MJ KRUGER EN ASM VAN JAARVELD TEEN DIE BESLUIT VAN DIE OOSTELIKE PARTIKULIERE SINODE OP NOVEMBER 2001 EN NOVEMBER 2002 (Artt.8, 30, 125)**

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

A. Oudl. MJ Kruger stel die Appèl.

B. Ds. PH Fick lewer toeligting namens die Oostelike Partikuliere Sinode.

C. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 2.

D. Ds. SC Vorster rapporteer namens Appèlkommissie 2.

E. Die Toeligter en Appellant lewer repliek.

## F. APPÈL

### 1. Inleiding

- 1.1 Die besluite waarteen geappelleer word, word in offisiële redaksie, ooreenkomstig KO, art.31 as Bylae tot die appèlskrif aangeheg (**Bylae A1 en Bylae A2**).
- 1.2 Skriftelike kennis aan die Oostelike Partikuliere Sinode gedateer 25 November 2002 en 20 Februarie 2002 word aangeheg (**Bylae B1 en B2**).

### 2. Agtergrond

- 2.1 Op 18 Mei 1999 het br. van Jaarsveld aansoek gedoen om 'n aanbeveling by die kerk waar hy uit die amp is (sien Acta Sinode 1973:318, 3.2.2.3).
- 2.2 Op 17 Augustus 1999 het br. van Jaarsveld aansoek gedoen om 'n aanbeveling by die Klassis waar hy uit die amp is (Acta Sinode 1973).
- 2.3 'n Appèl teen die besluit van Kerkraad Nigel, slaag nie op die Klassis Brakpan se vergadering van 16 Maart 2000 (**Bylae C**).
- 2.4 Op die Klassis verneem br. van Jaarsveld vir die eerste maal van talle klagtes wat die Kerkraad teen my het **nadat** br. van Jaarsveld reeds uit die bediening is.
- 2.5 Op 14 Junie 2000 ontmoet br. van Jaarsveld die Kerkraad en op 18 Junie 2000 skryf die Kerkraad dat br. van Jaarsveld daarin geslaag het om al die "**onafgehandelde sake**" tot bevrediging van die Kerkraad te hanteer. Slegs **een** saak het oorgebly nl. "**die besluit**" van die Kerkraad aangaande die oortreding van die sewende en negende gebooie (**Bylae D**).
- 2.6 Hierdie saak spreek br. van Jaarsveld aan deur weer 'n beëdigde verklaring van sy suster aan die Kerkraad te stuur.
- 2.7 Op 14 September 2000 neem Klassis Brakpan sy Appèl nie eers ter tafel nie (**Bylae E**).
- 2.8 Op 23 November 2000 appelleer br. van Jaarsveld na die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal. Die Appèl slaag nie (**Bylae F**).
- 2.9 Op 7 Junie 2001 vind weer 'n ontmoeting tussen die Kerkraad, oudl. MJ Kruger en br. Van Jaarsveld plaas. **Die een enkele uitstaande saak** nl. die sewende en negende gebod was breedvoerig bespreek. Br. Van Jaarsveld het hom onderwerp aan die Kerkraad se besluit. Die saak was dus wederkerig opgelos. Nietemin is 'n negatiewe aanbeveling gegee (**Bylae G**).
- 2.10 Op 22 Oktober 2001 ontvang br. Van Jaarsveld 'n brief van die EksamenDeputate om drie preke voor te berei met die oog op eksaminering.
- 2.11 Op 20 November 2001 dien 'n Rapport van die Regskommissie vir pre-advies i.s. my aansoek (**Bylae H**).
- 2.12 Op 19 November 2002 dien 'n Beswaarskrif van oudl. MJ Kruger en br. ASM van Jaarsveld by die Oostelike Partikuliere Sinode. Die Beswaarskrif slaag nie (sien **Bylae I**).

### 3. Gronde van die Appèl

- 3.1 *Eerste Appèlgrond*: **Die toepassing van die audiem et alteram partem reël ontbreek by die besluitneming (2001 en 2002).**
  - 3.1.1 *Beredenering/motivering*: Die Regskommissie rapporteer dat hulle nie kon bepaal of oudl. MJ Kruger ander "omstandighede en feite" aan die Sinode kon voorlê wat die Sinode tot 'n ander besluit sou bring nie. Dit is baie duidelik aan die Sinode bekendgemaak dat oudl. Kruger as mondstuk vir br. Van Jaarsveld sal optree. Voordat oudl. Kruger 'n enkele woord kon sê en sodoende ander

- “omstandighede en feite” aan die Sinode kon voorlê, het ’n ordevoorstel uit die Klassis Brakpan, verhoed dat die Sinode ook die ander kant ten volle aanhoor, voordat ’n besluit geneem word. Só is ons in ons reg duidelik gekrenk.
- 3.1.2 Sonder die toepassing van die basiese regsreël **dat ook die ander kant gehoor moet word**, kan daar nie by die Skrifbeginsel volgens Handeling 15:28 uitgekóm word nie.
- 3.1.3 Dus kan daar ook nie reg geskied aan die broeder wat aansoek doen nie. Só het regskenking plaasgevind.
- 3.2 *Tweede Appèlgrond:* Die toepassing van die audiem et alteram partem reël ontbreek by die aanbevelings van die Kommissie vir pre-advies insake aansoek om eksaminering en beroepbaarstelling (2001 en 2002).
- 3.2.1 *Beredenering/motivering:* ’n Minderheids- en Meerderheidsrapport is ingedien. Ds PJ van der Walt (sameroeper) het erken dat hy meerdere “inligting” bekom het as wat aan die Kommissie voorgelê is. ’n Deel van die Kommissie het hom direk teengestaan en ’n positiewe Minderheidsrapport voorgelê.
- 3.2.2 Indien oudl. Kruger die geleentheid gehad het om die Sinode toe te spreek, sou hy ook hierdie meerdere “inligting” behandel het, want hy was teenwoordig by die Kerkraadsvergadering van Nigel toe die sewende en negende geboorte hanteer is.
- 3.2.3 Die Sinode het hierdie inligting nie gehad toe ’n besluit na aanleiding van ’n ordevoorstel geneem is nie.
- 3.2.4 Hierdeur is die aansoeker se reg gekrenk. Noodsaaklike en tersaaklike inligting en toeligting van die ander party is nooit aangehoor nie. Daarom was die besluit van die Sinode verkeerd en is ons deur die besluit in ons reg gekrenk.
- 3.3 *Derde Appèlgrond:* Die audiem et alteram partem reël is nie toegepas t.o.v. die aansoek self nie (2001 en 2002).
- 3.3.1 *Beredenering/motivering:* Die gevolg van die ontydige besluit van die Sinode was dat die aansoek van br. Van Jaarsveld ter tafel **nie** gehanteer is nie.
- 3.3.2 Op 18 Mei 1999 het die aansoeker by die Kerkraad van Nigel ooreenkomstig die besluit van Sinode 1973, om ’n aanbeveling aansoek gedoen. ’n Positiewe aanbeveling van die Kerkraad Warmbad (waar br. Van Jaarsveld al 8 jaar lank lidmaat is) het my aansoek vergesel. Dit beteken dat br. Van Jaarsveld al **drie jaar** lank nog geen vordering kon maak nie. Die Appèl op die Partikuliere Sinode was bedoel om ’n einde aan hierdie toedrag van sake te maak en om op regverdige en broederlike wyse kerklik behandel te word.
- 3.3.3 By wyse van ’n ontydige ordevoorstel **uit die Klassis wat betrokke is** by die aansoek, het alle verdere besprekings, oorwegings en handeling gestop. Die audiem et alteram partem reël is eenvoudig nie t.o.v. die aansoek self toegepas nie en dus doende is ons reg gekrenk.
- 3.3.4 Teen hierdie hantering van sake op ’n kerklike vergadering maak ondergetekendes baie ernstig beswaar in die lig van Handeling 15:28; KO, art. 33 en art. 46.
- 3.3.5 Die Partikuliere Sinode is deur ’n ordevoorstel **gedwing om te stem** oor ’n Meerderheids- of Minderheidsrapport **nog voordat al die omstandighede aangehoor en bespreek is**. Alle betrokkenes is nie die geleentheid gegun (audiem et alteram partem reël) om by te dra tot behoorlike en gegronde



besluitneming nie. Die Kommissie beveel meer aan as wat hulle mandaat was. Hulle oordeel reeds oor die meriete van die saak deur aanbevelings te maak terwyl hulle 'n Regskommissie was wat slegs moes oordeel t.o.v. die ontvanklikheid van die aansoek. Hierdeur is die beginsel van Handeling 15:28 ernstig in gedrang gebring en dien dit nie tot stigting van die Kerk nie (vgl Hand 25:27 en Hand 26:1). Hierdie handeling voorkom ook nie regskenking nie.

- 3.4 *Vierde Appèlgrond*: By die besluitneming van die Sinode is die beginsel van niemand mag regter in sy eie saak wees nie, nie gehandhaaf nie (2001 en 2002).
  - 3.4.1 *Beredenering/motivering*: Niemand kan oor homself soos ander oordeel nie (HK, V/A 112; Hand 5:3; 1 Kor 5:12; 1 Kor 6:1-6).
  - 3.4.2 Regspraak vereis absolute onpartydigheid, anders is dit vir die Here 'n gruwel (Amos 5:7,15,24; Jes 5:20-21; Matt 7:1 e.v.; Matt 23:23).
  - 3.4.3 Volgens KO, art.33 word Beswaarskrifte in die Agenda van die meerdere vergadering opgeneem, juis omdat dit 'n vergadering van kerke is en nie 'n vergadering van ampsdraers nie (vgl ook KO, art.41).
  - 3.4.4 Aanhaling: "Kortom: in enige saak waar 'n afgevaardigde nie meer objektief kan oordeel nie, verval sy keurstem en behoort hy homself aan die stemproses te onttrek. Niemand kan immers regter wees in sy eie saak nie" (Kerkorde in Praktyk – Dr. J Visser, p.154).
  - 3.4.5 Afgevaardigdes van 'n mindere vergadering mag nie teen 'n Beswaarskrif praat of stem nie. Dit sou die hele begrip van afvaardiging in gedrang bring, omdat dit sou impliseer dat elke afgevaardigde in eie persoonlikheid in die meerdere vergadering teenwoordig is, en nie as 'n afgevaardigde van 'n mindere vergadering met 'n bepaalde opdrag nie (sien Kerkorde in Praktyk – Dr. J Visser, p.152, 153). KO, artikel 33 bepaal dus dat elke afgevaardigde 'n keurstem sal hê, behalwe in sake wat sy eie persoon of Kerk of Klassis raak. 'n Keurstem is 'n stem wat immers die hele besluitnemingsproses raak.
  - 3.4.6 Die ordevoorstel wat gelei het tot onmiddellike besluitneming, het gekom uit die Klassis Brakpan, wat direk by die aansoek van br. Van Jaarsveld betrokke was. Dit strook nie daarmee dat 'n absoluut onpartydige ondersoek en oordeel van die Sinode vereis word nie. Geen oordeel kan oor 'n party in 'n saak gevel word, sonder dat hy regverdig gehoor en verhoor is nie (sien Handboek by die Kerkorde, 1989, p.206). Dit krenk die reg van die aansoeker.
  - 3.4.7 Deputate uit Klassis Brakpan is nie gemaan om hulle aan die stemproses te onttrek nie. Dit bots met KO, art.33 en die beginsel van regter in eie saak. Die keurstem van die Deputate uit Klassis Brakpan het die hele besluitnemingsproses geraak. Dit is Kerkordelik nie in orde nie.
- 3.5 *Vyfde Appèlgrond*: Die Sinode oordeel dat sondevergifnis nie die gevolge van sonde in hierdie spesifieke saak uitwis nie en dat dit die eer van God en die stigting van die kerk in gedrang bring (2001 en 2002)
  - 3.5.1 *Beredenering/motivering*: Indien oudl. Kruger wel geleentheid gehad het om die Sinode toe te spreek, sou hierdie oordeel van die Sinode onnodig wees. Hy was teenwoordig by 'n vergadering met die Kerkraad om oor beweerde sonde te handel.

- 3.5.2 Sonder duidelike opklaring oor die sonde en die gevolge daarvan, sal dié saak in die weg bly staan van die aansoek. Daarom was die besluit van die Sinode verkeerd en is die broeder deur die besluit in sy reg gekrenk.
- 3.5.3 Ons, die ondertekendes, glo juis aan sondevergifnis op grond van Jes 1:18; 1 Joh 2:2; 2 Kor 5:19 en baie ander Skrifgedeeltes. Die aansoeker is nog nooit **verhoor en skuldig bewys** aan die oortreding van die Here se gebooie nie. **Dit** sou oudl. Kruger juis aan die Sinode uitwys, veral in die lig van vorige vergaderings met die Kerkraad van Nigel.
- 3.5.4 **Die gevolge** van die sonde waarna in die besluit verwys word, moet aan die beswaardes duidelik uitgewys word. Sou daar sulke gevolge wees, sou die beswaardes ook graag die geleentheid wou hê om daarop te reageer. Ons sou ook wou weet waar die gevolge hul oorsprong het.
- 3.5.5 Indien enige **gevolge** aangetoon word, moet verder aangetoon word watter **nadelige konsekwensies** dit op die aansoek sou hê. By die vergadering met die Kerkraad van Nigel was daar voldoende geleentheid om sulke gevolge uit te wys, sodat ons iets daaraan kon doen. By hierdie geleentheid is egter niks vermeld nie. Nogtans blyk dit dat daar elke keer iets in die weg staan van die aansoek.
- 3.5.6 Die formulering van die grond vir u besluit is bedoel om die aansoek **af te keur**, sonder dat dit **feitelik** gebind word aan die aansoek. Die besluit slaag nie daarin om die **gevolge van die sonde** aan te toon en die **negatiewe effek** daarvan uit te wys nie.
- 3.5.7 Volgens Sondag 43 V/A 112 HK, mag ek niemand ligvaardig oordeel of help veroordeel nie. As die aansoeker nog nooit kerklik verhoor en skuldig bevind is nie, kan in terme van die aansoek tog nie nou oor sonde gepraat word nie. Kom die eer van God en die stigting van die Kerk nie juis in gedrang as Sondag 43 nie in aanmerking geneem word sodat die eer en goeie naam van die naaste na my vermoë verdedig en bevorder word nie?
- 3.5.8 Br. Van Jaarsveld het in sy aansoek openlik verklaar dat hy nie van mening is dat hy nog nooit enige sonde gehad of gedoen het nie. Trouens br. Van Jaarsveld het in sy aansoek bely dat hy vas glo in die vergewing van sondes asook die vernuwende werk van die Heilige Gees op grond van die sterwe van Christus (sien Hand 15:11). Ook **dit** sou oudl. Kruger aan die Sinode duidelik stel, aangesien hulle saam die vergadering met die Kerkraad Nigel bygewoon het, wat spesifiek gehandel het oor die **een, enkele oorblywende saak** waaroor die Kerkraad toe nog nie 'n aanbevelingsbrief kon gee nie. Op dié vergadering het ondergetekendes juis gemeen dat daar **versoening** met die Kerkraad bereik is, sodat 'n positiewe aanbevelingsbrief uitgereik kan word. **By implikasie het die Kerkraad positief getuig in hul brief van 18 Junie 2000.**
- 3.5.9 Ons reg is gekrenk deurdat die Partikuliere Sinode 'n besluit geneem het bloot op grond van 'n Kommissierapport, terwyl daar nie eers eenstemmigheid onder die kommissielede was nie.
- 3.5.10 Die Partikuliere Sinode het besluit om die aansoek nie toe te staan nie, aangesien die meerderheid van die Kommissie nie oortuig kon word dat aan die riglyne van Sinode 1973 voldoen is nie. In die Kommissie se Rapport (punt 3.3) word aangetoon hoe die aansoeker stap vir stap die riglyne van die Sinode 1973 gevolg het. Trouens in **punt 4** lees ons: *“Die Kommissie is van oordeel dat die aansoeker in sy aansoek voldoen aan die prosedure soos neergelê deur die Sinode 1973 (Acta p 318, pt. 3.2.2.3).”* Met ander woorde

- die besluit is verkeerd** aangesien dit teenstrydig is met die Kommissierapport in sy geheel.
- 3.5.11 Die **vergadering** moet uiteindelik beslis of die aansoeker voldoen het aan die besluite van die Sinode 1973 – en **nie** die Kommissie nie. **Die Kommissie kan nie so 'n besluit neem nie.** Daarom is dit kerkregtelik nie in orde dat 'n meerderheidsaanbeveling, die enigste grond van die Partikuliere Sinode besluit is nie. Inderdaad was daar dan ook 'n Minderheidsrapport wat aanbeveel het dat die Partikuliere Sinode voortgaan met eksaminering en alles wat daarmee saamhang. Die Sinode moes uit die meningsverskil in die Kommissie beseef het dat daar probleme is, wat die vergadering tot groot versigtigheid en intense nadenke (bespreking en repliek/vrae) dwing.
- 3.5.12 Die Partikuliere Sinode neem 'n gewigtige besluit bloot op grond van die bevinding en aanbeveling van 'n Kommissie. Die Kommissie was nie eers eenstemmig oor die saak nie. Die Kommissie moes die Sinode eerder adviseer om eers ernstig en in diepte op die saak in te gaan en oudl. Kruger hieroor te nader voordat 'n besluit geneem word. Die tweespalt in die Kommissie beteken gevolglik dat die Kommissie nie hul opdrag ten volle tot uitvoer kon bring nie.
- 3.5.13 Waaraan is die besluit van die Partikuliere Sinode getoets? Dit is duidelik nie aan die Skrif, Belydenis en Kerkorde getoets nie, as die Sinode **die aanbeveling van 'n meerderheid van die Kommissie** eenvoudig vir hulle rekening neem. Sodanige handeling van die Sinode is nie in ooreenstemming met die Kerkorde nie. Ons reg is gekrenk daarin dat die aanbeveling van die kommissielede “wat nie oortuig kon word nie,” eenvoudig die besluit van die Sinode word. Die gevolg van hierdie onordelike optrede en besluit het meegebring dat die aansoek van broeder Van Jaarsveld nie toegestaan is nie.
- 3.5.14 Dit is reeds baie duidelik aangetoon hoe noodsaaklik dit is dat die Partikuliere Sinode sy besluit sal grond op **alle** beskikbare gegewens. Dit is die Sinode self wat moet besluit of die aansoeker voldoen het aan die riglyne van die Sinode 1973. Die bevinding van 'n meerderheid van 'n Kommissie kan nie die enigste basis wees waarop 'n kerklike vergadering sy uiteindelijke besluit neem nie. Ons het derhalwe ernstig beswaar teen die besluit soos dit genotuleer staan en wat berus op 'n meerderheid kommissielede “wat nie oortuig kon word nie.” Voordat 'n finale besluit geneem word, kon beswaardes ongetwyfeld die “meerderheid” heel waarskynlik tot vollediger insigte gebring het. Sodoende sou ons reg beskerm gewees het en nie gekrenk nie.
- 3.6 *Sesde Appèlgrond* Die toepassing van die audiem et alteram partem reël ontbreek deurdat br. Kruger en br. Van Jaarsveld nie die geleentheid gebied is om die Appèlkommissie toe te spreek nie.
- 3.6.1 *Beredenering/Motivering:* Dieselfde beginselgronde geld hier as by Appèlgronde 1, 2 en 3.
- 3.6.2 Daar is amptelik beswaar gemaak, ook tydens KO, art.43. Die vergadering het egter geweier om beswaar te notuleer.
- 3.6.3 Die Appellante sou graag verskeie aspekte onder die Kommissie se aandag wou bring. Sien Bylae J1 – Kommissierapport en Bylae J2 – Appellante se Kommentaar.
- 3.6.4 Indien die Appellante die Kommissie kon toespreek sou die Kommissie ander inligting gehad het om 'n ander aanbeveling te maak.
- 3.6.5 Die Appellante se reg is weens bogenoemde versuim gekrenk.

- 3.7 *Sewende Appèlgrond (2001)*: Afgevaardigdes van PartSinode Oos Transvaal – Nl. Klassis Brakpan insluitende Kerkraad Nigel, was Male – Fide en bevooroordeeld teenoor die aansoek van br. Van Jaarsveld.
- 3.7.1 Beredenering/Motivering: *Male fides* en bevooroordeeling sal 'n persoon se reg krenk. Handeling 1939:144 – art.135(1)(a)
- 3.7.2 *Male fides* en bevooroordeeling word ook afgekeur deur KO, art.33 “...sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan”.
- 3.7.3 Die Kerkraad van Nigel (Klassis Brakpan) se *male fide* optrede word deur die volgende teenstrydige korrespondensie bewys.
- (a) Op 19 Augustus 1999 skryf die Kerkraad Nigel dat 'n rede vir die weiering van 'n aanbeveling is dat “'n groot aantal lidmate nie die vrymoedigheid het om appellant as bedienaar te aanvaar nie”

#### **MAAR**

Op 21 Oktober 1999 skryf die Kerkraad Nigel dat die lidmate br. Van Jaarsveld reeds vegewe het.

'n Nuwe rede word gegee, nl. dat br. Van Jaarsveld nie met stigting weer in die amp kan dien nie (Bylae K1 en Bylae K2) - ?

(b) Op 18 Januarie 2000 bevestig Kerkraad Nigel dat alles afgehandel is, behalwe onderwerping aan die 7de en 9de gebod.

#### **MAAR**

Op 15 Augustus 2001 neem hulle “met dankbaarheid kennis” dat die broeder hom aan die 7de en 9de gebod onderwerp.

Nogtans word die aanbeveling geweier. (Bylae K3 en Bylae K4) - ?

(c) Op Augustus 2000 en Augustus 2001 wou die Kerkraad nie verder met br. Van Jaarsveld praat nie. Hulle erken ook op 19 Augustus 1999 dat hulle nie vir 14 jaar oor die Broeder kan getuig nie.

Tog gee hulle 'n aanbeveling. (Bylaes K5, K6 en K1)

- 3.7.4 Die Klassis van Brakpan tree *mala fide* op tydens die Part. Sinode van 2001 deurdat afgevaardigdes nl. Ds. LH van Schaik, ds. J Marais en oudl. OJ Buys *prima facie leuens* (9de gebod) vertel tydens die Sinode wat die saak van br. Van Jaarsveld ernstig benadeel het.

Die presiese besonderhede word duidelik uiteengesit in Bylaes L1, L2 en L3.

- 3.7.5 Die bevooroordeeling van Kerkraad Nigel (Klassis Brakpan) kom duidelik na vore in die gesprek wat oudl. OJ Buys tydens middagete Part. Sinode 2000 gesê het “Maak nie saak wat br. Van Jaarsveld doen nie, hy sal nooit weer tot die amp toegelaat word nie”.

- 3.7.6 Die lang en moeilike pad wat br. Van Jaarsveld sedert 1999 loop asook al die tegniese gronde waarop aansoeke, Appèlle en Beswaarskrifte van die hand gewys is, dui duidelik op 'n verskuilde Agenda *male fides* van Klassis Brakpan (Kerkraad Nigel).

Sien Aansoek Art.4 K.K. – B – par 2 tot 24.

- 3.7.7 Die bevooroordeeldheid en *male fide* optrede van Klassis Brakpan het br. Van Jaarsveld en die Appellante se reg gekrenk om behoorlik aangehoor te kon word.

## G. RAPPORT VAN DIE APPËLKOMMISSIE

### 1. Opdrag

Om die Nasionale Sinode te adviseer oor die appël van br. ASM van Jaarsveld teen besluite van die Oostelike Partikuliere Sinode op 20 November en 19 November 2002.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2. Sinode neem kennis

#### 2.1 *Werkswyse*

2.1.1 Die volgende persone het die Kommissie ontmoet: Dr. DJS Steyn, di. D Laufs, EJ Tiemensma, JH Cilliers.

2.1.2 Die Appellant en Toeligter is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor – met groot dank vir die baie mooi broederlike wyse waarop hierdie saak kon geskied!

#### 2.2 *Relevante feite*

2.2.1 Br. van Jaarsveld meld op 20 November 2001 by Part. Sinode Oos-Transvaal aan om kragtens artikel 4 KO volgens die weg van Sinodebesluit 1973 beroepbaar gestel te word (Acta, 1973:318, 3.2.2.3). Sy aansoek op 26 September 2001 by die korresponderende Kerkraad bevat -

- 'n Positiewe aanbeveling van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Warmbad waar hy tans lidmaat is.
- 'n Negatiewe aanbeveling van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Nigel - die kerk waar hy uit die amp is.
- 'n Negatiewe aanbeveling van Klassis Brakpan - die Klassis waar hy uit die amp afgesit is.
- 'n Addisionele positiewe aanbeveling van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Nylstroom.

2.2.2 Die Korresponderende Kerkraad van Partikuliere Sinode Oos-Transvaal roep 'n classis contracta saam om oa. hierdie saak te behandel - bedoelende om die prosedure reg te kry.

2.2.3 Die classis contracta op 17 Oktober 2001 (art.5.1.3.1) benoem 'n Regskommissie vir pre-advies om "*op die inhoud van die aansoek in te gaan en 'n aanbeveling aan die Partikuliere Sinode oor die verdere afhandeling van die aansoek in die lig van die tersaaklike Bylaes voor te berei*".

2.2.4 Hierdie Regskommissie vir pre-advies rapporteer op 20 November 2001 aan die Part. Sinode Oos-Transvaal met 'n meerderheidsaanbeveling en 'n minderheidsaanbeveling. Terwyl die Rapport van die Regskommissie nog onder bespreking was, het afgevaardigdes vanuit Klassis Brakpan 'n ordevoorstel ingedien dat daar dadelik oorgegaan word tot stemming tussen meerderheids- en minderheidsaanbeveling. Klassis Brakpan neem deel aan die stemming oor die saak.

2.2.5 Die meerderheidsaanbeveling wat toe aanvaar is, lui soos volg: "*Dat die aansoek om eksaminering en beroepbaarstelling deur br van Jaarsveld nie toegestaan kan word nie, aangesien die meerderheid van die kommissie nie oortuig kon word dat aan die riglyne van Sinode 1973 (Acta p 318, 3.2.2.3 & 3.2.2.5) voldoen is nie, en verder oordeel dat sondevergifenis nie die gevolg van die sonde uitwis nie (onderstropping -Appëlkommissie) (en dit daarom steeds die eer van God en die stigting van die Kerk in terme van artt.79&80 KO in gedrang bring).*"

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2.3 Wese van Appèl

Die Appèl fokus op twee sake

2.3.1 Die toepassing van die reëls van natuurlike geregtigheid – **audiem et alteram partem** – in die hele besluitnemingsproses van van (1) Regskommissie (2) Partikuliere Sinode 20 November 2001 en (3) Oostelike Partikuliere Sinode 19 November 2002.

2.3.2 Sinodebesluit 1973.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3. Die Sinode besluit

3.1 *Eerste Appèlgrond:* Die toepassing van die audiem et alteram partem reël ontbreek by die besluitneming (2001 en 2002).

#### 3.1.1 Beredenering

3.1.1.1 Die Regskommissie vir pre-advies wat deur die classis contracta benoem is; het tot 'n bevinding gekom nadat op **inhoud** wat die saak en persoon van br. van Jaarsveld raak, ingegaan is. Die Kommissie

- het br. van Jaarsveld se kant van die saak nie aangehoor nie; en
- "bykomende inligting" bekom het waarvan br. van Jaarsveld nie bewus was nie en nie insae gehad het nie.

3.1.1.2 Die appèllant bewys ook dat Partikuliere Sinode Oos-Transvaal 20 November 2001;

- behoorlik kennis gekry het en aanvaar het dat oudl. Kruger as mondstuk vir br. Van Jaarsveld sal optree (brief aan Korresponderende Kerkraad 28/9/2001),
- maar - voordat oudl. Kruger as mondstuk 'n enkele woord kon sê en sodoende ander "omstandighede en feite" aan die Sinode kon voorlê, het 'n sogenaamde ordevoorstel uit Klassis Brakpan, verhoed dat die Sinode die ander kant **ten volle aanhoor**, voordat 'n besluit geneem word.

3.1.2 Bevinding: Regskrenking is bewys.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.3 Aanbeveling: **Die Appèl slaag op hierdie grond.**

**Besluit:** Goedgekeur.

3.2 *Tweede Appèlgrond:* Die toepassing van die audiem et alteram partem reël ontbreek by die aanbevelings van die kommissie vir pre-advies insake aansoek om eksaminering en beroepbaarstelling (2001 en 2002).

#### 3.2.2 Beredenering

3.2.2.1 Die Regskommissie vir pre-advies maak 'n minderheids- en meerderheidsaanbeveling in 6 van hulle Rapport. In 3 van hierdie Kommissierapport word gemeld dat "**bykomende dokumentasie oor br. Van Jaarsveld bekom is.**" Die Kommissie het dus op die **inhoud** van die aansoek ingegaan

- sonder om br. van Jaarsveld daarvan kennis te gee, en geleentheid te bied om hom aan te hoor;
- sonder om hom insae te gee in "bykomende dokumentasie" wat hulle oor hom beskik.

3.2.2.2 Indien br. Van Jaarsveld deur die Kommissie aangehoor sou wees, sou hy ook op hierdie "bykomende dokumentasie" waarin hy nie insae gehad het

nie, kon reageer. Die hantering van die ordevoorstel het hom egter die geleentheid ontnem.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.2.3 Bevinding: Regskrenking is bewys.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.2.4 Aanbeveling: **Die Appèl slaag op hierdie grond.**

**Besluit:** Goedgekeur.

3.3 *Derde Appèlgrond:* Die audiem et alteram partem reël is nie toepegas t.o.v. die aansoek self nie (2001 en 2002).

3.3.2 Beredenering

3.3.2.1 Nasionale Sinode 1973 (Acta:318) lui: "Eiewillige neerlê van die amp is 'n ontduiking van die oordeel van die kerke, soos bepaal in artt.12 en 79 KO. Daarom moet 'n persoon wat hom hieraan skuldig gemaak het, eers die oordeel en die aanbeveling van die kerk waar hy lidmaat is, verkry voordat hy by die kerk en Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n aanbeveling waarna hy hom wend tot die Partikuliere Sinode (in wie se ressort laasgenoemde kerk en Klassis ressorteer) met die aansoek om beroepbaarstelling (beklemtoning – Appèlkommissie).

3.3.2.2 Br. van Jaarsveld het geoordeel dat aangesien hy nou formeel al die nodige stukke het, hy nou aansoek kan doen by die Part. Sinode. Die Sinodebesluit wys egter duidelik dat die aanbevelings positief moet wees en nie negatief nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.3.3 Bevinding: Geen regskrenking word bewys.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.3.4 Aanbeveling: **Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.**

**Besluit:** Goedgekeur.

3.4 *Vierde Appèlgrond:* By die besluitneming van die Sinode is die beginsel van niemand mag regter in sy eie saak wees nie, nie gehandhaaf nie (2001 en 2002).

3.4.2 Beredenering

3.4.2.1 Niemand kan oor homself en sy eie saak onpartydig oordeel nie (HK V/A 112; Hand 5:3; 1 Kor 5:12; 1 Kor 6:1-6). Regspraak vereis absolute onpartydigheid, anders is dit vir die Here 'n gruwel (Amos 5:7,15,24; Jes. 5:20-21; Matt 7:1 e.v. Matt 23:23; art.33 KO). Klassis Brakpan het egter nadat hy 'n negatiewe aanbeveling ten opsigte van br. Van Jaarsveld gemaak het

- 'n orde-mosie ingedien wat verdere debat oor die saak genuilband het, en
- deelgeneem aan die stemming van hierdie orde-mosie

**Besluit:** Kennis geneem.

3.4.3 Bevinding: Regskrenking word bewys.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.4.4 Aanbeveling: **Die Appèl slaag op hierdie grond.**

**Besluit:** Goedgekeur.

3.5 *Vyfde Appélgrond:* Die Sinode oordeel dat sondevergifnis nie die gevolge van sonde in hierdie spesifieke saak uitwis nie en dat dit die eer van God en die stigting van die kerk in gedrang bring (2001 en 2002).

3.5.2 Beredenering

3.5.2.1 Sonde het gevolge want dit onstig die kerk van die Here en veroorsaak onmin, aanstoot, verdeeldheid en skeuring. Die bediening van die versoening behoort egter met loop van tyd hierdie nadelige gevolge uit te werk. Die appèllant wys dus nie uit hoe hierdie sin in die besluit van die Part. Sinode reg krenk nie. Bowendien raak hierdie grond nie die wese van die Appèl nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.5.3 Bevinding: Regskrenking word nie bewys nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.5.4 Aanbeveling: **Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.**

**Besluit:** Goedgekeur.

3.6 *Sesde Appélgrond:* Die toepassing van die audiem et alteram partem reël ontbreek deurdat Br. Kruger en Br. Van Jaarsveld nie die geleentheid gebied is om die beswaarkommissie toe te spreek nie.

3.6.1 Beredenering

3.6.1.1 Die Appellant het hom weer tot Part. Sinode 2002 gewend met 'n Beswaarskrif teen die prosedure van besluitneming in 2001. In hulle Beswaarskrif het hulle dieselfde Beswaargrond as by Appélgronde 1, 2 en 3. Hulle het toe alreeds kennis gegee dat hulle gaan appelleer, maar tog nog probeer om die regskrenkende optrede op Part. Sinode 2002 reg te stel. Die Appellant bewys nie dat Part. Sinode 2002 in sy prosedure die reëls van natuurlike geregtigheid oortree het nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.6.2 Bevinding: Regskrenking word nie bewys nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.6.3 Aanbeveling: **Die Appèl slaag nie op hierdie grond nie.**

**Besluit:** Goedgekeur.

3.7 *Sewende appélgrond:* Die Sinode het kennis geneem dat dié Appélgrond teruggetrek is.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 4. Aanbeveling

Die Appèl slaag in sy geheel.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 5. Konsekwensie

Dat die hele aansoek van vooraf (*de novo*) begin by die Kerkraad van Nigel.

**Besluit:** Kennis geneem.



## 12.2.5 APPÈL VAN BL SMIT TEEN BESLUIE VAN DIE OOSTELIKE PARTIKULIERE SINODE, NOVEMBER 2001 (Artt.8, 17, 171, 212)

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

- A. Ds. SC Vorster stel die Regskommissie se Rapport.
- B. Br. BL Smit stel die Appèl.
- C. Ds. PJ van der Walt lewer toeligting namens die Oostelike Partikuliere Sinode.
- D. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 2.
- E. Ds. SC Vorster rapporteer namens Appèlkommissie 2.
- F. Die Toeligter en Appellant lewer repliek.

### G. APPÈL

Ek appelleer teen besluite van die vorige Part. Sinode van November 2001 insake 'n Appèl teen besluite van Klassis Brakpan, welke besluite vervat is in

- 1.1 Artikel 10 (vgl Bylae 5) Rapport: *Classis Contracta* Part. Sinode notule bls. 71 en 72 aangevul deur getikte artikel 10 Rapport *Classis Contracta* (Bylae 5) bls. 7-10. Hierby aangeheg gemerk "A".
- 1.2 Art. 11 bykomende Rapport : Korresponderende Kerkraad (Bylae 6) 11.2.1 en 11.2.2 soos op bladsy 72 van Notule en bl. 10 van getikte notule. Sien aanhangsel "A".
- 1.3 Artikel 28 van Part. Sinode notule bl. 78 en 79 aangevul deur getikte weergawe bl. 40 hierby aangeheg gemerk "C".
- 1.4 Sien skrywe van die Korresponderende Kerkraad gedateer 10.02.02 hierby aangeheg gemerk "D".

### Kort agtergrondskets

- 2.1 Appellant het by aanvraag van bogenoemde besluite by die Korresponderende Kerkraad kennis gegee van sy voorneme om na die Nasionale Sinode 2003 te appelleer. Na ontvangs van die besluit het Appellant kennis gegee aan die Deputate vir Korrespondensie van die Nasionale Sinode by die Admin. Buro van Potchefstroom.

In onderhandeling het bogenoemde Deputate saamgestem dat die weg van beswaar teen en versoek tot hersiening van die besluite van die vorige Part. Sinode by die volgende Part. Sinode (November 2002) moontlik was, dat die saak eintlik daar tuis behoort (KO, art.30) en dat dit die Nasionale Sinode 2003 kan bevoordeel as die noodsaaklikheid vir Appèl in 2002 weggeneem word. Indien dit nie gebeur nie, sal Appellant se kennisgewing van Appèl in die Aanvullende Agenda van Sinode 2003 opgeneem word.

Ek het die Korresponderende Kerkraad van die Klassis in kennis gestel van die moontlikheid dat my Appèl wat in November 2001 nie ontvang is nie, moontlik deur die Part. Sinode in 2002 behandel sal word indien my beswaar in November 2002 sou slaag.

Ek het die reg voorbehou om in die lig van 2.2. hierbo en KO, art.31 na die Nasionale Sinode in 2003 te appelleer indien die Part. Sinode van November 2002 my besware in hierdie stuk en my Appèl van November 2001 nie behoorlik oorweeg of beantwoord nie.

Aangesien die Part. Sinode van November 2002 my besware (en Appèl van November 2001) onontvanklik verklaar het, beroep ek my as Appellant op die reg om in die lig van 2.2 hierbo en KO, art.31 na die Nasionale Sinode te appelleer.

- Appellant het op 13 Maart 2001 'n Beswaarskrif "*Ongerymdhede – Toeplak van Notules*: aan die Kerkraad van Springs-Oos voorgelê.
- Appellant is op 20 Augustus 2001 van die Kerkraad se besluit verwittig, wat as volg gelui het: "*Dat die Kerkraad geen gronde vind vir die broeder se besware nie – derhalwe slaag die Beswaarskrif op geen gronde nie. Besluit goedgekeur.*"
- Appellant voer aan dat die Kerkraad se besluit in stryd is met Skrif, Belydenis en Kerkorde, waardeur die Appellant se reg gekrenk is.
- Appellant het na die Eerwaarde Klassis geappelleer waar sy Appèl op 20 en 26 September aangehoor is.  
'n Kort opsomming van die Appèlgronde wat Appellant by die Klassis Brakpan aangevoer het:-
- Die Kerkraad se kondonering van onordelike kerklike notules in terme van die **negende gebod** en **KO, art.43**.
- Die Kerkraad se weiering om regskenking te aanvaar waar die Appellant persoonlik betrokke was by die nie-nakoming van KO, art.43 (bladsye toegeplak in Notule);
- Dat die Kerkraad geen motivering vir sy besluite aan die Appellant aanvoer nie.

Die volgende gebeure het voor en tydens die Klassis-sittings op 20 en 26 September 2001 plaasgevind wat die Appellant se reg verder gekrenk het:-

Appellant se Appèl moes 14 (veertien) dae voor datum van sitting op die Korresponderende Kerkraad van Klassis Brakpan asook die Kerkraad van Springs-Oos beteken word;

Die Kerkraad van Springs-Oos het 'n Verweerdokument, (aansoek "F"), by die Klassis ingehandig welke Verweerdokument eers tydens die aanhoor van die Appèl uitgedeel is en op daardie stadium vir die eerste keer deur Appellant onder oë gekry is. Dit terwyl punte in die verweer buite die Kerkraadsbesluit (aansoek "D") geargumenteer word.

Die Appèlkommissie het die Appellant se aansoek om toestemming tot uitstel om die Verweer te bestudeer, geweier.

Die Appèlkommissie het tydens die behandeling van die Appèl eers ds. Van Schaik, daarna die verweerders en laastens die Appellant afsonderlik ontmoet en aangehoor.

Daarna het die Appèlkommissie hul Rapport gelewer waarop die Klassis hul besluit geformuleer het.

### **Appellant appelleer na November 2001 se Part. Sinode**

Appellant appelleer teen die Rapport van die Appèlkommissie wat deur die Klassis as sy besluit aanvaar is.

Op 5 November 2001 was Appellant se Appèl nog nie gereed nie en hy het op sterkte van die prosedure gevolg deur die Klassis, besluit om sy Appèl verkieslik direk by die Part. Sinode waar dit tuishoort ingevolge KO, art.30 in te dien.

Hierby aangeheg 'n skrywe van die Appellant gedateer 5 November 2001 en gerig aan Die Deputate vir Korrespondensie, Part. Sinode Oos-Transvaal wat bogemelde bevestig, gemerk aansoek "E".

Op 20 November 2001 het die Part. Sinode art.28.2.3 Punt 3 Besluit : “Goedgekeur dat die Appèl nie ontvanklik is nie.”

### **Appèlgronde**

#### 4.1 *Appèlgrond 1*

Art.10 Rapport *Classis Contracta* (Bylae 5).

Art.10.1 Ds. EJ Tiemensma stel die Rapport.

BESLUIT: 10.2.1 Punte 1-2 kennis geneem.

10.3 Die Rapport word in sy geheel met dank goedgekeur.

(Sien asb par 5.12 by Motivering asook bl. 154 (by KO, art.33) van die Kerkorde in Praktyk deur Dr. Jan Visser [ter inligting]).

#### 4.2 *Appèlgrond 2 (Classis Contracta)*

Art.9.1 Die orde van die vergadering word so gereël dat die Rapport van die Classis Contracta eers dien.

Art.10 Rapport *Classis Contracta* (Bylae 5) Bl. 71 Notule, bl. 7 getikte Notule.

Art.10.2 BESLUIT:

10.3 Die Rapport word in sy geheel met dank goedgekeur.

(Sien par 5.3; 5.4; 5.5; 5.12 en 5.13 by motivering asook bl. 154 (by KO, art.33) van die KO in Praktyk deur Dr. Jan Visser.

#### 4.3 *Appèlgrond 3 (Regskommissie)*

Getikte Notule Bl. 7

Art.10.4.1.2 ‘n Regskommissie aan te wys om oor die ontvanklikheid van Appèlle te oordeel en aan die Part. Sinode daaroor ‘n aanbeveling te maak. Die Regskommissie werk op die inhoud van die Appèlle in sonder dat tot enige besluit geraak word.

Art.10.5.2.4 Die *Classis Contracta* het besluit om ‘n Regskommissie te benoem om oor die ontvanklikheid te oordeel indien die Appèlle ontvang word.

Art.10.5.2.5 Regskommissie: Di. CJH Breed (sameroeper) HF van Wyk (skriba) D Laufs, oudle. WJ Coetzee (Secunda) GCB Vilionel (Primrose) en CW Schutte (Alberton).

Art.10.7.3 Dat die werkswyse van die *Classis Contracta* met betrekking tot Appèlle punte 5.2.4 en 5.2.5 goedgekeur word.

Art.10.7.4 Dat die Regskommissie (Appèlle) as Appèlkommissie benoem word indien die Appèlle ontvanklik is.

10.2 BESLUIT:

10.2.1 Punte 1 – 2 kennis geneem.

10.2.2 Punt 3 (3.1-3.4) goedgekeur.

10.2.3 Punt 4 kennis geneem

10.2.4 Punt 5 kennis geneem in geheel.

10.2.5 Punt 6 kennis geneem.

10.2.6 Punt 7.1 goedgekeur.

10.2.7 Punt 7.2 goedgekeur, met as byvoeging dat die vergadering met hierdie besluit nie geprejudiseer is nie.

10.2.8 Punt 7.3 goedgekeur, met die volgende goedgekeurde besluit wat deur die vergadering bygevoeg word:

1 dat die Appellant die Appèlstukke by die Regskommissie inhandig sodat oor die ontvanklikheid geoordeel kan word;

- 2 dat almal wat die Kommissie wil ontmoet, die geleentheid daartoe het;
- 3 Dr. AJ Kruger neem die plek van Ds. CJH Breed en Ds. H Dijkstra neem die plek van Ds. D Laufs op die Regskommissie in soos aanbeveel in 5.2.5 van die Rapport van die *Classis Contracta*.  
goedgekeur.
- 10.2.9 Punt 7.4 goedgekeur.
- 10.2.10 Punt 8 kennis geneem.
- 10.3 Die Rapport word in sy geheel met dank goedgekeur.

Sien motivering veral par. 5.5, 5.6, 5.7, 5.10 en 5.13.

#### 4.4 Appèl 4 (getikte bl. 9)

Art.11: Bykomende Rapport Korresponderende Kerkraad (Bylae 6).

- 11.1 Ds EJ Tiemensma hou die Rapport aan die vergadering voor.
- 11.2 **VERSOEK AAN PARTIKULIERE SINODE:**
  - 2.1 Dat die Part. Sinode oor die optrede van die Korresponderende Kerkraad met betrekking tot die hantering van die kennisgewing van die Appèl, met inagneming van punt 7 van die skrywe van 5 November 2001 (aanvullende agenda 2001:107) uitspreek.
- 11.2 **BESLUIT:**
  - 11.2.1 Punt 1 – kennis geneem.
  - 11.2.2 Punt 2 – verwys na Regskommissie (Sien Bylae 21 Par 4.2).

Sien motivering, veral par 5.3, 5.6 en 5.10.

#### 4.5 Appèl 5

Art. 28 van die Part. Sinode Notule Bl. 78 en 79 aangevul deur getikte weergawe bl. 40 hierby aangeheg gemerk "C".

- 28.2 **BESLUIT:**
  - 28.2.1 Punt 1 – kennis geneem van konstituering.
  - 28.2.2 Punt 2 – kennis geneem van beoordeling.
  - 28.2.3 Punt 3 – goedgekeur dat die Appèl nie ontvanklik is nie.
  - 28.2.4 Punt 4.1 – goedgekeur ten opsigte van versoek deur Korresponderende Kerkraad.
  - 28.2.5 Punt 4.2 – die aanbeveling van die Kommissie word nie goedgekeur nie. Die Sinode neem kennis van die apologie wat die Appellant in die vergadering uitgespreek het.

Ter kennisname word hier ook verwys na Bylae 21 "B" Rapport van die Regskommissie oor die ontvanklikheid van Appèl punte 1 tot 4 en veral 4.2.

Die broeder word versoek om in die lig van die negende gebod die aantygings teen Klassis Brakpan (inleidende paragraaf van sy skrywe) en Ds. Tiemensma (punt 7 van die brief) met apologie terug te trek (het betrekking op 28.2.5 punt 4.2 hierbo ten opsigte van besluit).

#### Motivering

Aangesien die Appèlpunte verband hou met mekaar asook dat die een voortspruit uit die ander sal aparte motiverings die aaneenlopende verband tussen die Appèlle en gronde daarvoor benadeel. In 'n poging om die saak te vereenvoudig, om

noodwendige herhaling uit te skakel en om nie onnodige tyd in beslag te neem nie voorsien die Appellant een motivering waarby elke Appèl voldoende uiteengesit en verduidelik of behandel word om regskenking bo alle twyfel te bewys.

My motivering van die Appèlle teen die handeling van die Part. Sinode, November 2001 in artikels 10,11 en 28 van die notule is soos volg

Ek appelleer daarteen dat die Part. Sinode (notule art. 10) kondoneer dat die Korresponderende Kerkraad wat binne Klassis Brakpan val teen wie se besluit ek in Nov. '01 appelleer het, hulle bevoegdheid in KO, art.45 as adres vir die Part. Sinode oorskry het en my verduidelikende skrywe (5.11.2001) 'n afskrif aangeheg hierby gemerk "E", wat die ontvanklikheid van my Appèl op die Part. Sinode wat volgens die Appèlprosedure by KO, art.31 sub *judice* by die Part. Sinode was, na 'n onbevoegde "*Classis Contracta*" verwys het. Die "*Classis Contracta*" ressorteer in Klassis Brakpan en het selfs minder status as Klassis Brakpan. Tog oordeel hulle *ultra vires* prejudsiserend oor die ontvanklikheid van 'n Appèl op die Part. Sinode Nov. '01 wat juis teen 'n besluit van Klassis Brakpan gerig was. Die Korresponderende Kerkraad en sogenaamde *Classis Contracta* was regtens nie bevoeg om oor my oorwegings te oordeel waarom ek my Appèl "verkieslik" nie by die Korresponderende Kerkraad binne Klassis Brakpan 14 dae voor die tyd wou indien nie wat bygedra het tot vertraging sodat ek die Appèl nie betyds (14 dae voor die Part. Sinode) gereed kon kry nie (vgl my skrywe 5.11.2001). Ek het "verkieslik" inhandiging 14 dae voor die vergadering volgens Sinode 1985 (bls. 524-525) nie as voorwaarde verstaan om 'n reg wat in die Kerkorde (art.31) gewaarborg is, te beoefen nie.

Die Part. Sinode het met die aanvaarding en behandeling van die Rapport van die *Classis Contracta* 'n *ex parte* vertrekpunt vir die beoordeling van die ontvanklikheid van my Appèl geneem en daarmee ook KO, art.33 geskend deurdat kerke uit Klassis Brakpan regter in hulle eie saak geword het en bygedra het dat my Appèl nie deur die Part. Sinode ontvang is nie.

Die Part. Sinode Nov. '01 (notule art. 10) vergroot bogenoemde regskenking wanneer dit hoor en kondoneer dat 'n "*Classis Contracta*" my skrywe van 5.11.01 na 'n "Regskommissie" verwys het wat steeds binne die gebied van Klassis Brakpan optree. My skrywe van 5.11.01 handel oor ontvanklikheid van my Appèl wat volgens die Appèlprosedure agter in die KO-boekie by art.31 KO by die Part. Sinode tuishoort. Dit word egter *ultra vires* deur 'n ongemagtigde *Classis Contracta* na hulle "Regskommissie" binne die Klassis verwys wat 'n "party" in my Appèl by die Part. Sinode is. Die *ultra vires* "Regskommissie" ignoreer ses argumente in my skrywe van 5.11.01 maar gryp die sewende argument aan asof ek die naam en eer van ds. Tiemensma geskend het. Sien bevinding van die "Regskommissie" aanhangsel "B" hierby. Dit is regskenking.

Via die Rapport van die Regskommissie van die Part. Sinode (art. 28 notule) kom die beskuldiging dat ek ds. Tiemensma te na sou gekom het ter tafel (wat vals was omdat ek slegs na sy status binne Klassis Brakpan en in die korresponderende Kerkraad van die Part. Sinode verwys het). Ek vestig aandag op die feit dat die Regskommissie wat volgens art. 10 benoem is en in art. 28 rapporteer, nie sonder invloed van die korresponderende Kerkraad en *Classis Contracta* van Klassis Brakpan geskied het nie. My Appèl word onontvanklik verklaar maar op een of ander wyse neem die Part. Sinode my persoon ter tafel omdat ek sogenaamd my aan ds. Tiemensma met punt 7 van my skrywe van 5.11.01 sou vergryp het. Ek word van Appellant tot beskuldigde gemaak en die Part. Sinode neem dit ter tafel soos art. 28 van die notule bewys. Die bewoording in die notule art. 28 gee daarom ook nie my "verduideliking" weer wat ek in die Sinode gelewer het nie naamlik dat ek niks

persoonlik teen ds. Tiemensma het nie maar kyk na sy posisie en status in Klassis Brakpan en as voorsitter van die Korresponderende Kerkraad van Part. Sinode. Ek het my nie aan sy naam en eer vergryp nie. Die verduideliking het ds. Tiemensma in Part. Sinode '01 aanvaar. Ek maak beswaar teen die refleksie in die notule van art. 28 op my naam en eer as of ek my met ds. Tiemensma moes versoen het omdat ek hom te na gekom het. Dit is 'n klad op my naam en eer waaraan ek nie skuldig is nie. Die Korresponderende Kerkraad (KO, art.45) het met en/of sonder enige ander Kerkraad (*Classis Contracta*) geen jurisdiksie oor my skrywe gehad en kon allermins oor die ontvanklikheid van my Appèl oordeel. Hulle kon my skrywe van 5.11.01 hoogstens op die agenda van die Part. Sinode plaas. Die liggaam genoem in art. 10 van die Part. Sinode '01 het daarmee volgens KO, art.30 niks mee te doen nie. As gevolg van die prejudiserende handeling en reëlings tydens die Part. Sinode '01 het ek nie behoorlik geleentheid gekry om my skrywe in die Part. Sinode of in 'n Regskommissie van die Part. Sinode te verduidelik nie. My reg is deurlopend gekrenk. Daarteenoor het die Regskommissie ds. Van Schaik, voorsitter van die Kerkraad van Springs-Oos teen wie die eerste Appèl by Klassis Brakpan gegaan het, vir bykans 'n uur in die Regskommissie verkeer sonder dat ek en my seun, toegelaat was om te hoor wat gesê word en in kruisverhoor getuienis kon toets. Toe ons uiteindelik ingeroep is, het die Kommissie my gekonfronteer aangaande inligting wat ds. Van Schaik aan hulle oorgedra het betreffende die gesindheid wat tussen my en ds. Van Schaik oor 'n tydperk sou heers. Ek het nooit geleentheid gehad om my teen die sogenaamde “verweer” voor Klassis Brakpan of bewering van ds. Van Schaik voor die Regskommissie van die Part. Sinode te verweer of bewerings teen my met kruisverhoor te toets nie. Ek beweer dit is regskenkend wanneer die Regskommissie van die Part. Sinode 'n party waarteen die Appèl gaan, toelaat om getuienis te lewer sonder om die Appellant wat die saak op die tafel plaas toe te laat om die getuienis te hoor en te toets.

Die effek van die sogenaamde “verweer” van Springs-Oos in Klassis Brakpan (genoem in my skrywe 5.11.01) het my ernstig laat twyfel oor die wenslikheid om die Appèl teen Klassis Brakpan 14 dae voor die tyd aan persone in die gebied van Klassis Brakpan te oorhandig, terwyl die Klassis wat besluit het nie meer in sitting was en soos Springs-Oos 'n “verweer” kon opstel nie. Watter sin sou dit gehad het om die Appèl teen 'n Klassisbesluit 14 dae voor die tyd te oorhandig as die Klassis Brakpan nie funksioneer het in die verweer nie? Is persone binne die ressort van Klassis Brakpan gemagtig om die Klassis te wees?

Van die instansies in my skrywe van 5.11.01 genoem was daarom party in die geding. Dit is my submitisie dat die Appèl teen Klassis Brakpan by die Part. Sinode wat nog nie gevorm was nie, tuishoort en nie by instansies binne Klassis Brakpan ingedien kon word nie.

Die Part. Sinode (art. 10.2.7) vermoed korrek en regtens prejudisering maar maak dit eenvoudig af met die “byvoeging dat die vergadering met hierdie besluite nie geprejudiseer is nie”, asof 'n blote ontkenning die feit van prejudisering uitskakel. Ek sal met verdere betoog, byvoorbeeld oor punt 7 van my brief (van 5.11.01) aanvoer dat ek van Appellant tot beskuldigde in die Part. Sinode gemaak is terwyl regsgronde in punte 1 tot 6 van my brief nie beantwoord is nie. My hele begeleidende skrywe soos in die Agenda van Part. Sinode 2001 opgeneem is onafskeidbaar aan die Appèl verbonde en hoort tuis by die vergadering waar die Appèl volgens KO, artt.30 en 31 tuishoort.

Die Part. Sinode 2001 het die voorbeeld van die Regskommissie gevolg van “*Classis Contracta*”. Hulle het albei net my inleidende paragraaf en punt 7 van my skrywe ged. 5.11.01 gegryp. Hulle het dit alleen ter tafel geneem, dit bespreek, daaroor gestem en besluite oor geneem. (Art. 28.2.5 punt 4.2). Dit terwyl my Appèl juis teen Klassis Brakpan gaan en my Appèl toe reeds Art. 28.2.3 punt 3 onontvanklik verklaar is (verteenwoordigers van Klassis Brakpan het ook gestem).

Die Regskommissie (asook die Part. Sinode) moes elk van my 7 argumente oorweeg en beantwoord het. (Dit wil sê beredeneer en weerlê het as agendapunt.) Geen poging is aangewend om punte 1 tot 6 te weerlê nie indien hulle ooit daarvan kennis geneem het. Hierdie punte is juis stof wat onontvanklikheid al dan nie moes help bepaal.

My reg is gekrenk deurdat:

- (a) Die ander 6 punte nie weerlê of selfs beantwoord is nie.
- (b) Dit nie oorweeg is dat Klassis Brakpan ‘n party in die geding was nie.
- (c) My persoon te na gekom is deur hierdie optrede in die Part. Sinode soos in die skrywe uiteengesit en my reg deurlopend gekrenk is soos beskryf en uiteengesit.

Ek wil aanvoer dat Sinode 1985 vra dat ‘n Appellant “waar moontlik (verkieslik 14 dae) voor die betrokke meerdere vergadering sy Appèl ... tot beskikking van die” instansies genoem in KO, art.45 stel” (bls. 525) daarmee allermens ‘n kerkwet en absolute vereiste gemaak het, maar dat diskresie aan beide kante toelaatbaar is. Die Sinode praat van “alleen maar ‘n prosedurereëling” wat nie die beroep van die Appellant op die meerdere vergadering in gedrang bring nie (Sinode 1985: punte 3.1, 3.2, bls. 524 en bls. 525 punt 2). Die sogenaamde “*Classis Contracta*” en sy Regskommissie het in stryd met die bedoeling, gees en reikwydte van die besluit van Sinode 1985 die spertyd van 14 dae so absoluut vertolk om Klassis Brakpan in die Appèl te bevoordeel. Part. Sinode '01 het so regspleging volgens KO, art.31 verydél deur ‘n gerieflikheidsreëling van Sinode 1985 bo die reg in die Kerkorde te verhef en my Appèl onontvanklik te verklaar. Dit noem Visser in die *Kerkorde in praktyk* (1999:143) “verdere regskrenking”. My begeleidende skrywe (5.11.01) by my Appèl aan die Part. Sinode Nov. '01 is onafskeidelik aan die Appèl verbonde en hoort slegs by die vergadering tuis by wie ‘n Appèl volgens KO, artt.30 en 31 tuishoort.

In my Appèl wat die Part. Sinode van Nov. '01 onontvanklik verklaar, voer ek gronde aan teen ‘n uitspraak Klassis Brakpan wat ‘n Appèl teen ‘n besluit van die Kerkraad van Springs-Oos verwerp. Die Appèl spreek vir homself (sien Bylae “F” hierby aangeheg). Daardie uitspraak is deels op onbewese bewerings teen my persoon gegrond omdat die “verweer” verder gegaan het as om die besluit van die Kerkraad van Springs-Oos deur ook die persoon van die Appellant aan te val asof hy ‘n aksie teen die predikant voer. Ds. Tiemensma wat die Rapport van die “*Classis Contracta*” volgens art. 10.1 aan die Part. Sinode lewer, was lid van die Klassis teen wie se besluit ek appelleer het. Hy tree dus in art. 10 van die besluit van die Part. Sinode Nov. '01 in stryd met KO, art.33 en administratiewe reg (volgens Wiechers) op as regter in sy eie saak binne Klassis Brakpan met wie se besluit hy hom verenig het. Ek is nie gehoor toe die *Classis Contracta* my skrywe van 5.11.01 behandel het nie. Dit is regskrenking.

Selfs al sou bevind word dat die “*Classis Contracta*” met sy “Regskommissie” bevoegdheid gehad het om my begeleidende skrywe (5.11.01) te beoordeel, vind ek dit ‘n growwe krenking van reg dat ek as Appellant en skrywer van die brief (5.11.01)

nie geroep of gehoor was in die beoordeling van my saak nie. Die prosedure wat die Part. Sinode in art. 10 kondoneer, is in stryd met die Kategismusverklaring van die 9de gebod en die administratiewe reg. Ek kan die regsbewyse uit gewone regspleging aanvoer as die Part. Sinode dit verlang en die nodige tyd daarvoor gee.

Hiermee meen die Appellant dat hy sy gronde waarop sy Appèl rus volledig en duidelik gestel het.

## **H. RAPPORT VAN DIE REGSKOMMISSIE**

### **1. Saak waaroor dit handel**

Appèl van B.L. Smit teen 'n besluit van Partikuliere Sinode Oos-Transvaal wat sy appèl daar **onontvanklik** verklaar het. (Hierdie appèl is vroeër deur hierdie Nasionale Sinode ook onontvanklik verklaar.)

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Sinode neem kennis**

- 2.1 Op grond van 'n aanbeveling van die Ordekommissie het hierdie Sinode bogenoemde Appèl na Appèlkommissie 2 verwys.
- 2.2 In hulle Tweede Rapport insake Appèlle en Beswaarskrifte (punt 3.2.1.2) het die Regsdeputate aanbeveel dat bogenoemde appèl **nie ontvanklik** verklaar word nie. Daarvoor gee hulle die volgende motivering:
  - a. *“Die besluite word nie verbatim aangehaal nie, hy haal wel verskillende stukke aan.*
  - b. *Appèlgronde is nie duidelik omskryf en beredeneer nie.*
  - c. *Die appèl gaan oor 'n besluit van 2001. Daar word nêrens aangedui dat die Appellant betyds kennis gegee het aan die betrokke Part. Sinode en Nasionale Sinode nie.*
- 2.3 Appèlkommissie 2 het egter nadat hulle die Appèl oorsien het, bevind dat alhoewel bogenoemde faktore die beoordeling van die appèl uiters moeilik kan maak, dit egter nie **onmoontlik** is om regspraak te lewer nie omdat die Appellant wel in sy Bylaes die beweerde regskrenkende besluit aantoon. Die Appellant gee in sy appèlskrif die opskrif "Motivering" maar bedoel daaronder sy eintlike gronde vir appèl.
- 2.4 Die Kommissie bevind dat ter wille van die dien van die saak, administratiewe geregtigheid en deursigtigheid die appèl wel formeel ontvanklik is. Goeie regspraak is buitendien tot eer van die Here.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **3. Die Sinode besluit**

Dat bogenoemde Appèl ontvanklik verklaar word.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **I. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Om die Nasionale Sinode te adviseer oor die Appèl van br. BL Smit teen besluit van die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal 20 November 2001 oor die ontvanklikheid van sy Appèl

**Besluit:** Kennis geneem.



## 2. Sinode neem kennis

### 2.1 Werkswyse

- 2.1.1 Die Appellant en toeligers is in mekaar se teenwoordigheid aangehoor – met groot dank vir die baie mooi broederlike wyse waarop hierdie saak tot eer van die Here gedien kon word!

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2.2 Besluit waarteen geappelleer word:

Part. Sinode Oos-Transvaal het na aanleiding van 'n Rapport van die Regskommissie oor die ontvanklikheid van die Appèl van br. BL Smit op 20 November 2001 het, besluit:

*“Beoordeling:*

#### 2.1 Brief aan die Korresponderende Kerkraad.

2.1.1 Dit was vir die Appellant moontlik om die appèlstukke betyds in te dien – hy het “verkies” om dit nie te doen nie.

#### 2.2 Sinode 1985 laat **slegs ruimte** indien daar nie genoeg tyd verloop nie, en laat nie ruimte vir willekeur van die Appellant nie. (klem – Appèlkommissie).

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2.3 Relevante feite:

- 2.3.1 Op grond van 'n Beskrywingspunt van Klassis Brakpan, het Part. Sinode Oos-Transvaal 29 November 1983 die volgende besluit (Bylae 1):

*“Dat 'n Appellant **ten minste veertien (14) dae voor die aanvang** van die meerdere vergadering waar sy Appèl sal dien, die skriftelike uiteensetting van die gronde van sy beswaar sal indien, en dat die stukke tot beskikking van die afgevaardigdes van die meerdere vergadering gestel sal word.”* (klem – Appèlkommissie).

- 2.3.2 Klassis Brakpan het gevra dat Part. Sinode Oos-Transvaal die Beskrywingspunt “...oorweeg om na die Nasionale Sinode deur te stuur.” Die oorspronklike bedoeling van hierdie Beskrywingspunt is dat dit “...’n *toevoeging tot appèlprosedures...*” moet wees soos Sinodes 1936 en 1939 besluit het. (Kerkordeboekie)

- 2.3.3 Sinode 1985 (Acta, 1985:524,525) besluit:

*Die Appellant stel **waar moontlik (verkieslik 14 dae)** voor die betrokke meerdere vergadering sy appèl, met uiteensetting van gronde skriftelik ter beskikking van die korresponderende Kerkraad/Deputate vir korrespondensie (KO, art. 45) (beklemtoning – appèlkommissie).*

- 2.3.4 Beide die Appellant en Toeligers is bekend met hierdie besluite.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 2.3 Wese van Appèl

Die Appèl fokus op een saak – die Appèl op Part. Sinode 2001 word **onontvanklik** verklaar aangesien dit nie **“...ten minste binne veertien vóór die vergadering...”** skriftelik by die Korresponderende Kerkraad ingedien is nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 3. Sinode besluit

- 3.1 *Appèlgrond:* Met toestemming van die Appellant formuleer ons die Appèlgrond soos volg:

My reg word gekrenk omdat my Appèl onontvanklik verklaar is op grond van 'n formele en rigiede afdwinging van 'n prosedurereël.

### 3.2 *Beredenering*

3.2.1 Die besluit van Nasionale Sinode 1985 gee 'n ordelike riglyn waarop Appèlskrifte ingedien kan word, met die bepaling "... waar moontlik (verkieslik 14 dae)..." - 'n redaksionele wysiging dus van die oorspronklike Beskrywingspunt soos deur Part. Sinode Oos-Transvaal deurgestuur is. Hierdie besluit – omdat dit die laaste woord oor die Beskrywingspunt is – is dus die geldende besluit.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.3 *Bevinding*

3.3.1 Die Appellant bewys, deurdat Part. Sinode Oos-Transvaal 2001 die reël te rigied toegepas het, reg gekrenk word.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 4. **Aanbeveling**

Die Appèl slaag.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 5. **Konsekwensie**

5.1 Dat die Appèl van vooraf (*de novo*) deur Oostelike Part. Sinode 2003 kragtens artt.30 en 31 KO hanteer word.

5.2 Die Appellant het in die ontmoeting met die Appèlkommissie aangedui dat hy 'n pad van versoening wil loop alreeds vóór Oostelike Part. Sinode 2003. Alle betrokkenes by hierdie saak moet asseblief van hierdie gesindheid deeglik kennis neem.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 12.2.6 **APPÈL WR DIJKSTRA EN ANDER TEEN DIE 'N BESLUIT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORDWES 2001 (Artt.8, 17, 37, 201)**

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

A. Br. GL Erasmus stel die Appèl.

B. Dr. WC Opperman en ds. JH Jordaan lewer toeligting namens Partikuliere Sinode Noordwes.

C. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 3.

D. Ds. SD Snyman rapporteer namens Appèlkommissie 3.

E. Die Toeliger en Appellant lewer repliek.

## F. **APPÈL**

Appèl teen die uitspraak van Part. Sinode Noordwes op 20 Nov. 2001 dat 'n Beswaarskrif onontvanklik is, waarmee ons reg tot regspraak op die vergadering geweier is.

1. **Besluit waarteen appelleer word:** (Bylae 1. Notule par. 10.1.2 p.36) lui soos volg:

**Aanbeveling:** Die Kommissie beveel aan dat die Beswaarskrif nie ontvanklik is nie op grond van KO, art.46. Daar kan nie beswaar gemaak word teen 'n appèl-uitspraak by dieselfde vergadering wat die uitspraak gemaak het nie. Daar is geen aanduiding van nuwe materie in die Beswaarskrif wat nie reeds in die Appèl behandel is nie. KO, art.31 reël dat wanneer iemand 'n klagte het dat hy deur 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.

**Besluit:** Die Part. Sinode keur die aanbeveling goed.

2. **Gronde van Appèl**

Die onkerkordelike besluit dat die Beswaarskrif onontvanklik is op grond van KO, art.46 krenk ons reg tot regverdige verhoor.

Vir die doeleinde van die Appèl word die aanvaarde motivering tot die besluit waarom die Beswaarskrif onontvanklik is volgens KO, art.46 in drie onderdele verdeel.

- (a) “Daar kan nie beswaar gemaak word teen 'n appèl-uitspraak by dieselfde vergadering wat die uitspraak gemaak het nie.
- (b) “Daar is geen aanduiding van nuwe materie in die Beswaarskrif wat nie reeds in die Appèl behandel is nie.
- (c) “KO, art.31 reël dat wanneer iemand 'n klagte het dat hy deur 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.”

- 2.1 Oor (a) en (c):

2.1.1 Daar kan en mag beswaar gemaak (gravamen) word teen enige besluit van 'n vergadering ongeag of dit 'n appèlsaak was al dan nie. Dieselfde Klassis-Regskommissie verklaar tereg (Bylae 1. par. 10.2.2 p.37): “Die bedoeling van 'n Beswaarskrif is om 'n vergadering te versoek om sy besluit in heroorweging te neem.” Hiermee weerspreek die Kommissie en die Part. Sinode homself. KO, art.46 maak juis voorsiening vir “tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander”.

2.1.2 KO, art.31 bepaal die **reg** tot appèl – **kan** hy hom op 'n meerdere vergadering beroep, nie **moet** nie. Die weg van beswaar kan en mag eers gevolg word indien die beswaarde dit verkies, om daarna eers te kan en mag appelleer indien nodig.

- 2.2 Oor (b):

2.2.1 Een doel van KO, art.46 is dat dieselfde saak nie herhaaldelik op 'n vergadering bespreek word nie, tensy nuwe materiaal voorgelê word. 'n Appèl is nie 'n Beswaarskrif nie. 'n Beswaar teen 'n appèl-uitspraak, is in wese 'n nuwe saak waaroor die vergadering versoek word om te herbesin; nie 'n herhaling van dieselfde saak nie, aangesien Appèle in KO, art.31 gereël word. 'n Beswaarskrif is in wese 'n Beskrywingspunt (Handelinge 1991:527-8, meer spesifiek par H 3 en 4). Dit is die broederlike plig van so 'n vergadering om die besluit te heroorweeg in die lig van dieselfde en – in hierdie geval – nuwe en bykomende dokumentasie t.o.v. die feite soos in par 2.2.3 aangetoon word.

2.2.2 Voortvloeiend uit 2.1 en bykomstig tot par 2.2.1, hoef 'n Beswaarskrif geen nuwe materie te bevat nie. Die vergadering kan en mag o.a. versoek word om in die lig van die beskikbare feite in die Appèlskrif, sy besluit te heroorweeg.

- 2.2.3 Die stelling dat die Beswaarskrif geen nuwe materiaal bevat waaroor die vergadering nie reeds gehandel het nie, is 'n leuen. Telkens word in die Beswaarskrif nuwe dokumentasie voorgelê (vgl Bylae 2. Beswaarskrif par. 2.1.1, 2.1, 2.2, 2.3, 2.7, 2.81, 2.9.1&2).
- 2.2.4 Die Beswaarskrif beredeneer en betwis ook sekere uitgangspunte van die besluit. Dis tog nuwe stof wat nie in die Appèl staan nie (vgl Bylae 2. Beswaarskrif par 2. elke punt).  
Die bewering dat die Beswaarskrif geen nuwe materiaal bevat nie en daarom onontvanklik is, is enersyds nie van toepassing nie, andersins onwaar en krenk daarmee ons reg tot regspraak.
- 2.3 Oor (c): KO, art.31 bepaal dat 'n beswaarde na 'n meerdere vergadering **kan** appelleer, nie **moet** nie. Die reg en weg van beswaar sowel as van Appèl word kerkregtelik in onderskeidelik KO, artt.46 en 31 verskans. Beide is 'n broederlike weg tot regspraak. As beswaardes het ons juis die pad van beswaar gekies sodat die pad van gesprek met Kimberley oop bly en nie blokkeer word vanweë die 6 weke waarbinne kennis gegee moet word van 'n Appèl nie, en dan as *sub judice* nie behandel kan word nie. Dat Kimberley desondanks alle gesprek en korrespondensie met die Dordt-groep sowel as enkelinge geweier het – destyds en tot op datum – is nie aan ons gebrek aan toenadering of gesindheid te wyte nie.
- 2.4 Die tegniek van die Part. Sinode om die Beswaarskrif op onordelike wyse onontvanklik te verklaar, skep 'n bykomstige probleem wat regsverdelend is. Sou hierdie Appèl na die Nasionale Sinode slaag, beteken dit dat Part. Sinode Noordwes die Beswaarskrif weer ter tafel moet neem en wel eers in Okt/November 2003. Intussen sloer die wesentlik Christelike, naamlik dat daar tot beslissing en versoening gekom moet word. Die sloer-metodes wat die Kerkraad van Kimberley, Klassis Griekwaland-Wes sowel as Part. Sinode Noordwes volg, lei slegs tot verdere verwydering en selfs verbittering. Die Kerkraad en predikante van Kimberley weier alle korrespondensie, verskaf geen verdere Kerkraadsbesluite behalwe die enkele op 30 Aug 2000 nie. Verskeie skriftelike versoeke ten spyt; weier bogenoemde enige gesprek en maak valse verklarings in die kerkverband sowel as by meerdere vergaderings rakende die groep Gereformeerdes waarvan ons op Orania deel is, bv. dat ons die bediening deur Kimberley beëindig het, dat ons die versoek tot lidmatewees van Kimberley van die hand gewys het, dat ons nie versoening soek nie, dat Kimberley 'n ander bedieningssooreenkoms met ons onderhandel het, ens. In plaas daarvan dat meganismes in werking gestel word om versoening te bevorder, word slegs na die ongenoemde besluite van meerdere vergaderings verwys wat sogenaamd nie honoreer word nie, sonder om aan te dui watter besluite bedoel word en aan te dui waarin die besluite nie eerbiedig word nie.

Hiermee versoek ons die eerwaarde Sinode om tot eer van Christus en behoud en opbou van Sy kerk, die Appèl gunstig te oorweeg, sodat die pad van regverdige verhoor en aanhoor onbelemmerd geloop kan word. Dis die enigste weg van versoening.

## **G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Die Appèl van Dijkstra e.a. November 2001.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 2. Sake vir kennisname

- 2.1 Die Appellante sowel as ds. Jordaan namens die toeligers / verweerders is aangehoor.
- 2.2 Die Appellante het in November 2000 by Part. Sinode Noordwes teen 'n besluit van Klassis Griekwaland-Wes geappelleer. Die Appèl het nie geslaag nie.
- 2.3 In November 2001 teken die Appellante beswaar aan (KO 46) teen die Part. Sinode se afwysing van hulle appèl die vorige jaar. Die Part. Sinode verklaar hierdie beswaar onontvanklik. Die besluit van die Part. Sinode is die goedkeuring van die volgende:

“Die Kommissie beveel aan dat die Beswaarskrif nie ontvanklik is nie op grond van KO, art.46. Daar kan nie beswaar gemaak word teen 'n Appèl-uitspraak by dieselfde vergadering wat die uitspraak gemaak het nie. Daar is geen aanduiding van nuwe materie in die Beswaarskrif wat nie reeds in die Appèl behandel is nie. KO, art.31 reël dat wanneer iemand 'n klagte het dat hy deur 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.”
- 2.4 Die Appellante appelleer nou by hierdie Sinode teen bg. onontvanklik-verklaring van hulle Beswaarskrif deur Part. Sinode Noordwes van November 2001.

**Besluit:** Kennis geneem.

## 3. Beoordeling van Appèlgronde

### 3.1 *Appèlgrond 1*

#### 3.1.1 Beredenering

- 3.1.1.1 Die Appellante voer aan dat daar volgens KO 46 teen enige besluit van 'n kerklike vergadering beswaar gemaak kan word en dus ook teen 'n besluit wat 'n Appèl afwys (vgl Appèlskrif 2.1.1).
- 3.1.1.2 Die Kommissie oordeel dat dit wel in sekere omstandighede moontlik sou wees om teen die afwysing van 'n Appèl beswaar aan te teken, bv. as daar al 'n redelike aantal jare verloop het. So 'n beswaar sal egter nuwe materie moet bevat wat die noodsaak vir hersiening van die besluit oor die Appèl aantoon. Indien so 'n beswaar nie nuwe materie bevat nie, druis dit teen die bedoeling van KO 46 in, wat juis wil reël dat dieselfde sake nie oor en oor behandel word nie. Ook die regsbeginsel om nie regter in die saak te wees nie, moet in bogenoemde situasie (vgl 2.3 hierbo) in ag geneem word. Die beoordeling van hierdie Appèlgrond hang dus af van die vraag of die beswaar van die Appellante (in 2.3. hierbo genoem) nuwe materie bevat al dan nie en in hoeverre dieselfde kerke regter in die saak is al dan nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.1.2 Bevinding

Dat hierdie Appèlgrond nie voldoende is om regskrenking te bewys nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.1.3 Aanbeveling

Dat die Appèl op hierdie grond nie slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 3.2 *Appèlgrond 2*

#### 3.2.1 Beredenering

- 3.2.1.1 Die Appellante voer aan dat verdere Appèl wel 'n moontlike weg is, maar dat dit nie 'n verpligting is om te appelleer wanneer jy 'n saak verder wil voer nie. Daar kán wel eers beswaar aangeteken word, 'n weg wat hulle gekies

het omdat hulle dit as bevorderlik vir versoening beskou het (Appèlskrif 2.1.2 en 2.3).

3.2.1.2 Die Kommissie oordeel dat daar wel in uitsonderlike gevalle eers weer beswaar aangeteken kan word, met inagneming van wat in 3.1.1.2 hierbo gestel is. Hierdie betrokke geval is egter 'n tipiese situasie waarvoor KO 31 voorsiening maak, nl. Appèl na 'n meerdere vergadering.

Die moontlikheid van versoening word o.i. nie wesentlik beïnvloed deur die vraag of jy appelleer of beswaar aanteken nie, en kan dus nie as geldige motivering dien vir die indiening van 'n beswaar by die Part. Sinode i.p.v. 'n Appèl na die Nasionale Sinode toe nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.2.2 Bevinding

Dat hierdie Appèlgrond nie voldoende is om regskenking te bewys nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.2.3 Aanbeveling

Dat die Appèl op hierdie grond nie slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 3.3 *Appèlgrond 3*

#### 3.3.1 Beredenering

3.3.1.1 Die Appellante voer aan dat die feit dat die saak by Part. Sinode 2001 'n beswaar (volgens KO 46) en nie 'n Appèl (volgens KO 31) is nie, dit outomaties 'n nuwe saak is en dus ook nie werklik nuwe materie behoef te bevat nie (vgl Appèlskrif 2.2.1 en 2.2.2).

3.3.1.2 Die Kommissie oordeel dat so 'n redenasie die bedoeling wat KO 46 o.a. het (nl. om nie dieselfde saak oor en oor te behandel nie) nie in berekening bring nie en op 'n formalistiese manier met die Kerkorde omgaan. Dit is net wesentlike nuwe materie wat 'n saak nuut kan maak.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.3.2 Bevinding

Dat hierdie Appèlgrond nie regskenking aantoon nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.3.3 Aanbeveling

Dat die Appèl op hierdie grond nie slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 3.4 *Appèlgrond 44*

#### 3.4.1 Beredenering

3.4.1.1 Die Appellante voer aan dat hulle Beswaarskrif inderdaad nuwe materie bevat (vgl Appèlskrif 2.2.3)

3.4.1.2 Die Kommissie oordeel dat die Beswaarskrif, wat wel uitgebreide beredeneringe bevat, tog nie wesentlike nuwe materie is nie. Dieselfde 10 Appèlgronde wat in die appèl voorgelê is, word die 10 Beswaargronde in die Beswaarskrif. Na ons oordeel is hierdie uitgebreide argumentering rakende dieselfde klagtes nie werklik nuwe materie nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.4.2 Bevinding

Dat hierdie Appèlgrond nie regskenking aantoon nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.4.3 Aanbeveling

Dat die Appèl op hierdie grond nie slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 3.5 *Appèlgrond 5*

### 3.5.1 Beredenering

3.5.1.1 Die Appellante voer aan dat die beredenering en bevraagtekening van uitgangspunte van die Part. Sinode se besluit oor hulle Appèl, wat in die Beswaarskrif aangebied word, nuwe stof is, aangesien die besluit oor die Appèl nog nie in die Appèl bestaan het nie (vgl Appèlskrif 2.2.4).

3.5.1.2 Die Kommissie oordeel dat dit oppervlakkig gesien wel so is dat die besware teen die besluit oor die Appèl nuut is. Die inhoud van hierdie besware is egter grotendeels 'n herhaling van die klagtes wat in die Appèlskrif gestel is en dus nie werklik nuwe materie wat voorgelê word nie (vgl ook 3.3.1.2 hierbo).

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.5.2 Bevinding

Dat hierdie Appèlgrond nie regskenking aantoon nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.5.3 Aanbeveling

Dat die Appèl op hierdie grond nie slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

## 3.6 *Appèlgrond 6*

### 3.6.1 Beredenering

3.6.1.1 Die Appellante voer aan dat die effek van die Part. Sinode besluit dít is dat die saak lank vertraag word, wat versoening belemmer en verbittering verhoog, en dus 'n verontregtende tegniek is (vgl Appèlskrif 2.4).

3.6.1.2 Die Kommissie oordeel dat die besluit van die Part. Sinode geen aanduiding gee dat hulle onontvanklik-verklaring van die Beswaarskrif as 'n bepaalde tegniek bedoel word nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.6.2 Bevinding

Dat hierdie Appèlgrond nie regskenking aantoon nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3.6.3 Aanbeveling

Dat die Appèl op hierdie grond nie slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **12.2.7 APPÈL WR DIJKSTRA EN ANDER TEEN 'N BESLUIT VAN PARTIKULIERE SINODE NOORDWES 2001 (Artt.8, 38, 202, 218, 236)**

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

- A. Br. GL Erasmus stel die Appèl.
- B. Dr. WC Opperman en ds. JH Jordaan lewer toeligtig namens Partikuliere Sinode Noordwes.
- C. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 3.
- D. Ds. HLJ Momberg rapporteer namens Appèlkommissie 3.
- E. Die Toeligter en Appellant lewer repliek.

## F. APPÈL

Appèl teen die uitspraak van Part. Sinode Noordwes op 20 Nov. 2001 dat 'n Beswaarskrif onontvanklik is, waarmee ons reg tot regspraak op die vergadering geweier is.

**1. Besluit waarteen appelleer word:** (Bylae 1. Notule par. 10.1.2, p.36) lui soos volg:

**Aanbeveling:** Die Kommissie beveel aan dat die Beswaarskrif nie ontvanklik is nie op grond van KO, art.46. Daar kan nie beswaar gemaak word teen 'n Appèl-uitspraak by dieselfde vergadering wat die uitspraak gemaak het nie. Daar is geen aanduiding van nuwe materie in die Beswaarskrif wat nie reeds in die Appèl behandel is nie. KO, art.31 reël dat wanneer iemand 'n klagte het dat hy deur 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.

**Besluit:** Die Part. Sinode keur die aanbeveling goed.

### Gronde van Appèl

Die onkerkordelike besluit dat die Beswaarskrif onontvanklik is op grond van KO, art.46 krenk ons reg tot regverdige verhoor.

Vir die doeleinde van die Appèl word die aanvaarde motivering tot die besluit waarom die Beswaarskrif onontvanklik is volgens KO, art.46 in drie onderdele verdeel.

- (a) "Daar kan nie beswaar gemaak word teen 'n appèl-uitspraak by dieselfde vergadering wat die uitspraak gemaak het nie.
- (b) "Daar is geen aanduiding van nuwe materie in die Beswaarskrif wat nie reeds in die Appèl behandel is nie.
- (c) "KO, art.31 reël dat wanneer iemand 'n klagte het dat hy deur 'n mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep."

#### 3.7 Oor (a) en (c):

3.7.1 Daar kan en mag beswaar gemaak (Gravamen) word teen enige besluit van 'n vergadering ongeag of dit 'n appèlsaak was al dan nie. Dieselfde Klassis-Regskommissie verklaar tereg (Bylae 1. par. 10.2.2, p.37). "Die bedoeling van 'n Beswaarskrif is om 'n vergadering te versoek om sy besluit in heroorweging te neem." Hiermee weerspreek die Kommissie en die Part. Sinode homself. KO, art.46 maak juis voorsiening vir "tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander".

3.7.2 KO, art.31 bepaal die **reg** tot appèl – **kan** hy hom op 'n meerdere vergadering beroep, nie **moet** nie. Die weg van beswaar kan en mag eers gevolg word indien die beswaarde dit verkies, om daarna eers te kan en mag appelleer indien nodig.

#### 3.8 Oor (b):

3.8.1 Een doel van KO, art.46 is dat dieselfde saak nie herhaaldelik op 'n vergadering bespreek word nie, tensy nuwe materiaal voorgelê word. 'n Appèl is nie 'n Beswaarskrif nie. 'n Beswaar teen 'n appèl-uitspraak, is in wese 'n



- nuwe saak waaroor die vergadering versoek word om te herbesin, nie 'n herhaling van dieselfde saak nie, aangesien Appèlle in KO, art.31 gereël word. 'n Beswaarskrif is in wese 'n Beskrywingspunt (Handelinge 1991:527-8, meer spesifiek par H 3 en 4). Dit is die broederlike plig van so 'n vergadering om die besluit te heroorweeg in die lig van dieselfde en – in hierdie geval – nuwe en bykomende dokumentasie t.o.v. die feite soos in par 2.2.3 aangetoon word.
- 3.8.2 Voortvloeiend uit 2.1 en bykomstig tot par 2.2.1, hoef 'n Beswaarskrif geen nuwe materie te bevat nie. Die vergadering kan en mag o.a. versoek word om in die lig van die beskikbare feite in die Appèlskrif, sy besluit te heroorweeg.
- 3.8.3 Die stelling dat die Beswaarskrif geen nuwe materiaal bevat waaroor die vergadering nie reeds gehandel het nie, is 'n leuen. Telkens word in die Beswaarskrif nuwe dokumentasie voorgelê (vgl Bylae 2. Beswaarskrif par. 2.1.1, 2.1, 2.2, 2.3, 2.7, 2.81, 2.9.1&2).
- 3.8.4 Die Beswaarskrif beredeneer en betwis ook sekere uitgangspunte van die besluit. Dis tog nuwe stof wat nie in die Appèl staan nie (vgl Bylae 2. Beswaarskrif par 2. elke punt).  
Die bewering dat die Beswaarskrif geen nuwe materiaal bevat nie en daarom onontvanklik is, is enersyds nie van toepassing nie, andersins onwaar en krenk daarmee ons reg tot regspraak.
- 3.9 Oor (c): KO, art.31 bepaal dat 'n beswaarde na 'n meerdere vergadering **kan** appelleer, nie **moet** nie. Die reg en weg van beswaar sowel as van Appèl word kerkregtelik in onderskeidelik KO, artt.46 en 31 verskans. Beide is 'n broederlike weg tot regspraak. As beswaardes het ons juis die pad van beswaar gekies sodat die pad van gesprek met Kimberley oop bly en nie blokkeer word vanweë die 6 weke waarbinne kennis gegee moet word van 'n Appèl nie, en dan as *sub judice* nie behandel kan word nie. Dat Kimberley desondanks alle gesprek en korrespondensie met die Dordt-groep sowel as enkelinge geweier het – destyds en tot op datum – is nie aan ons gebrek aan toenadering of gesindheid te wyte nie.
- 3.10 Die tegniek van die Part. Sinode om die Beswaarskrif op onordelike wyse onontvanklik te verklaar, skep 'n bykomstige probleem wat regsverdelend is. Sou hierdie Appèl na die Nasionale Sinode slaag, beteken dit dat Part. Sinode Noordwes die Beswaarskrif weer ter tafel moet neem en wel eers in Okt/November 2003. Intussen sloer die wesentlik Christelike, naamlik dat daar tot beslissing en versoening gekom moet word. Die sloer-metodes wat die Kerkraad van Kimberley, Klassis Griekwaland-Wes sowel as Part. Sinode Noordwes volg, lei slegs tot verdere verwydering en selfs verbittering; die Kerkraad en predikante van Kimberley weier alle korrespondensie, verskaf geen verdere Kerkraadsbesluite behalwe die enkele op 30 Aug 2000 nie, verskeie skriftelike versoeke ten spyt; weier enige gesprek en maak valse verklarings in die kerkverband sowel as by meerdere vergaderings rakende die groep Gereformeerdes waarvan ons op Orania deel is, bv. dat ons die bediening deur Kimberley beëindig het, dat ons die versoek tot lidmate-wees van Kimberley van die hand gewys het, dat ons nie versoening soek nie, dat Kimberley 'n ander bedieningsooreenkoms met ons onderhandel het, ens. In plaas daarvan dat meganismes in werking gestel word om versoening te bevorder, word slegs na die ongenoemde besluite van meerdere vergaderings verwys wat sogenaamd nie honoreer word nie, sonder om aan te dui watter besluite bedoel word en aan te dui waarin die besluite nie eerbiedig word nie.

Hiermee versoek ons die eerwaarde Sinode om tot eer van Christus en behoud en opbou van Sy kerk, die Appèl gunstig te oorweeg, sodat die pad van regverdige verhoor en aanhoor onbelemmerd geloop kan word. Dis die enigste weg van versoening.

## **G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Oorweeg die Appèl WR Dijkstra e.a. en adviseer die Sinode.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem**

2.1 U Kommissie het die volgende persone te woord gestaan:

2.1.1 Br. LJ Schutte

2.1.2 Br. en Sr. GL Erasmus

2.1.3 Br. P Buys

2.1.4 Ds. JH Jordaan

2.1.5 Dr. SJ van der Merwe

2.2 Alle stukke wat as Bylae ingedien is, is grondig bestudeer om die waarheid van bewerings te toets.

2.3 In die nagaan van die Appèl is bevind dat 3.1 tot 3.8 wat as motiverings aangebied word die 8 Appèlgronde is wat die Appellante in hulle eie woorde aanbied. By navrae het die Appellante ook bevestig dat hulle dit so beskou.

2.4 Die historiese verloop van die saak is deur u Kommissie bestudeer en word as Bylae by die rapport aangeheg.

2.5 Die argumentasie van die Appèl trek daarin saam dat die Appellante verskillende redes gee waarom hulle meen dat die Part. Sinode Noordwes, 2002, ten onregte die Appèl wat hulle daar aangebied het afgewys het.

2.5.1 Die Appellante het tevore (2001) 'n Appèl by die Part-Sinode Noordwes aangebied teen Klassis Griekwaland-Wes.

2.5.2 Die Appèl by Part-Sinode Noordwes 2001 is na die Klassis Griekwaland-Wes vir behandeling teruggewys, maar is weer deur die Klassis afgewys.

2.5.3 Teen die herhaalde afwysing van Klassis Griekwaland-Wes, het hulle na Part-Sinode Noordwes 2002 appelleer, wat daar nie geslaag het nie.

2.5.4 Gevolglik die Appèl teen die besluit van Part-Sinode Noordwes 2002 op die tafel van die Nasionale Sinode 2003.

**Besluit:** Kennis geneem.

### **3. Die Sinode oorweeg**

3.1 *Appèlgrond 1* (motivering 3.1)

3.1.1 Beredenering

3.1.1.1 Die Appellante beweer (in hulle stukke en mondelings nader toegelig)

3.1.1.1.1 dat die Part. Sinode Noordwes hulle reg gekrenk het omdat hulle 'n onjuiste standpunt van die Klassis Griekwaland-Wes ondersteun.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.1.1.2 Die standpunt van die Klassis word korrek aangehaal as dat dit die kern van die "inkomplete kerk" se beswaar is dat hulle as 'n selfstandige kerk wil funksioneer wat deur die GK Kimberley oorheers word.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.1.1.3 Die opsomming van die Klassis is blykbaar nie juis nie, omdat hierdie siening van die "inkomplete Kerk" nêrens in hulle eie Beswaarskrifte

voorkom nie. (So korrek geverifieer met stukke wat tot ons beskikking gestel was).

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.1.1.4 Die siening dat die "inkomplete kerk" as 'n selfstandige kerk wil funksioneer kom egter alleenlik voor in die stukke van Kimberley en Klassis Griekwaland-Wes. (So korrek geverifieer met stukke wat ons beskikking was).

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.1.1.5 Hierteenoor maak die Appellante daarop aanspraak dat hulle alleenlik poog om binne die erkende toepassings-reikwydte van art.39 op te tree. Die praktyk wat hulle vir etlike jare reeds (vanaf hulle verbondenheid aan Koffiefontein) gebruik het, en wat binne die bedieningsooreenkoms met Kimberley gekontinueer het, was dat hulle vryheid gegun was om hulle eie ouderlinge en wyke te hê, hulle eie administrasie (Lidmate, finansies ens) te behartig en hulle eie eredienste te hou en Sakramentsbediening plaaslik te ontvang en daarvoor toesig te hou.

3.1.1.1.6 Hierdie "administrasie vryheid" is ook in die bedieningsooreenkoms soos goedgekeur op Klassis Griekwaland-Wes April 2000, vasgestel.

3.1.1.1.7 Die Appellante stel verder dat hulle in hulle skrywe aan Kimberley nadere verklaring wou verkry oor die inkonsekwente feite nadat die bedieningsooreenkoms gesluit is, dat hulle aan die een kant lidmate van een gemeente is en aan die ander onder art 39 deur 'n ander gemeente versorg word. (So vasgestel)

3.1.1.1.8 Die Appellante het egter in hulle stukke gekla dat die Kerkraad van Kimberley, gekondoneer deur die Klassis, hierdie bestaande praktyke van vryheid om hulle eie sake te behartig, misken het. (so vasgestel).

3.1.1.1.9 Die Appellante toon aan dat die heers-argument waarmee hulle hulleself beklae het, nie (soos die Klassis beweer) gemaak word omdat die "inkomplete kerk" soos 'n selfstandige kerk wil optree nie, maar omdat daar in die Studierapport van die Deputate van die Klassis 'n dwingende ("moet onderteken") voorstel deur die Klassis self versag is ("versoek om te onderteken"), maar tog deur Kimberley dwingend voorwaardelik toegepas is.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.1.2 U Kommissie oordeel nadat ons die dokumente nagegaan en die getuies aangehoor het

3.1.1.2.1 dat die Klassis se weergawe van die kernsaak van die Appellante se beswaar nie 'n korrekte vertolking daarvan was nie.

3.1.1.2.2 dat die Part-Sinode verkeerd gehandel het om die Klassis se vertolking te aanvaar.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.2 Bevinding

3.1.2.1 Die Appellante bewys dat die weergawe van die kern van hulle beswaar soos die Klassis dit geformuleer het, asook soos die Part. Sinode dit aanvaar het, in stryd met die werklikheid is en dat hulle reg daardeur gekrenk is.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.1.3 Aanbeveling

3.1.3.1 Die Appèl slaag op hierdie grond.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 3.2 *Appèlgrond 2* (motivering 3.2)

#### 3.2.1 Beredenering

##### 3.2.1.1 Die Appellante voer (in hulle stukke en nadere getuienis) aan:

- 3.2.1.1.1 dat Kimberley nie hulle samewerking gegee het om noodsaaklike Kerkraadsbesluite wat aangevra is te verskaf nie.
- 3.2.1.1.2 Die Kerkraadsbesluit in sake ekskommunikasie is op 28 Jan 2001 geneem maar nie spoedig daarna aan die ge-ekskommunikeerdes oorgedra nie. (So uit die stukke en getuienisse vasgestel).
- 3.2.1.2 U Kommissie oordeel:
  - 3.2.1.2.1 dat besluite van 'n Kerkraad wat spesifieke lidmate onder haar sorg se lidmaatskap ingrypend raak, radikaal van aard is.
  - 3.2.1.2.2 dat sodanige besluite as 'n saak van dringendheid aan die betrokkenes oorgedra behoort te word.
  - 3.2.1.2.3 Dat sodanige dringende kommunikasie gedoen behoort te word juis as bewys van bewustheid van hulle roeping om die versoening in die dissipline van Christus te bedien (soos ons dit in artt.76 en 77 KO orden).
  - 3.2.1.2.4 Waar kommunikasie van so 'n ingrypende aard nalatig gedoen word, is dit regskenkend.
  - 3.2.1.2.5 Dat die Part. Sinode inderdaad die bevinding gemaak het dat daar tog gevalle is waarop Kimberley nie gereageer het nie, maar dat uit die stukke tot hulle beskikking geen substansie vir regskenking was nie, bewys dat die Part. Sinode nie die besondere meriete van die ingrypende aard van die tipe korrespondensie wat nagelaat is, korrek geweeg het nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 3.2.1.3 Bevinding

- 3.2.1.3.1 Dat dit regskenkend was van Kimberley om kommunikasie van die ingrypende aard van die betrokke lidmate te weerhou.
- 3.2.1.3.2 Dat dit dus nie korrek was van die Klassis en Part. Sinode om so-iets nie regskenkend te vind nie.
- 3.2.1.3.3 dat die Appellante suksesvol aangetoon het dat hulle deur die mindere vergaderings verongelyk is.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 3.2.1.4 Aanbeveling

- 3.2.1.4.1 Die Appèl slaag op hierdie grond.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 3.3 *Appèlgrond 3* (motivering 3.3)

#### 3.3.1 Beredenering

##### 3.3.1.1 Die Appellante voer (in hulle stukke en mondelings nader toegelig) aan.

- 3.3.1.1.1 dat hulle Appèl afgewys is omdat die Studiedeputate van die Klassis se Rapport aanvaar is dat hulle Kimberley se uitnodiging afgewys het.
- 3.3.1.1.2 dat die brief wat die "inkomplete kerk" aan Kimberley egter volgens die Appellante nie 'n afwysing van die uitnodiging was nie, maar 'n voorbehoue daarvan.
- 3.3.1.1.3 dat die verkeerde interpretasie en implementasie van die kerke op grond van die Studiedeputate se uitspraak, nie in lyn met die beswaardes se bedoeling in hulle brief was nie, en daarom regskenkend was.
- 3.3.1.1.4 dat verder ook die Part. Sinode geen substansie vir regskenking in die Studiedeputate se uitspraak, ondanks die Appellante se besware daarteen gevind het nie.

3.3.1.2 U Kommissie oordeel:

3.3.1.2.1 Dat die brief van die "Dordt groep" as antwoord op Kimberley se uitnodiging beslis 'n baie negatiewe trant het.

3.3.1.2.2 Dat die slotparagraaf van die brief egter die bedoeling helder en duidelik verwoord (Bylae 9, p.185).

3.3.1.2.3 Dat u Kommissie die bedoeling van die Appellante nie verstaan as 'n afwysing van Kimberley se uitnodiging nie, maar as 'n voorbehoud, soos die Appellante hulleself hieroor nader verklaar het.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.3.2 Bevinding

3.3.2.1 dat die mindere kerklike vergaderings verkeerd gehandel het deur nie die Appellante se bedoeling te aanvaar soos die slotparagraaf van hulle brief dit verwoord en dit deur hulleself nader verduidelik is nie.

3.3.2.2 dat regskenking bewys is.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.3.3 Aanbeveling

3.3.3.1 dat die Appèl op hierdie grond slaag.

**Besluit:** Goedgekeur.

3.4 *Appèlgrond 4* (motivering 3.4)

3.4.1 Beredenering

3.4.1.1 Die Appellante voer aan

3.4.1.1.1 dat sake wat oor hulle verbanning handel (art.77 KO) nie deur 'n adviesvraag van die Kerkraad van Kimberley nie, maar deur die Rapport van die Studiedeputate op die Klassis se tafel beland het.

3.4.1.1.2 dat die Klassis verder selfs volgens die onordelike aanbevelings van die Studiedeputate se rapport gehandel het.

3.4.1.1.3 Dat hierdie wyse van doen nie in ooreenstemming is met die ordelike manier wat ons volgens art.77 KO onderhou nie.

3.4.1.1.4 Dat die Klassis hom dus op onordelike wyse via 'n Deputaterapport in 'n plaaslike kerk (Kimberley) se sake ingemeng het.

3.4.1.2 U Kommissie oordeel

3.4.1.2.1 Dat ekskommunikasie 'n saak is wat ordelik in art.77 KO gereël word.

3.4.1.2.2 Dat die wyse waarop die saak by die Klassis gedien het via 'n Studiedeputaterapport daar beland het en in stryd met artt.30 en 84 KO is.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.4.2 Bevinding

3.4.2.1 Dat regskenking bewys is.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.4.3 Aanbeveling

3.4.3.1 Dat die appèl op hierdie grond slaag.

**Besluit:** Goedgekeur.

3.5 *Appelgrond 5* (motivering 3.5)

3.5.1 Beredenering

3.5.1.1 Die Appellante voer aan:

3.5.1.1.1 Dat die Klassis in die praktyk 'n ander standpunt ingeneem het oor die status van die "Dordt groep" as wat reeds tevore kragtens dokumentasie van Klassis April 2000 ingeneem het.

- 3.5.1.1.2 Die verandering kom daarop neer dat hulle status gewysig is vanaf lidmate/wyke kragtens art 39 KO na "inkomplete kerk."
- 3.5.1.1.3 Dat die wysiging van dié status selfs bevestig is in die daarstelling van 'n bedieningsooreenkoms en al. (So in dokumentasie bevestig).
- 3.5.1.1.4 Dat by 'n opvolgende sitting die Klassis motiverings aanvaar het wat dit laat lyk het asof dit die Appellante is wat die gewysigde betekenis aan hulle status gegee het. (So in dokumentasie bevestig).
- 3.5.1.1.5 Dat die Kerkraad en Klassis dus die ding wat hulle self gedoen het, op rekening van die art.39 KO lidmate geplaas het.
- 3.5.1.1.6 Die Part. Sinode het regs krenkend opgetree aangesien hulle nie hierdie omkering as verkeerd ingesien het nie.
- 3.5.1.2 U Kommissie oordeel
- 3.5.1.2.1 Dat dit inderdaad verkeerd was van die Part. Sinode Noordwes om die omkeer van beskouing nie as verkeerd te sien nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.5.1.3 Bevinding

- 3.5.1.3.1 dat die Appellante regs krenking bewys het.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.5.1.4 Aanbeveling

**Besluit:** Kennis geneem.

- 3.5.1.4.1 Dat die Appèl op hierdie grond slaag.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 3.6 *Appèlgrond 6* (motivering 3.6)

#### 3.6.1 Beredenering

##### 3.6.1.1 Die Appellante voer aan

- 3.6.1.1.1 Dat appellering nie die enigste manier is om jou teen 'n kerklike besluit te verset nie. Hulle stel dat teen enige besluit van 'n kerklike vergadering ook by wyse van 'n beswaar in verset gegaan kan word.
- 3.6.1.1.2 Hulle beweer verder dat dit die standpunt van die Klassis (parr 4.1.3 en 4.1.4) Maart 2001 was, en hulle het dit by die Part. Sinode Noordwes bekla dat die Klassis glo sou sê dat Appèl die enigste manier van verset teen 'n kerklike besluit is.

##### 3.6.1.2 U Kommissie oordeel

- 3.6.1.2.1 In die betrokke paragrafe waarna verwys is word wel geargumenteer dat die beswaardes nie teen die besluit van die Part. Sinode geappelleer het nie, en dat hulle dit dus as korrek aanvaar het.
- 3.6.1.2.2 Wanneer die Klassis so argumenteer, sê hulle egter nie noodwendig daarmee dat daar geen ander metodes van verset bestaan nie. Hulle sê alleen dat hulle geen Appèl sien nie.
- 3.6.1.2.3 Wanneer die Part. Sinode nie regs krenking in hierdie woorde sien nie, is hulle korrek.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.6.1.3 Bevinding

- 3.6.1.3.1 Dat regs krenking nie bewys is nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.6.1.4 Aanbeveling

- 3.6.1.4.1 Dat die Appèl op hierdie grond nie slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 3.7 *Appèlgrond 7* (motivering 3.7)

#### 3.7.1 Beredenering

##### 3.7.1.1 Die Appellante beweer

3.7.1.1.1 dat die Kommissierapport van die Part. Sinode (Bylae B) 'n ander argument as die Klassis gebruik waarom die versoek tot visitasie afgekeur is.

3.7.1.1.1.1 die Kommissierapport het vermeld dat die plek van visitasie nie ter sake is nie.

3.7.1.1.1.2 Die Klassis het dit deels afgekeur weens die argument dat die "Dordt groep" op 11 Feb hulleself reeds losgemaak het van Kimberley en dat daar nie visitasie gedoen word by mense wat nie lidmate van 'n gemeente is nie.

3.7.1.1.2 Die argument is blykbaar eensydig omdat gestel word dat die "Dordt groep" hulleself losgemaak het, maar dit is eers nadat Kimberley hulle buite kerkverband verklaar het.

3.7.1.1.3 Die Part. Sinode het blykbaar ook bykomstige argumentasie gebruik om dit goed te keur dat die Klassis reg gehad het om versoek tot visitasie af te keur. Die bykomstige argumentasie het daarop neergekom dat die mense wat om spesiale visitasie aansoek gedoen het, nie meer lidmate by Kimberley was toe hulle vir visitasie aansoek gedoen het nie.

3.7.1.1.4 Appellante voer verder aan dat die Part. Sinode nie geregtig was om iets anders as die genotuleerde argumentasie van die Appellante te gebruik in die beoordeling van hulle argument nie.

##### 3.7.1.2 U Kommissie oordeel

3.7.1.2.1 Onafhanklik van hoe swaar die argumentasie gedien het, bevind u Kommissie dat dieselfde argumentasie beide by die Klassis asook by die Part. Sinode gedien het, naamlik dat die Dordt-groep tydens hulle aansoek om spesiale visitasie nie meer lidmate van Kimberley was nie, en dat gevolglik hulle versoek om visitasie nie geldig is nie.

3.7.1.2.2 Verder is die Appellante se argument verkeerd as hulle verwag dat slegs die gedokumenteerde materiaal wat hulle aanbied beoordeel mag word, want 'n Appèlkommissie moet na alle relevante getuienis wat hulleself asook die verweerders aanbied, kyk om 'n regverdige uitspraak te lewer.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.7.2 Bevinding

3.7.2.1 Dat regskenking in hierdie geval nie bewys is nie

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 3.7.3 Aanbeveling

3.7.3.1 Dat die Appèl op hierdie grond nie slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

### 3.8 *Appèlgrond 8* (Motivering 3.8)

#### 3.8.1 Beredenering

##### 3.8.1.1 Die Appellante beweer

3.8.1.1.1 Dat Kimberley nie sy besluite waarteen beswaar gemaak is verskaf het nie.

3.8.1.1.2 Dat die weiering van Kimberley om te kommunikeer die aanleidende oorsaak was waarom die Appellante Kimberley as 'n valse kerk bestempel het.

3.8.1.1.3 Dat die genoegsame stukke nie by die Klassis beskikbaar was nie aangesien Kimberley nie sy besluite verskaf het nie.

3.8.1.2 U Kommissie oordeel

3.8.1.2.1 Hierdie Appèlgrond staan op wesentlik dieselfde argument van regskenking in Appèlgrond 2 (motivering 3.2)

3.8.1.2.2 Dit is inderdaad regskenkend wanneer korrespondensie wat met die oog op 'n beroep op 'n meerdere vergadering aangevra word, nie deur die mindere vergadering verskaf word nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.8.2 Bevinding

3.8.2.1 dat regskenking suksesvol aangetoon is.

**Besluit:** Kennis geneem.

3.8.3 Aanbeveling

3.8.3.1 dat die Appèl op hierdie grond slaag.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### **4. Aanbeveling ten opsigte van die Appèl in sy geheel**

4.1 Die Appèl slaag.

**Besluit:** Goedgekeur.

### **12.2.8 APPÈL VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE DUINEVELD, KATHU, KIMBERLEY EN KURUMAN TEEN DIE BESLUIT VAN PART. SINODE BOSVELD GEHOU TE NYLSTROOM 19 NOVEMBER 2002 (Artt.8, 35, 236)**

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

A. Dr. SJ van der Merwe stel die Appèl.

B. Ds. JC Aucamp lewer toeligtig namens Part. Sinode Bosveld.

C. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 3.

C. Ds. SD Snyman rapporteer namens Appèlkommissie 3.

#### **E. APPÈL**

Die Gereformeerde kerke Duineveld, Kathu, Kimberley en Kuruman appelleer teen die besluite van Part. Sinode Bosveld van 19 November 2002 op grond van die Skrif (Eks 20:26; Matt 5:23 en 18:15-35), artikels 30, 38, 80 en 84 van die Kerkorde.

##### **1. Besluite Part. Sinode Bosveld**

Uittreksel uit notule van Part. Sinode Bosveld in sitting te Nylstroom 19 November 2002

Ds. ALA Buys lewer die Rapport (Bylae 19).

Daar word geleentheid gebied vir vrae en bespreking. Appellante kry geleentheid vir repliek. Respondente kry geleentheid vir repliek. Voorsitter lei vergadering in stemming ten opsigte van Appèlgrond 1.

Besluit



Kommissie se aanbeveling word aanvaar. Appèlgrond 1 slaag nie.

Daar word weer geleentheid gebied vir vrae en bespreking. Appellante kry geleentheid vir repliek. Respondente kry geleentheid vir repliek. Nadat die Kommissie se rapporteur finaal vrae geantwoord het, gaan die vergadering oor tot stemming ten opsigte van Appèlgrond 2.

Besluit

Kommissie se aanbeveling word aanvaar. Appèlgrond 2 slaag nie. Die Appèl slaag in sy geheel nie.

Bylae 19

Rapportkommissie van advies

1. Die Kommissie het bestaan uit die volgende broeders: sien Bylae A.
  2. Die Kommissie neem die saak onder bespreking en hoor ook onderskeie getuienisse aan.
  3. Die stelling word in Appèlgrond 1 gemaak dat Klassis Krokodilrivier die reg van Kimberley gekrenk het deur nie aan die Kerkraad geleentheid gebied het om hulle saak te stel nie.
    - 3.1 Die Kommissie bevind dat dit nie feitelik korrek is nie in die lig van meegaande Bylae B en C.
    - 3.2 As KlassisDeputate het broeder CJ Kruger saam met afgevaardigdes van die Kerkraad van Brits-Wes die Kerkraad van Kimberley op 7 September 2001 ontmoet in opdrag van die Klassis
  4. AANBEVELING: Appèlgrond 1 slaag nie.
  5. Die bewering word in Appèlgrond 2 gemaak dat die reg van Klassis Griekwaland-Wes gekrenk word op KO, artt.30, 38, 80, 84.
    - 5.1 Die Kommissie het getuienisse aangehoor van broeders Smit, Theunissen en Kruger wat stel dat die bediening van die lidmate op Orania (Dordt-groep) deur die Kerkraad van Brits-Wes met die medewete van die Kimberley Kerkraad plaasvind, nadat Kimberley Kerkraad die betrokke lidmate op Orania as buitekerklik beskou het en ge-evangeliseer behoort te word. Die Klassis Griekwaland-Wes het hierdie besluit van die Kimberley Kerkraad sy eie gemaak (sien Bylae D).
  6. AANBEVELING: Appèlgrond 2 slaag nie.
  7. BEVINDING: Feitelik is aangetoon dat nie regskenking plaasgevind het nie.
  - 8 AANBEVELING: Dat die Appèl in sy geheel nie slaag nie.
- Geteken: DJ de Kock (voorsitter), ALA Buys, C Erasmus e.a.

## **2. Kursoriese historiese agtergrond**

- (a) Aanvanklik was al die Gereformeerde lidmate wat in en rondom Orania woon, lidmate van die Gereformeerde Kerk Philipstown.
- (b) 'n Deel van die lidmate te Orania word deel van die Gereformeerde Kerk Koffiefontein.
- (c) Gesamentlike Deputate van Klasisse Middelburg en Fauresmith beveel aan dat daar nie oorgegaan word tot gemeentestigting te Orania nie omdat die betrokke partye (kerke) nie geraadpleeg is nie. Voorts beveel hulle aan dat die onenigheid op Orania tussen die twee groepe Gereformeerde lidmate vanuit die liefde van Christus opgelos word. Klassis Fauresmith besluit op 1 Maart en 15 April 1999 dat gemeentestigting te Orania afgekeur word.

- (d) Die Gereformeerde Kerk Kimberley raak betrokke by die bediening van die Gereformeerde Kerke Fauresmith en Koffiefontein en dus van die lidmate te Orania.
- (e) Klassis Griekwaland-Wes (12 Sept. 2000) handhaaf die besluite dat gemeentestigting te Orania nie kan realiseer alvorens die onenigheid tussen die twee groepe opgelos is nie. Al die lidmate wat te Orania woon, word versoek om in te skakel by die Gereformeerde Kerk Kimberley na oorleg gepleeg is met die Gereformeerde Kerk Philipstown.
- (f) Die naweek van 7 – 9 September 2001 besoek 'n Kommissie bestaande uit Ds. B Smit, oudl. C Versteeg en oudl. D Theunissen van Brits-Wes saam met oudl. CJ Kruger van Die Moot die Gereformeerde Kerk Kimberley en daar word oor al die sake gepraat. Die Kommissie stel 'n Rapport op (Bylae B). Die Gereformeerde Kerk Kimberley ontvang nooit so 'n Rapport nie. In die Rapport word bevind dat eenheid nie 'n voorveronderstelling is of kan wees vir kerkstigting nie. Nêrens word hierdie bevinding getoets by enige meerdere vergadering wat besluit het dat eenheid wel eers bereik moet word, alvorens daar oorgegaan kan word tot kerk-instituering nie. Hulle bevind ook dat die "Dordt-groep" besig is met besware teen besluite van Griekwaland-Wes. Die Kommissie beveel aan dat versoening met alle lidmate en predikante van Kimberley gesoek moet word, en dat die Kerkraad van Brits-Wes die lidmate te Orania moet help om te kom tot kerkstigting.
- (g) Intussen poog die Gereformeerde Kerk Kimberley om versoening te bewerk. Na verskeie samesprekinge word daar onderling by 'n byeenkoms op 26 Aug 2002 besluit dat die verlede agtergelaat moet word, en dat die Gereformeerde Kerk Kimberley by al die lidmate huisbesoek kan doen op voorwaarde dat Brits-Wes toestemming verleen. Die lidmate (Dordt-groep) meld geensins dat hulle van voorneme is om oor te gaan tot kerkstigting nie, en dat Klassis Krokodilrivier oor die saak gaan handel op 17 September 2002 nie. Kerkstigting vind plaas op 12 Oktober 2002 sonder dat enige lidmate van Kimberley genooi word of geraadpleeg word. Die Gereformeerde Kerk Kimberley en Klassis Griekwaland-Wes verneem van die besluit van kerkstigting te Orania deur 'n skrywe van Klassis Krokodilrivier **nadat** die besluit geneem is. Die Gereformeerde Kerk Kimberley ontvang wel 'n uitnodiging na die kerkstigting te Orania op 10 Oktober 2002. Daar was nie tyd om 'n Kerkraadsvergadering te reël voor die stigting nie.
- (h) Die Klassis Griekwaland-Wes appelleer na die Part. Sinode Bosveld in verband met die besluit van Klassis Krokodilrivier oor kerk-instituering te Orania (Bylae 1). Die Appèl word afgewys.
- (i) 'n Groep lidmate te Orania appelleer na Part. Sinode Noordwes (Nov. 2000) in verband met besluite van Klassis Griekwaland-Wes, onder andere oor kerk-instituering te Orania. Die appèl word afgewys. Dieselfde groep maak beswaar teen besluite van Griekwaland-Wes (Sept. 2001). Griekwaland-Wes behandel die Beswaarskrif na advies van die Part. Sinode (2001) waarna die groep na die Part. Sinode Noordwes (2002) appelleer. Hierdie Appèl word afgewys. Hulle appelleer na die Nasionale Sinode (2003) oor die besluite van Part. Sinode Noordwes 2000, 2001 en 2002.

### **3. Begroning**

#### **3.1 Begroning 1**

Die Part. Sinode Bosveld krenk die reg omdat hulle die besluit van die Klassis Krokodilrivier handhaaf waarin hulle die Gereformeerde Kerk Kimberley die reg ontsê om hulle kant van die saak te stel. Die Skrif eis dat niemand onverhoord veroordeel mag word nie, en die reg eis dat geluister moet word na die ander party.

#### **Motivering**

- (a) Die Part. Sinode Bosveld bevind dat Klassis Krokodilrivier wel die Gereformeerde Kerk Kimberley aangehoor het in lig van Bylaes B en C by die Kommissierapport. Bylae B is die Rapport van die Kommissie wat 7 – 9 September 2001 gesprek gevoer het met Kimberley en lidmate te Orania. Hierdie Rapport het die Gereformeerde Kerk Kimberley nooit bereik nie. Bylae C is 'n brief van die Gereformeerde Kerk Brits-Wes gedateer 19 April 2002 waarin hulle 'n gesprek wou voer met die Gereformeerde Kerk Kimberley in sake die lidmate wat opgeneem is. Ook hierdie brief het Kimberley nie ontvang nie en geen skriftelike getuienis is aan Part. Sinode Bosveld gegee van so 'n samespreking nie. Beide hierdie stukke is stukke van die Gereformeerde Kerk Brits-Wes en nie amptelike stukke van die Gereformeerde Kerk Kimberley waarin hulle hulle standpunt gestel het nie. Dit is immers net regverdig dat een party van 'n samespreking ook die Rapport ontvang en geleentheid kry om kommentaar daaroor te lewer.
- (b) Die Part. Sinode kondoneer die besluit van Klassis Krokodilrivier waarin hulle met leedwese kennis neem van die skynbare onversoenlikheid tussen lidmate van Orania en die Kerkraad van Kimberley. Daar word geensins melding gemaak van die pogings tot versoening van die Gereformeerde Kerk Kimberley nie (vergelyk die ondersoek van bediening van verspreidwonendes en die samesprekings tussen Kimberley en die lidmate tot 26 Augustus 2002). Die Skrif eis dat ons moet versoen en moet vergewe (Matt. 5:24; 18:15-22; Mark 11). Daarmee word die uitnodiging van Klassis Griekwaland-Wes om hulp te verleen in die proses ook van die hand gewys. Die skynbare onversoenlikheid is 'n heersende sondetoestand wat volgens die Skrif nie so mag voortduur nie en sekerlik nie tot eer van Christus en die kerk is nie.
- (c) Oudl. CJ Kruger het wel die samespreking (7 – 9 September 2001) bygewoon, maar nêrens word die standpunt van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Kimberley oor die Rapport van die Kommissie of oor die ontwikkeling van die saak gevra, of geleentheid gegee dat dit aan die Klassis Krokodilrivier gegee kon word nie.

#### **3.2 Begroning 2**

Die Part. Sinode Bosveld krenk die reg deurdat hulle nie grondig ingaan op die wyse waarop Klassis Krokodilrivier se besluit van 17 September 2002 artt.30, 38, 80 en 84 van die Kerkorde oortree nie.

#### **Motivering**

- (a) KO, art.30 bepaal dat slegs sake wat by meerdere vergaderings tuishoort, deur hulle behandel mag word. Klassis Griekwaland-Wes het besluite geneem oor die stigting van 'n kerk te Orania wat binne sy ressort val. Hierdie besluit is deur Part. Sinode Noordwes 2000 gehandhaaf deur 'n Appèl daarteen af te wys. Part. Sinode Bosveld beredeneer nie die implikasie van hierdie besluit nie, maar stel bloot dat die bediening van lidmate te Orania deur Brits-Wes met die

- medewete van Kimberley plaasvind. Die Kerkorde bepaal dat 'n Klassis moet besluit oor kerk-instituering.
- (b) Die negende gebod word oortree wanneer beweer word dat Klassis Griekwaland-Wes die besluit van Kimberley dat die lidmate te Orania (Dort-groep) hulle buite kerkverband gestel het, sy eie gemaak het. Die Klassis het net kennis geneem van die besluit, aangesien die besluit oor lidmaatskap by die plaaslike kerk tuishoort.
  - (c) Die Part. Sinode beredeneer nie die bewering dat Klassis Krokodilrivier art.38 van die Kerkorde oortree nie. KO, artikel 38 bepaal dat die Klassis besluit oor kerk-instituering en die Sinodebesluit van 1955 bepaal dat wanneer die te stigte kerk in twee Part. Sinodes val, moet die toestemming van beide Klassisse gekry word. Die feit dat Klassis Krokodilrivier geensins met Klassis Griekwaland-Wes oor die saak korrespondensie gevoer het nie, die feit dat die Gereformeerde Kerk Kimberley ook nie in die saak geken is nie, word geensins beredeneer nie. Die feit of die belange van alle naburige kerke in aanmerking geneem is soos die Kerkorde dit vereis, al dan nie, word ook nie beredeneer nie.
  - (d) Die Part. Sinode beredeneer nie die bewering dat Klassis Krokodilrivier art.80 van die Kerkorde oortree nie. KO, artikel 80 bepaal dat daar nie ingedring mag word in die dienswerk van 'n ander nie. Orania val in die bedieningsgebied van die Gereformeerde Kerk Kimberley wat gereeld elke Sondag daar eredienste hou. Kimberley is in die ressort van Klassis Griekwaland-Wes en dus word ingedring in die diens van die Gereformeerde Kerk Kimberley en Klassis Griekwaland-Wes. Klassis Krokodilrivier het nog nooit met Klassis Griekwaland-Wes oor gemeente grense onderhandel nie, selfs ook nie voor die eensydige instituering van die Gereformeerde Kerk Orania nie.
  - (e) Die Part. Sinode beredeneer nie die bewering dat Klassis Krokodilrivier art.84 van die Kerkorde oortree nie. KO, artikel 84 bepaal dat geen kerk oor ander kerke mag heers nie. Verskeie Klassisse het besluit dat voordat daar 'n kerk te Orania geïnstitueer mag word, daar eers versoening tussen die twee groepe moet wees. Klassis Griekwaland-Wes besluit dit en Part. Sinode Noordwes handhaaf die besluit deur 'n Appèl daarteen af te wys. Part. Sinode Bosveld beredeneer geensins dat die besluit van Klassis Krokodilrivier om 'n kerk te Orania te institueer, Klassis Griekwaland-Wes en Part. Sinode Noordwes oorheers nie. Daarmee heers Part. Sinode Bosveld ook oor Part. Sinode Noordwes wat telkens die besluite van Klassis Griekwaland-Wes gehandhaaf het.
  - (f) In lig van bogenoemde beredenering is dit onbegryplik dat Part. Sinode Bosveld kan bevind "feitelik is aangetoon dat nie regskenking plaasgevind het nie".

#### **4. Versoek**

Hiermee versoek die Gereformeerde Kerke Duineveld, Kathu, Kimberley en Kuruman dat die besluite van Part. Sinode Bosveld insake die Appèl van Klassis Griekwaland-Wes nietig verklaar word wat sal beteken dat die besluit van Klassis Krokodilrivier insake die instituering van 'n kerk te Orania ook nietig is.

Voorts nooi ons die Klassis Krokodilrivier en Part. Sinode Bosveld uit om hulp te kom verleen om op 'n Skriftuurlike en Kerkordelike wyse versoening te bewerk.

## **F. RAPPORT: AD-HOC KOMMISSIE OOR 12.2.7 EN 12.2.8**

### **1. Opdrag**

Om die Sinode te adviseer oor die verdere hantering van bogenoemde sake.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **2. Oor 12.2.7**

### **2.1 Sake ter oorweging**

- 2.1.1 Die omvang van die materie wat hierdie Appèl ter tafel bring en die verstrengelde aard daarvan, maak dit vir hierdie Sinode onmoontlik om in die tyd tot sy beskikking goeie regspraak te lewer
- 2.1.2 Die Sinode mag egter nie sy plig om reg te spreek wanneer daartoe versoek, versaak nie.
- 2.1.3 'n Moontlike uitweg is die volgende:
  - 2.3.1.1 hierdie Sinode besluit dat 'n Synodus Contracta saamgeroep word om hierdie spesifieke saak te hanteer,
  - 2.3.1.2 elke Part. Sinode behalwe die betrokke Part. Sinode (Noordwes) wat wel toeligters daar sal hê, wys - staande hierdie Sinode - vier afgevaardigdes aan (2 predikante en 2 ouderlinge) wat die Synodus Contracta sal vorm,
  - 2.3.1.3 die Kerkraad van Potch-Noord tree as Roepende Kerkraad op en die aangewese afgevaardigdes van Part Sinode Randvaal as Deputate vir Korrespondensie.
- 2.1.4 Die regspraak in hierdie Appèl sal egter nie die totale probleem, waarvan dit maar 'n onderafdeling is, oplos nie. Vir 'n totale oplossing is versoening tussen botsende partye van grondvlak af noodsaaklik.

**Besluit:** Kennis geneem.

## **2.2 Aanbeveling**

- 2.2.1 Dat die Sinode hierdie Appèl nie verder behandel nie.
- 2.2.2 Dat die hele Appèl en Kommissierapport as 'n onafgehandelde saak verwys word na 'n Synodus Contracta soos hierbo in punt 2.1.3 beskryf.
- 2.2.3 Dat alle betrokkenes gewys word op die plig wat op hulle rus volgens Matt 5:23-24 om die inisiatief te neem in die soeke na versoening.
- 2.2.4 Dat voordat bogenoemde Synodus Contracta (vgl 2.2.2) byeenkom, 'n vergadering van die betrokkenes wat direk by die sake belang het, moet plaasvind. Hierdie betrokkenes is die Kerkraad van Kimberley, lidmate op Orania van die Gereformeerde Kerke Kimberley en Orania en Klassisse Griekwaland-Wes en Krokodilrivier en Brits-Wes.
- 2.2.5 Dat hierdie Sinode die volgende persone as Adviseurs sal aanwys, wat 'n fasiliteringsrol speel en leiding gee ten einde mee te help om 'n oplossing van probleme te verkry en die partye tot versoening te lei, naamlik ds. PJ van der Walt (Bethlehem), ds. GNV Botha, prof. A le R du Plooy en dr. DG Breed.

**Besluit:** Goedgekeur.

## **3. Oor Appèl Gereformeerde Kerke Duineveld, Kimberley, Kuruman en Kathu teen besluite van Part. Sinode Bosveld**

Die afgevaardigdes uit hierdie kerke trek die Appèl teen Part. Sinode Bosveld terug. Die afgevaardigdes sal al hierdie kerke eerskomende Sondag versoek om in te stem dat die Appèl teruggetrek word.

### **Motivering**

- 1. Die kerke is bereid en gewillig om onreg te ly terwille van die Koninkryk.
- 2. Die kerke wou aanvanklik nie appèlleer nie, omdat hulle voortdurend bewus is dat Appèlle geen oplossings bring nie.
- 3. Die reg van die Koning van die kerk was egter gekrenk, en daarom wou die kerke dat alle sake rakende hierdie aangeleentheid ter tafel kom, sodat besluite van meerdere vergaderings gelykluidend kan wees.

4. Indien hierdie Appèl sou slaag, beteken dit dat instituering van die Gereformeerde Kerk Orania tot niet sou wees.
5. Ons is egter bewus van die begeerte van hierdie groep om 'n eie selfstandige kerk te wil wees, en ons het onvermoeid gewerk om dit tot stand te bring op 'n ordelike en Christus waardige manier deur eers versoening te bewerk voordat daar oorgegaan kan word tot instituering.
6. Die feit is dat daar tans wel 'n kerk geïnstitueer is, en indien dit ongedaan gemaak word, dit geensins sal bydra tot versoening nie.
7. Die begeerte van alle kerke in Klassis Griekwaland-Wes is dat energie en tyd gebruik moet word om die koninkryk te bou, en nie teen mekaar te veg nie.
8. Ons versoek die broeders van die Gereformeerde Kerk Orania om ons goeie trou te aanvaar en ons nie te veroordeel omdat ons die 1983-vertaling van die Bybel as God se Woord aanvaar nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

### **12.2.9 APPÈL – F KRUGER TEEN PARTIKULIERE SINODE PRETORIA TEEN 'N BESLUIT OOR AMPTELIKE GEBEDSGROEPE IN DIE SILVERTONGEMEENTE (Artt.8, 17, 33)**

Die Sinode gaan in camera vir die behandeling van die Appèl. Alle predikante, ouderlinge, professore en emeriti wat nie afgevaardig is nie mag in die vergadering bly.

- A. Br. HG Kruger stel die die Appèl namens br. F Kruger.
- B. Ds. PW Kurpershoek lewer toeligting namens Partikuliere Sinode Pretoria.
- C. **Besluit:** Die Appèl word verwys na Appèlkommissie 2.
- D. Ds. JL van der Schyff rapporteer namens Appèlkommissie 2.
- E. Die Toeligter en Appellant lewer repliek.

#### **F. APPÈL**

##### **Agtergrond**

1. Die doel van hierdie Appèl is om uitspraak te verkry oor die praktyk van gebedsgroepe in die Silverton gemeente wat steeds die essensie van die probleem uitmaak. My Appèl na Klassis Oostelike Pretoria (Mei 2002) en Part. Sinode Pretoria (Nov 02) het nie geslaag nie.
2. In hierdie Appèl gaan dit oor 2 beginsels: (a) Kan kerkrade buite KO, art.66 om amptelike gebedsbyeenkomste instel en (b) kan 'n besluit (Sinode 1910 – i.s. Gebedsbyeenkomste en KO, art.66) van sy begroning (**Zie Bylage N**) geskei word. D.w.s. kan ons van nou af huise sonder fundamente bou.
3. Dit is belangrik om daarop te let dat part. Sinode Pretoria nie my Appèl (veral die eerste grond) verkeerd bewys het nie, maar bevind het dat ek die gronde nie duidelik genoeg kon aantoon nie. Hierdie Appèl poog om die gronde duideliker te stel.
4. Ek wil u daarop wys dat beide die Appèlkommissies Klassis en Part. Sinode in gesprekke toegegee het dat Sinode 1910 nie ruimte laat vir gebedsgroepe nie.
5. Iemand wat appelleer is geregtig om die Appèl in sy eie woorde te stel, en dienaars van Christus in Appèlkommissies is veronderstel om volgens die gees

van die Kerkorde die Appellant te help om formele gebreke reg te stel (natuurlik sover dit moontlik is), en nie om formele gebreke aan te gryp as skietgoed om die Appèl te kelder nie. Vgl Handleiding by die Kerkorde, LS Kruger en ander, 1966:199.

6. Stukke aangeheg: (a) Kommissierapport Silverton, (b) My Appèl op die Klassis, (c) Die Klassisbesluit en Kommissierapport, (d) My Appèl op Part. Sinode, (e) Part. Sinodebesluit en Kommissierapport en (f) Kennis van Appèl op Sinode 03.

**Besluit van Part. Sinode waarteen appelleer:** “3. Die Appèl slaag in sy geheel nie”

### **Gronde waarop die Appèl berus**

#### *Eerste grond*

‘n Kerklike besluit kan nie van sy begroning geskei word nie. Dit volg o.a. uit KO, art.34 Sinode 1910 se besluit oor gebedsgroepe gaan ook van die beginsel uit. Kerkraad Silverton en Klassis Oostelike Pretoria krenk reg onder KO, artt.30,31 en 46 deur nie die beginsel te erken nie, en daarom het hulle my beswaar teen gebedsgroepe, wat gegrond is op die begroning van Sinode 1910 (**Zie Bylage N**), afgewys.

#### *Beredenering: Eerste grond*

1. Die beginsel in KO, art.34 word deur J Visser, Die Kerkorde in praktyk, 1999:128 onder Art.30 KO bespreek. Net so logies dat ‘n huis nie sonder ‘n fondament gebou kan word nie, so logies is dit dat ‘n besluit se begroning EEN is met die besluit. Ons fondament waarop Sinode 1910 sy besluit gebaseer het om nie gebedsgroepe goed te keur nie, is die Skrif (vgl art.152, **Zie Bylage N** – Sinode 1910).
2. Sinode 1910 handhaaf ook die beginsel in KO, art.34 KO dat die begroning van ‘n besluit as eenheid met die besluit genotuleer word, en besluit daarom: “c. Het meerderheidsrapport worde aangenomen, en de toelichging op ‘t advies in de bijlage opgenomen” “Voorstel c aangenomen. **Zie Bijlage N.**” (art.152, Sinode 1910:59).
3. Kerkraad Silverton erken nie bg beginsel nie: “6.3 Die verwysing na die besluit van die Sinode, (sien punt 3 hierbo) handel oor biddae, bidure, ens. Dit is nie van toepassing op gebedsgroepe soos in hierdie Rapport aangespreek, nie.....”
4. Bg uitspraak van die Kerkraad is nie korrek indien hulle Bylae N as fondament van Sinode 1910 se besluit gesien het nie want Bylae N stel (vry vertaal uit Nederlands): ” Voor Pinkster beslaan die gebed die eerste plek; na Pinkster staan die leer voorop, en die gebed vorm die vernaamste deel van ons dankbaarheid aan die einde. Dit is die wesenlike verskil tussen die gereformeerde en metodistiese beskouing. In die biduur spreek die mens tot God, terwyl in die prediking spreek God tot die mens. Geen wonder dus dat die Gereformeerde Kerke in alles van God uitgaan, en so **bo alles** waarde heg aan die prediking of m.a.w. die leer van die apostels. En al beskou die Gereformeerdes die gebed as die belangrikste deel van ons dankbaarheid wat ‘n belangrike plek inneem, het ons nog nooit die gebed of die biduur as ons uitgangspunt aangeneem nie, **eenvoudig omdat ons nie van mense uitgaan nie, maar van God.** Daarom kan die biduur nooit die hart van die Gereformeerde Kerk wees nie; die uitverkieping, die leer van Gods werk in ons, is ons *cor ecclesiae* (hart van die kerk). Hierin lê die verskil tussen die Gereformeerde Kerke enersyds en die Evangeliese kerke andersyds (die CSV p24).”

5. Volgens ons gemeenakkoord soos verwoord tydens Sinode 1910 hierbo is gebedsbyeenkomste waar die gebed eerste staan (en nie die leer nie) afgekeur. Kerkraad Silverton se gebedsbyeenkoms behels volgens hulle eie getuienis: “3.4 Lidmaat 1 begin by paragraaf 2.1 en voltooi sy gedeelte. Na ‘n kort stil tussenpose, weet lidmaat 2 dat hy nou kan voortgaan. So word die sirkel voltooi en die laaste lidmaat weet dat hy/sy ook die gebed moet afsluit” Alhoewel daar met Skriflesing geopen word, is dit nie die hoofdoel van die byeenkoms nie. Gebed is die hoofdoel, daarom word dit ook gebedsbyeenkoms/voorbiddingsgroep/gebedsgroepe genoem. Sulke byeenkomste waar die gebed sentraal staan word duidelik deur Sinode 1910 afgewys (**Zie Bylage N**) en daarom krenk die Kerkraad reg onder KO, artt.31 en 46.
6. Klassis Oostelike Pretoria gaan van die standpunt uit dat ‘n besluit losgemaak kan word van sy begronding: “2.5.2.1 Uitsprake in **Biljage N** oor die aanvaarbaarheid van sekere tipe gebedsbyeenkomste al dan nie, is nie bindend en kan nie as bewysgronde aangevoer word nie.” Aangesien my Appèl op die Klassis geskoei was op ons besluit van Sinode 1910 tesame met die begronding (**Zie Bylage N**), kon my Appèl op die Klassis dus nie slaag nie.
7. Beide die Kerkraad en Klassis krenk dus reg onder KO, art.31 omdat hulle nie Sinode 1910 se besluit **met sy begronding** as vas en bindend beskou nie.

#### *Tweede grond*

Die Kerkraad Silverton krenk reg deur ‘n amptelike gemeentegerbedsamekoms wat in stryd is met KO, art.66 asook ons gemeenakkoord t.o.v. KO, art.66 (**Zie Bylage N** - Sinode 1910 oor gebedsbyeenkomste) independisties in te voer. Volgens KO, art.1 behoort daar in die ware Kerk eenheid t.o.v. van o.a. samekoms te wees. Daarom behandel die Kerkorde ons gebedsamekoms in KO, art.66. Kerkrade wat amptelike gebedsbyeenkomste invoer wat met ons gemeenakkoord bots, sonder om die kerklike weg te volg, tree independisties op omdat ons eenheid in KO, artt.1, 66 en 86 versteur word.

#### *Beredenering: Tweede grond*

1. Die Kerkraad voer ‘n amptelike gebedsbyeenkoms in, en die gemeente word aangemoedig om dit by te woon: “6.1 Die gemeente word aangemoedig om te volhard in die gebed hetsy binne die erediens asook buite die erediens, in gesinsverband, wyksverband, **groepsverband** en ook as individue.” Die aanbeveling volg uit ‘n Kommissierapport nadat ek beswaar gemaak het teen die bestaande gebedbyeenkomste en waarvoor die Kerkraad as volg besluit het: “5.1 In die lig van die Kommissie se beredeneringe (sien punt 4 hierbo) sowel as die funksionering van die huidige voorbiddingsgroep (bladsy 4), kon die Kommissie geen onskriftuurlikheid met die werkswyse van die bestaande voorbiddingsgroep vind nie.”
2. Dit is belangrik om daarop te let dat verskeie pogings (sien Sinode 1904, 1907 en 1910), korrek volgens die kerklike weg, aangewend was om gebedsbyeenkomste buite KO, art.66 in te voer asook om besluite oor bidure/gebedsbyeenkomste ‘n saak te maak waarvoor kerkrade self kan besluit. Die saak word vanaf 1904 bestudeer en is na volgende Sinodes verwys totdat Sinode 1910 finaal besluit (per implikasie) dat gebedsbyeenkomste nie independisties deur kerkrade ingevoer mag word nie. Waar dit by gebed kom staan ons by HK, vr 116 en KO, art.66.



## **G. RAPPORT VAN DIE APPÈLKOMMISSIE**

### **1. Opdrag**

Appèl F Kruger teen Partikuliere Sinode Pretoria teen 'n besluit oor amptelike gebedsgroepe in die Silvertongemeente

**Besluit:** Kennis geneem.

### **2. Sinode neem kennis**

#### *2.1 Stukke ter insae*

2.1.1 Appèl – F Kruger teen Partikuliere Sinode Pretoria teen 'n besluit oor amptelike gebedsgroepe in die Silvertongemeente.

2.1.2 Bylae (a): Rapport van Kommissie insake Gebedsgroepe (21 Februarie 2002).

2.1.3 Bylae (a): Rapport van Kommissie insake Gebede in die breë sin van die Woord – Skriftuurlike begroning.

2.1.4 Bylae (a): Kommissie ten opsigte van Gebedsgroepe – Sinodebesluite.

2.1.5 Bylae (a): Voorbiddingsgroep soos hy tans funksioneer.

2.1.6 Bylae (a): Skrywe (gedateer 16 November 2001) van F Kruger met opskrif "Gebedsgroepe".

2.1.7 Bylae (b): Rapport Appèlkommissie, Klassis Oostelike Pretoria 20 Mei 2002.

2.1.8 Bylae (c): Appèl teen Klassis Oostelike Pretoria se besluit oor Gebedsgroepe in die Silvertongemeente.

2.1.9 Bylae (d): Rapport Appèlkommissie, Part. Sinode Pretoria insake Gebedsgroepe, 19/20 November 2002.

2.1.10 Bylae (d): Uittreksel van Part. Sinode Pretoria, 19/20 November 2002, se besluit oor die Appèl.

2.1.11 E-pos gedateer 13-12-2002.

2.1.12 Sinodebesluit 1910 oor bidure en meegaande toeligting (Bylae N).

**Besluit:** Kennis geneem.

#### *2.2 Toeligting*

2.2.1 Br. HG Kruger het namens die Appellant, br. F Kruger, die Appèl by die Kommissie toegelig.

2.2.2 Ds. PW Kurpershoek het namens die Partikuliere Sinode Pretoria toeligting aan die Kommissie gegee.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### *2.3 Agtergrond*

2.3.1 'n Gebedsgroep bestaan sedert 1996 in die Gereformeerde Kerk Silverton. Dit is spontaan deur lidmate wat 'n behoefte het om saam te bid, tot stand gebring. Hoewel die Kerkraad bewus was van die bestaan van die gebedsgroep, is dit nie deur die Kerkraad in die lewe geroep nie.

2.3.2 Die Bedieningskommissie het in 'n verslag by die Kerkraadsvergadering van 3 Mei 2001 die gebedsgroep as deel van die gebedsbediening vermeld. Die Appellant het toe vrae gestel oor die gebedsgroep. Die Kerkraad het 'n Studiekommissie saamgestel wat die saak vanuit Skrif, Belydenis, Kerkorde en Sinodebesluite moes gaan ondersoek. Die Appellant was 'n lid van die Studiekommissie.

2.3.3 In 'n skrywe aan die Kerkraad word 1904-1910 se Sinodebesluite onder die aandag van die Kerkraad gebring en word versoek dat die gebedsgroep afgeskaf word. Die Kerkraad neem kennis daarvan en herbevestig die opdrag van die Studiekommissie, met die uitbreiding dat die kommissie ook genoemde Sinodebesluite van 1904-1910 moet hanteer.

- 2.3.4 Voordat die Studiekommissie sy studiewerk afgehandel het, handig die Appellant 'n skrywe gedateer 16 November 2001 by die Kerkraad in. In dié skrywe deel hy die Kerkraad mee dat hy volstaan met sy aanbeveling soos vervat in sy vorige skrywe, naamlik dat die gebedsgroep afgeskaf moet word, aangesien dit volgens sy mening teen die Sinodebesluit van 1910 ingaan. Die Appellant vra in die skrywe ook dat hy losgemaak word van die werksaamhede van die Studiekommissie.
- 2.3.5 Die Studiekommissie se verslag dien by die Kerkraad se vergadering van 21 Februarie 2002. Die verslag van die Studiekommissie word in sy geheel deur die Kerkraad aanvaar.
- 2.3.6 Op dieselfde Kerkraadsvergadering waar die Studiekommissie se verslag aanvaar word, gee die Appellant aan die Kerkraad kennis dat hy by die klassis teen die besluit van die Kerkraad gaan appelleer.
- 2.3.7 Die Appellant appelleer na die Klassis Oostelike Pretoria van 22 April 2002. Die Appèl slaag nie.
- 2.3.8 Hierna appelleer die Appellant na die Partikuliere Sinode Pretoria van 19/20 November 2002. Die Appèl slaag nie.
- 2.3.9 Hierna appelleer die Appellant na die Nasionale Sinode 2003.

**Besluit:** Kennis geneem.

#### 2.4 *Wese van die Appèl*

- 2.4.1 Die Appellant is van oordeel dat die besluit van Sinode 1910 oor biddae, bidstondes en bidure nie ruimte laat vir gebedsgroepe nie en dus die praktyk van gebedsgroepe (soos dit in die Gereformeerde Kerk Silverton voorkom) nie goedkeur nie.
- 2.4.2 U Appèlkommissie is egter van oordeel dat die Sinode 1910 duidelik onderskei het tussen biddae, bidstondes (Bylae N, pte. 1-8) en Metodistiese bidure (Bylae N, 9-13). Regskrenking sal bewys kan word, indien die Appellant aantoon dat die praktyk van gebedsgroepe in die Gereformeerde Kerk Silverton bidure van Engels-Metodistiese oorsprong is (die tipe bidure waarteen die Sinode van 1910 in Bylae N gewaarsku het).
- 2.4.3 U Appèlkommissie bevind dat DKO, artikel 64 op daardie stadium nog deel gevorm het van ons Kerkorde. Dit lui soos volg (vry vertaal): "Insoverre die aangedebede in baie plekke vrugbaar bevind word, so sal in dié gebruik elke plaaslike kerk optree sodanig as wat sy ag tot haar meeste stigting te wees. Maar as mense sou begeer om hulle weg te neem, sal dit nie sonder die oordeel van die Klassis, asook die Owerheid van die Gereformeerde Godsdiens gedoen word nie." Ons neem aan dat Sinode 1910 nie 'n besluit in stryd met DKO Artikel 64 sal neem deur alle gebedsbyeenkomste te verbied nie.
- 2.4.4 U Appèlkommissie bevind dat Sinode 1910 hoofsaaklik 'n verduideliking gee oor die verstaan van DKO Artikel 66. Gevolglik kan regskrenking bewys word indien die Appellant aantoon dat die praktyk van gebedsgroepe in die Gereformeerde Kerk Silverton in stryd is met Artikel 66 KO.

**Besluit:** Kennis geneem.

### 3. Sinode beoordeel

#### 3.1 Appèlgrond 1

"'n Kerklike besluit kan nie van sy begroning geskei word nie. Dit volg o.a. uit KO, art.34. Sinode 1910 se besluit oor gebedsgroepe gaan ook van hierdie beginsel uit. Kerkraad Silverton en Klassis Oostelike Pretoria krenk reg onder KO, artt.30, 31 en 46 deur nie die beginsel te erken en daarom het hulle my beswaar teen gebedsgroepe, wat gegrond is op die begroning van Sinode 1910 (Zie Bylage N), afgewys."

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 3.1.1 Beredenering

3.1.1.1 Die eerste grond van die Appèl meld nie dat die Partikuliere Sinode Pretoria met hulle besluit reg sou gekrenk het nie. In plaas van om na die besluit van die Partikuliere Sinode te verwys, word verwys na die besluite van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Silverton en Klassis Oostelike Pretoria wat na bewering reg sou gekrenk het.

3.1.1.2 Regskrenking deur die Partikuliere Sinode Pretoria word dus nie bewys nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 3.1.2 Bevinding

Geen regskrenking word bewys nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 3.1.3 Aanbeveling

Appèlgrond 1 slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### 3.2 Appèlgrond 2

"Die Kerkraad van Silverton krenk reg deur 'n amptelike gemeentegerbedsamekoms wat in stryd is met KO, art.66 asook ons gemeenakkoord t.o.v. KO, art.66 (Zie Bylage N – Sinode 1910 oor gebedsbyeenkomste) independisties in te voer. Volgens KO, art.1 behoort daar in die ware Kerk eenheid t.o.v. onder andere samekomste te wees. Kerkrade wat amptelike gebedsbyeenkomste invoer wat met ons gemeenakkoord bots, sonder om die kerklike weg te volg, tree independisties op omdat ons eenheid in KO, artt.66 en 86 versteur word."

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 3.2.1 Beredenering

Die bewyslas berus by die Appellant om aan te toon dat die gebedsbyeenkomste in die Gereformeerde Kerk Silverton in stryd met die Sinodebesluit 1910 (soos beredeneer in 2.4.2, 2.4.3 en 2.4.4) is.

3.2.1.1 Aangesien die Appellant in gebreke bly om bogenoemde bewyse aan te toon, word nie regskrenking bewys nie.

3.2.1.2 Die tweede appèlgrond toon ook nie aan dat die Partikuliere Sinode Pretoria die Appellant se reg gekrenk het deur sy Appèl nie te laat slaag nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 3.2.2 Bevinding

Geen regskrenking word bewys nie.

**Besluit:** Kennis geneem.

##### 3.2.3 Aanbeveling

Appèlgrond 2 slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

#### **4. Die Sinode besluit**

##### *4.1 Oor afsonderlike Appèlgronde*

4.1.1 Eerste Appèlgrond : Appèlgrond slaag nie.

4.1.2 Tweede Appèlgrond : Appèlgrond slaag nie.

**Besluit:** Goedgekeur.

##### *4.2 Oor die Appèl in sy geheel*

Die Appèl slaag in sy geheel nie.

**Besluit:** Goedgekeur.